

2020 Toyota Hilux 2.4 GD-6 RB SRX P/U D/C

46-jarige man

PREMIE

R788 p.m.

OUTBONUS R2 946



2017 Toyota Fortuner 2.8 GD-6 R/B A/T
44-jarige man

PREMIE

R761 p.m.

OUTBONUS R2 848

2020 VW T-Cross 1.0 Comfortline DSG
42-jarige vrou

PREMIE

R640 p.m.

OUTBONUS R2 394

2018 Mercedes-Benz GLC 250D
56-jarige vrou

PREMIE

R880 p.m.

OUTBONUS R3 294



...en as ons nie jou motorversekeringspremie kan klop nie,
kan jy vra vir R400, en as jy die afgelope drie jaar by dieselfde
versekeraar was en nie geëis het nie vra vir R800 en...

sms "jagter" na 31495 | skakel 08 600 60 000

OUTsurance is 'n gelisensieerde versekeraar en FDV. Premies is afhanklik van die risikoprofiel en word jaarliks hersien gebaseer op die risikoprofiel en ekonomiese faktore. Die OUTbonus word uitbetaal na drie eisvrye jare, is gebaseer op jou premie en is ingesluit in jou standaardvoordele. Die OUTbonus-waarde is die geprojekteerde OUTbonus aangedui in huidige waarde terme. B's en V's geld. Oproepe: standaardtariewe geld. SMS: 50c. OP20/0711/A



Waar jy altyd
iets uitkry.

MEI 2020 NO. 05160
RSA R45.00
(BTW INGESLUIT)
NAMIBIË N\$45.00

BOOGJAG

**JAG MET 'N
HOUTBOOG**



JAGSTORIE

**SPRINGBOK,
JOU LEKKER
DING!**



Die tydskrif vir die jagter en bewaarder/The magazine for the hunter and conservationist

JAGTER

SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN

HUNTER



THE .410

**BLESSING
OR CURSE?**

**DIE HARTBEES,
ONS VLUIGVOETIGE
VLAKTEBOK**

PRODUKTOETS

**STEINER
RANGER-
TELESKOOP**

**DIE IMPAK VAN
COVID-19 OP DIE
JAGINDUSTRIE**

**GUNDOGS
DURING THE
GREAT WAR**



**STEYR -
STYLVOLLE OOSTENRYKER**





Armand Du Preez

COLLECTION

Exclusive

– Est. 1999 –



BUY DIRECT FROM THE FACTORY
WHOLESALE DIRECT TO THE PUBLIC

Armand 3-seater

A-Grade Full-grain Genuine Ostrich Leather • Cloud Nine Memory Foam

Lifetime Warranty on Complete Couch

Retail: R175 000 • **Direct to Public: Now R125 000**



RSA TEL: +27 41 922 0477

179 Caledon Street, Uitenhage, SA | Open Weekdays 08h00 to 17h00, Saturday 08h00 to 13h00

WHOLESALE DIRECT TO THE PUBLIC – WORLDWIDE DELIVERY

www.furnworldinternational.com

INHOUD

UITGAWE: MEI 2020

RUBRIEKE

- 4** PADLANGS
- 6** BOSPOS
- 8** SNELVUUR
- 9** KOMPETISIE
- 10** DOOIERUS – VAT STAMP VYF
- 50** BOKSPOG
- 52** VIR DIE JONGSPAN

SAHGCA

- 48** SA HUNTERS: MEMBERSHIP BENEFITS

ARTIKELS

- 12** SPRINGBOK, JOU LEKKER DING!
FRANCOIS VAN EMMENIS
- 16** STEYR SE CL II EN CL II SX-GEWERE
JOHAN VAN WYK
- 20** GEM
KOBUS DE KOCK
- 24** HOE OM JOU DUBBELGEWEER
TE REGULEER
JOHAN VAN WYK



- 30** JAG MET 'N HOUTBOOG
REAN STEENKAMP
- 34** DIE HARTBEES, ONS VLUG-
VOETIGE VLAKTEBOK
KOOS BARNARD



- 40** DIE SJEF EN DIE SWART-
WITPENS
CASSIE PELSER
- 44** THE 410: BLESSING OR
CURSE?
BRIAN REILLY
- 54** HOE KIES EN LAAI JY
"NUWE" DRYFMIDDELS?
CASSIE NIENABER
- 56** BLOED IN DIE STRATE...
JOHAN VAN WYK

PRODUKVERSLEAE

- 42** STEINER SE 4-16X56
RANGER-TELESKOOP
- 60** JOHN DEERE SE NUTTIGE
GATOR
JACQUES BOSHOF



JAGTER HUNTER

TEL: 012-485-9382
WEBTUISTE: www.sajagterhunter.com

Privaatsak X202, Pretoria, 0001
Xcelpark, h/v Lynnwood- en Roderickstraat,
LYNNWOOD, 0081

REDAKSIE

REDAKTEUR: Koos Barnard
Koos.Barnard@media24.com
Tel: 012-485-9401
ADJUNK-REDAKTEUR: Johan van Wyk
Johan.vanWyk@media24.com
Tel: 012-485-9403
SUBREDAKTEUR (VRYSKUT):
Eunia Barnard (Artikelnavae & taalversorging)
Eunia.Barnard@media24.com
SUBREDAKTEUR:
Marisa Beeton (Taalversorging en webblad)
Marisa.Beeton@media24.com Tel: 012-485-9350
UITLEGKUNSTENAARS:
Marthie van Dyk (Uitleg en produksie)
Marthie.vanDyk@media24.com
Tel: 012-485-9404 Faks: 086-559-8004
Malinda Craythorne (Advertensie-ontwerp)
Malinda.Craythorne@media24.com
Tel: 012-485-9405 Faks: 086-535-4073
KANTOORBESTUURDER:
Maphuti Mongatane (Navrae/Administrasie)
Maphuti.Mongatane@media24.com
Tel: 012-485-9382 Faks: 086-535-4058
MEDEWERKERS:
Herman Jonker
Kassie Kasselmann

ADVERTENSIES

BESIGHEIDSBESTUURDER: Dirk Lamprecht
012-485-9356 / Dirk.Lamprecht@media24.com
ADVERTENSIEKONSULTANT:
Jacques Boshoff 012-485-9357/079-528-8793

NAVRAE EN INLIGTING

INTEKENARE:
Tel: 087-353-1300/Faks: 086-296-6681
SMS: 32361
E-pos: subs@media24.com
SAJWV-LEDE:
Michel Schoeman
Tel: 012-808-9300/E-pos: michel@sahunt.co.za
RAKVERKOPE:
Armand Kasselmann
Tel: 021-503-7164/E-pos: armand@onthedot.co.za

MEDIA24

MEDIA24 WEEKLIKSE TYDSKRIFTE

HOOFBESTUURDER: Minette Ferreira
UITGEWER: Theuns Venter
ADMINISTRASIE: Johan Terblanche
SIRKULASIEHOOF: Johan Sadie
KATEGORIEBESTUURDER SIRKULASIE:
Armand Kasselmann
INTEKENARE: Elmarie Eygelaar
HOOF MEDIA24-TYDSKRIFTE: Ishmet Davidson
HOOF FINANSIES-TYDSKRIFTE: Jameelah Conway

DRUKKER:
Novus Print, 10 Freedom Way,
Marconi Beam, Milnerton, 7441.

UITGEGEE & VERSPREI:
Media24 (Reg. no. 05/038385/06),
Heerengracht 40, Posbus 2271,
Kapaad, 8000



© Kopiereg SA JAGTER/HUNTER. Alle regte voorbehou. Menings van medewerkers, rubiekskrywers en korrespondente word nie noodwendig deur SA JAGTER/HUNTER onderskryf nie. Die redakteur behou die reg om artikels en briewe te verander en/of te verkort. Die uitgewer aanvaar geen aanspreeklikheid vir die inhoud van advertensies nie.

SA JAGTER/HUNTER ruil nie advertensiespase of gunstige redaksionele verslae oor produkte en/of jagbestemmings vir gratis jagte of produkte nie.



DEUR JOHAN VAN WYK

VIRUSSE EN ONDEURDAGTE SÊ GOED

Vir diegene wat dalk mag wonder hoekom ek aan die woord is en nie Koos Barnard nie, wees gerus. Koos het 'n welverdiende langverlof geneem, maar sal weer die leisels opneem vanaf April-maand wanneer ons begin werk aan die Junie-uitgawe. Hy het my dus aan stuur van sake geplaas en ek is gevra om die April- en Mei-uitgawes van SA JAGTER/HUNTER in geheel te hanteer.

Soos ek hier voor my rekenaars sit, is die ganse wêreld behoorlik op hol oor die Corona-griepvirus. Vlugte word herwaarts en derwaarts gekanselleer, vakansies word uitgestel, wêreldwyd word groot gedeeltes van bevolkings onder kwarantyn geplaas en die Aussies (en Suid-Afrikaners) vergryp hulle behoorlik aan toiletpapier. Raar maar waar, en alles te wyte aan 'n erge griepvirus!

In Suid-Afrika is die situasie besig om ernstig te raak, maar ek beplan nog nie om my jagplanne enigins te verander as gevolg van die virus nie. Intendeel, ek dink die heel beste medisyne vir die meeste ongewenste toestande – siektegewys of anders – is om kwaliteit in

die jagveld deur te bring. Dit is gewoonlik uitstekende “antibiotika” vir enige siektetoestand en 'n mens bou ook nie 'n weerstand daarteen op nie.

'n Ander nuusitem wat onlangs aandag getrek het, is ons minister van polisie, Bheki Cele, se stelling in die Parlement dat die land 'n beter plek sal wees indien privaat individue nie bewapen is nie. Nadat ek na die agbare minister se uitlatings geluister het, het ek so in my eenvoud gewonder of hy die rippel-effek van sy woorde en die impak van so 'n ontwapeningsproses mooi besef.

Volgens onlangse statistieke het meer as 8 000 buitelandse jagters Suid-Afrika net gedurende 2018 besoek. Hierdie jag-

ters het meer as 50 000 stuks wild gejag en as sodanig het die jagindustrie meer as \$128 miljoen vir die Suid-Afrikaanse ekonomie verdien. En dis slegs die inkomste wat uit buitelandse jagters gemaak is!

Sou wapens dus uit privaat-hande geneem word – en ek neem aan dat die minister nie net na handwapens vir selfverdediging verwys het nie – sal ons jagindustrie sonder twyfel baie swaar trek. Professionele jagters, wildboere, lojale en hardwerkende plaaswerkers, die vuurwapenindustrie, en alle ander betrokkenes sal bykans onmiddellik die koue winde van finansiële teenstand begin voel. Hiermee saam sal dit ook waarskynlik nie meer moontlik wees vir

buitelandse jagters om hul eie vuurwapens na Suid-Afrika te bring nie. Ek meen, as vuurwapens dan onwettig is, moet dit seker vir almal onwettig wees, en dus sal ons die buitelandse jagters wat ons land elke jaar besoek, ook verloor.

Dalk moet minister Cele net 'n slag goeie advies gaan inwin voordat hy iets in die Parlement kwytraak. Die gevolge van sulke ondeurdagte uitlatings kan soms verreikend wees.

Soos altyd, wees veilig.

Dinner is out there

you just have to find him.



RAZOR GEN II
5-20 x 50



VIPER
6.5-20 x 50



DIAMONDBACK HP
4-16 x 42



CROSSFIRE II
6-24 x 50 AO

For your closest dealer, please call 0861-005903. Proudly distributed in Southern Africa by Whylo Distributors

BOSPOS

Sê jou sê

E-pos na marisa.beeton@media24.com

WENBRIEF

DIE SOUS WERD

Ons jag nie net om vleis in die pot te kry nie, want dan is die spesiale vleisaanbieding by die kettingwinkel mos die antwoord.

Nee, as ons jag, het ons die geleentheid om in die natuur te kan ontspan en 'n wonderlike sport te beoefen. Die doodmaak en uitoorlê van 'n dier is nie meer jou hoofdoel nie, maar die wonderlike onverdiende voorreg om deel te word van die Skepper se werke.

So vorm die voorafbeplanning, voorbereiding en aankope 'n groot deel van 'n suksesvolle jaguitstappie. Die wapenvoorbereiding en finale geweerinstelling is verseker deel daarvan om die selfvertroue en gerustheid te kry as die wapen in die skouer gesit word.

Dieselfde geld ook vir my as 'n diepseehengelaar – die vooraf voorbereiding is deel van die trip, die groot pakket.

Die braaivleisvuur in die bos,

die kampplek by die see en my vroegoggend blikbekerboertroos is darem net anders as by die huis. En al is my wildsvleis en vars vis heelwat duurder per kilogram, bly die kool die sous werd. Lekker jag (en visvang)!

BURGER SCHOLTZ

Burger wen die R1 000-geskenk bewys van Safari Outdoor.

OPVOLG: LANG SKOTE

Ek is bly oor die reaksie wat my brief (*Lang skote*, Januarie-uitgawe) uitgelok het, ten minste is daar nog passie onder ons jagters. Net 'n regstelling: My brief se strekking het die **etiese** aspek van jag aangeraak, en nie jag/skietafstand nie.

Dié briefwisseling laat my dink aan die boek, *Luminal thinking*, waarin beskryf word hoe ons almal 'n klein deeltjie van die waarheid sien en dan 'n realiteitborrel daarom bou, en dit beskerm. Die kuns is om 'n ander se borrel ook te verstaan en nie te oordeel nie.

My vorige brief eindig ek as volg: “Elke jagter moet die jagomstandighede in ag neem, die afstande en sy eie vermoë deeglik toets en eerlik met homself wees. Dan sal hy **eties** optree. Ek sal graag by ander wil hoor hoe hulle hulself **eties** toets.”

Ek het die voorreg om op verskillende plekke te jag en so doende verskillende jagmetodes toe te pas om by die omstandighede en die terrein aan te pas. Met die boog kan ek tot so naby as 30 treë skiet en het heelwat bokke met die boog van perd se rug geskiet. Dis weer 'n ander jagervaring, veral as die perd saam begin jag en sonder

teuels die bokke begin soek! Bakkie-skië en voorsitjag in die Karoo bied ook 'n besondere belewenis.

Maar die ervaring wat in my geheue ingeëts is, is juis 'n langafstandskoot op Prieska. Ek het op 'n kop gelê waar my pa altyd gesit het om “kop skoon te maak”. (Hulle grafte is nou hier op die kop – dis 'n spesiale plek vir my.) Dié besondere dag was ek vroeg op die kop (om daar stil te word terwyl ek jag) toe die wêreld skielik voor my begin lewe... Koedoes, springbokke en gemsbokke het kom wei en my kans gegee om rustig een te kies. Twee ure het verloop voor ek skiet – ek was goed voorbereid, het my toerusting geken en het geoefen daarvoor.

Kan dit so verkeerd wees? Maak dit van my 'n nie-jagter wat nie kan bekruip, nie God se skepping kan ervaar of omgee nie? Kan enige van ons ons eie borrel so beskerm dat ons nie die ander s'n sien nie? So is elkeen van ons se ervarings uniek en ons deel dit waarvoor ons lief is. My pa het altyd gesê: “Leef en laat leef.”

KIEWIET

KLASSIEKE WAPENS

Hier neem ek nou vir die eerste keer die spreekwoordelike pen op en wel om my waardering uit te spreek vir 'n aantal besondere artikels wat in die afgelope paar uitgawes van SA JAGTER/HUNTER verskyn het.

Ek verwys spesifiek, maar nie slegs nie, na artikels soos: *Double Rifles: The Basics*; *Double Barrel Shotgun: A Process of Evolution*; *Vintage Mauser Sporting Rifles* en *PK's Double*.

Hierdie artikels is goed nagevors terwyl dit beide informatief en interessant is. Daar is na my mening 'n groot aantal jagters en vuurwapeneienaars in Suid-Afrika wie se belangstelling meer lê by die klassieke as die mees moderne en effektiewe toerusting wat beskikbaar mag

wees. Daar is plek vir almal in die hele spektrum van vuurwapentipes om hul passie uit te leef en die een is as sulks nie beter as die ander nie, net verskillend. Die tipe artikel waarna ek verwys, spreek tot 'n meer emosionele belangstelling – 'n kategorie van jagter en versamelaar vir wie daar in die algemeen min geskryf te word.

Met die vertroue dat hierdie 'n bewuste redaksionele besluit oor inhoud was, sien ek (en ek glo baie ander lesers) met groot afwagting uit na meer gereelde artikels oor jagtoerusting wat die hart aanspreek.

As ek so voorbarig mag wees, sou verdere idees rondom hierdie tema wees om te skryf oor die herlaai (van ammunisie vir klassieke wapens) en in besonder, die jag met sulke wapens. Daar is baie entoesiaste wat graag met hul 80 tot 120 (of meer) jare ou gewere jag. Vir diesulkes lê die uitdaging dikwels daarin om te voet te jag, om so naby as moontlik aan die wild te kom en met oopvisiere te jag – vanselfsprekend binne die beperkings wat dit impliseer.

Ek glo daar is ook baie jagters met wonderlike Mausers, Mannlicher-Schönauers en ander ouer gewere wat groot plesier in die jagveld of selfs net op die skietbaan kan verskaf. Skrywe oor hoe suksesvol daar nog met die gewere gejag kan word, mag dien as inspirasie vir die eienaars om as't ware hul ou gewere van nuuts af te waardeer en te gebruik. Dit is jammer as dié wonderlike gewere tot die agterste hoek van die kluis beperk word, of erger nog, so verander word dat die waarde en karakter daarvan in die slag bly.

Wees verseker: Daar is 'n groot aantal lesers van SA JAGTER/HUNTER wat groot waardering het vir die geleentheid om te lees en meer te leer oor vuurwapens uit 'n era waarvan ons net kan droom en in baie gevalle net kan aspireer om te besit.

PIERRE PRETORIUS

WENBRIEF
WINNING LETTER

R1 000
GESKENKBEWYS / GIFT VOUCHER




SAFARI
OUTDOOR

WWW.SAFARIOUTDOOR.CO.ZA

RELENTLESS RELIABILITY

VX-FREEDOM RELENTLESS DURABILITY



Reticles available: Duplex, TMOA, Rimfire and illuminated cross-hair options.



LEUPOLD

**BEST VALUE FOR
MONEY IN ITS
CLASS**

Available at all Premium Dealers countrywide.
www.formalito.co.za | tel: +27 (12) 664 - 7793/4

FORMALITO
SPORTS • ARMS • OUTDOOR

SNELVUUR

GHONGSKIET UITGESTEL

Dit is met groot jammerte dat ons lesers en sportskuts moet meedeel dat die ghongskiet wat SA JAGTER/HUNTER-tydskrif op 9 Mei 2020 sou aanbied, uitgestel moes word weens die Coronavirus.

Die onsekerheid oor hoe lank die noodsituasie gaan duur, maak dit vir ons baie moeilik om met die reëlins voort te gaan. Na oorlegpleging met Media24 en Safari Outdoor, ons hoofborg, is die besluit geneem om die ghongskietkompetisie uit te stel tot later in die jaar. Meer inligting oor 'n nuwe datum sal later bekendgemaak word.

Mense wat reeds ingeskryf en betaal het, se geld sal aan hulle terugbetaal word. Jan du Toit op wie se eiendom die ghongskiet sou plaasvind, sal wel in sy private hoedanigheid voortgaan om 'n ghongskiet te reël vir 9 Mei. Dit is slegs 'n pretskiet sonder enige pryse waarby SA JAGTER/HUNTER-tydskrif nie betrokke sal wees nie.

Diegene wat belangstel om Jan du Toit se pretskiet by te woon op 9 Mei, kan hom gerus kontak by 083-669-7283.

HUNTEX 2020 POSTPONED

In March HuntEx announced their decision to postpone this year's show due to the worldwide Coronavirus pandemic. The expo would have taken place at the Gallagher Convention Centre in Midrand, Gauteng, from 24 to 27 April.


A statement on the HuntEx website (huntex.net) reads as follows: *"The postponement of HuntEx2020 following the South African Cabinet's decision on 15 March 2020 (to prohibit gatherings of more than 100 people) is confirmed. The Board of Directors of HuntEx understands and respects the decision. The Board will do a full risk assessment of the influence of the virus on South Africa, and following this, we will work with our key partners to find an appropriate date in 2020. More information to follow soon."*

WENNERS VAN NUUSBRIEF-INTEKENARE

In die Maart-uitgawe van SA JAGTER/HUNTER het ons lesers aangemoedig om te registreer as intekenaar op ons maandelikse nuusbrieff en sodoende 'n kans staan om 'n eksemplaar van Tuba van der Walt se *Pensmis*-bundel gratis te ontvang. Die vyf gelukkige persone wat gedurende Februarie ingeteken het, is as volg:

- * Izak de Villiers (Pretoria)
- * Danie de Jager (Sasolburg)
- * Zet Robberts (Heidelberg)
- * Koenie van der Walt (Stellenbosch)
- * Ockert Esterhuyse (Jeffreysbaai)

Baie geluk! Julle *Pensmis*-bundels is op pad.



ONS HERINNER LESERS NET WEER:

Op die eerste Donderdag van elke maand verskyn 'n lekkerlees-nuusbrieff propvol inligting oor verwikkelinge in die skiet- en jagbedryf. In hierdie nuusbrieff word ook vertel van aktiwiteite soos kompetisies wat ons as SA JAGTER/HUNTER-span beplan. Hierdie inligting plaas elke leser op hoogte van bedrywighede op die kalender.

Bly dus ingelig deur na die skakel bit.ly/jagnuus te gaan en die vorm in te vul. Jy kan ook op ons webtuiste www.sajagterhunter.com inteken op die nuusbrieff. Sodra jy ingeteken is, sal jy elke maand die nuusbrieff per e-pos ontvang.



BOTSWANA HOU VEILING VIR OLIFANTJAGKONSESSIES

'n Jaar nadat die jagverbod in Botswana deur dié land se president, Mokgweetsa Masisi, opgehef is, het die Botswana-regering 'n kontroversiële veiling gehou waartydens verskeie konsessies vir die jag van olifante opgeveil is.

Die sewe konsessies (vir die jag van tien olifante elk) is op 7 Februarie in Gaborone opgeveil en alhoewel een van die konsessies nie verkoop is nie, het die oorblywende ses konsessies verkoop vir tussen US \$330 000 en \$430 000 elk.

Die veiling is deur verskeie diereregtergroepe sowel as Botswana se vorige president, Ian Khama, gekritiseer, maar verskeie ander organisasies, sowel as plaaslike gemeenskappe in Botswana wat gereeld konflik met olifante ondervind, het dit ywerig ondersteun.

Botswana huisves die grootste enkele olifantpopulasie in Afrika van ongeveer 135 000 diere, waarvan die meeste in Chobe Nasionale Park in die noordooste van die land gehuisves word.



BRITISH UP IN ARMS ABOUT LEAD

In a surprise move, the British Association for Shooting and Conservation (BASC) issued a statement on 24 February calling for the cessation within five years of the use of lead and single-use plastics (such as shotgun wads) used by those taking live quarry in the United Kingdom.

In a strongly worded statement issued just a few days later, the major UK-based shotgun ammunition manufacturers, including Eley, Lyalvale Express, Hull Cartridge and Gamebore, issued a statement of their own condemning this.

They stressed not only the fact that there had been no consultation with them by BASC prior to the issuing of the statement, but that it was simply impossible to comply with it as well. **The reasons they put forward were as follows:**

1. Europe is currently experiencing a steel shortage and in addition to this, many shotguns cannot use steel shot;
2. Efforts have been made to develop bio-degradable wads, and these are already in use in the United Kingdom;
3. Viable alternatives to lead such as Tungsten and Bismuth are in short supply and prohibitively expensive at this stage. If ammunition manufacturers should be forced to change to either of these alternatives, cost increases will be inevitable, and the end result will be that many shooters are simply priced out of the market.

The ammunition manufacturers went further in their reply to BASC by stating that it was impossible for them to comply with the abolishment of lead and non-biodegradable plastic wads at this stage. At the time of going to press, BASC has yet to reply to their statement.

LEEUS VERSKUIF IN TANZANIË

Owerhede in Tanzanië gaan 36 leeus vanuit die Serengeti Nasionale Park na ander areas in dié land verskuif. Hierdie leeus was toenemend in konflik met boere op aangrensende plase en het verskeie beeste gedurende die laaste paar maande gevang.

Dié leeus, wat bestaan uit drie

individuele troppe, word na drie verskillende areas in Tanzanië verskuif. Een leeu wat 'n mens aangeval het, is van kant gemaak voordat daar met die verskuiving begin is.

Leeus is al hoe meer onder druk en hulle populasie het die afgelope 20 jaar met tot soveel as 43% afgeneem.

JAGSTATISTIEK UIT DUITSLAND

Statistiek wat onlangs bekendgemaak is, dui daarop dat jag se gewildheid in Duitsland aan die toeneem is. Tussen 2008 en 2018 het die aantal voornemende jagters wat die verpligte jagtoets geskryf het, verdubbel. In 2018 het 'n totaal van 20 060 jagters die toets afgelê teen 'n bedrag van ongeveer €3 000 elk, met 'n slaagsyfer van 79%.

Tussen April 2017 en Maart

2018 het die verbruik van wildsvleis ook met 'n derde toeneem, en is daar meer as 36 000 ton wildsvleis verbruik in Duitsland. Hiervan was meer as 19 000 ton Europese wildevarkvlies.

Meer en meer mense begin die gesondheidsvoordele van wildsvleis besef en dit verklaar die toename in gewildheid van hierdie bron van proteïene by die Duitsers.



VERANDERINGE IN BOTSWANA

Die Botswana Gazette het onlangs berig dat president Mokgweetsi Masisi in die proses is om hierdie land se baie winsgewende toerismesektor drasties te herstruktureer.

Twee konsessies in die Okavango-delta, NG23A en NG32, is aan nuwe huurders toegeken. Dit is nadat daar bevind is dat die huidige okkupeerders van dié konsessies, 'n maatskappy

genaamd Linyanti Explorations (Edms) Bpk wat handeldryf onder die naam Great Plains, nie oor geldige huurooreenkomste beskik het nie.

Dié twee konsessies is in 2010 deur Tshekedi Khama, destydse Minister van Toerisme in Botswana en jonger broer van die eertydse president, Ian Khama, aan Great Plains toegeken. Beide Ian Khama, sowel as Derek en Beverley Joubert, die bekende natuurlewe-rolprentvervaardigers, is aandeelhouders in Great Plains.

Pres. Maisisi het voorts 'n Januarie 2014-direktief van pres. Khama wat Botswana se konsessie-areas onder beheer van die Ministerie van Toerisme geplaas het, ter syde gestel en beveel dat hierdie gebiede voorts onder bestuur van die Ministerie van Grond, Water en Sanitasie geplaas word.

WEN

MET DIE KLIK VAN 'N KNOPPIE!

Vier gelukkige lesers staan die kans om die onderstaande Trots Suid-Afrikaanse produkte te wen.

Besoek ons webtuiste
WWW.SAJAGTERHUNTER.COM
en klik op die **WEN-knoppie** om in te skryf.

Volg die instruksies. Die sluitingsdatum vir hierdie maand se kompetisie is 25 APRIL 2020.



HIERDIE MAAND SE PRYSE:

DENNIS KAPPETIJN-MES



Wen 'n Dennis Kappetijn-mes ter waarde van R1 500. Vir meer inligting, sien ons webtuiste; besoek www.kappetijnknives.com of kontak hulle by 082-923-5639 of 082-968-4242.



DOVETAIL-AMMUNISIEKISSIES

Twee lesers kan elk 'n ammunisiekiekie in die kaliber van hul keuse wen. Die Dovetail-ammunisiekiekie word gemaak en geborg deur Rudi en Lizelle Louw. Kontak Lizelle by 083-257-4041 vir meer inligting. Elke kiekie is ongeveer R525 werd.

WENPRYS



SALTY SAFARI WEAR

Twee kortmouhemde ter waarde van R540 BTW ingesluit

www.stevensonhamilton.co.za

admin@promark.co.za

Produk van Suid-Afrika

Kry jou prys by



PROMARK/STEVENSON HAMILTON-PRODUKTE

Stevenson Hamilton-produkte word verskaf deur Promark en is landwyd by GWK-takke beskikbaar. Verskillende pryse/produkte (soos hoede, belde, skoene, kamoefleerklere, ens.) kan elke maand gewen word. Vir verdere inligting oor Promark se produkte, besoek gerus hul webtuiste by www.stevensonhamilton.co.za.

MAARTMAAND SE WENNERS:

- ⚙ **KAPPETIJN-MES:** GERIKE TERBLANCHE, PRETORIA
- ⚙ **DOVETAIL:** SEAN LA MUNDE, BLOEMFONTEIN EN DERICK LE ROUX, SECUNDA.
- ⚙ **STEVENSON HAMILTON-LIMPOPO-VELLIES:** GIELIE NIENABER

Aprilmaand se prysweners se name sal in die volgende uitgawe van SA JAGTER/HUNTER-tydskrif verskyn en dit sal ook op ons webtuiste bekend gemaak word.



~~VAT~~ STAMP VYF

Aijaijai... Ons lewe werklik in 'n era van veranderinge. Die dolosse rol ongeduldig, en hulle voorspel meestal niks goed nie. Party dae voel dit vir my die houe val vinniger as wat 'n mens daarby kan aanpas.

In die ou dae het dinge stadig gebeur. Nuus het te perd gekom, en dié van wêreldgebeure per skip of – later – per stotterende telegraaf. Daarna, nadat die letters sorgvuldig in lood uitgepak is en die rollers ge-ink is, is die boodskap op papier versprei. Deesdae hoor ons dit dadelik – selfs daar buite teen 'n rantjie in die wye Karoo – as Trump iets simpels sê of een van die Queen se gebroedsel iets onkoninkliks aanvang.

Met uitvindings en nuwe tendense was dit dieselfde: Dinge het langsaam ontwikkel en dan 'n lang en geduldige leeftyd gehad. Dit was nie 'n kitsmode wat gou oorwaai soos vandag nie.

En so ook met tradisies. Gebruik het gaandeweg ontstaan en beslag gekry.

Iets sou gewoonte raak en die gewoonte het stadig maar seker posgevat en later gebruik geraak en gebruik het tradisie geraak en tradisie het mettertyd gevestigde etiket geraak. Dit was 'n staaaaadige proses. Vat byvoorbeeld die geval van die handdruk as 'n alledaagse groet: Die praktyk kom al van vyf eeue voor Christus af, toe dit glo in Griekeland ontstaan het.

Reik mekaar die hand, was vir eeue 'n standaardgroet, veral tussen mans. Oorspronklik was dit 'n vredesgebaar, 'n bewys dat die persoon nie 'n wapen in sy

hand of mou versteek het nie. Uiteindelik sou dit die mees algemene vorm van groet op aarde raak, oor oseane en vastelande heen.

Maar, kan jy glo, na 2 500 jaar verdwyn dit nou bykans oornag! Ja wraggies – skuus, ek sukkel nog om dit te verteer – bladskud, handgee, bladsteek, handdruk, vat vyf, oftewel “dek-siose” as jy na die slim mense luister, is nou skielik taboe. Onhigiënies, ongewens en sosiaal verbode, sommer binne 'n week!

Dit was wel net 'n gebaar,

was veral 'n fout. “Nee allamag-tag, smaak dan dié mannetjie probeer voel of die jellie al beginne set het,” sou die oom dan opmerk, tot jou ewige skaamte. Terselfdertyd kon jy ook nie sy hand te hard druk nie, want dan kon hy straks weer reken jy's hans vir jou ouderdom en dis miskien tyd dat jy bietjie teruggesnoei word.

Die goue middeweg was om die ander man se hand ferm te vat – mooi bakhand, miskien met net 'n effense klapgeluid – en hom dan so 'n ligte broeder-

loop platgetrek het, vergeleke met wanneer hy 'n rustende rooibokrammetjie onder 'n bos dooierus sou omdop. En die *high five* wat jy jou spoorsnyer gegee het as die eland lê, was 'n bietjie anders as die vat vyf waarmee jy hom die eerste dag gegroet het.

So, wat gaan ons nou doen, nou dat 'n *Made in China*-gogga ons te bang gemaak het om mekaar te groet soos ons dit al vir eeue doen? Hoe moet 'n mens nou 'n ou vriend groet wanneer jy hom raakloop en regtig bly is om hom te sien? En wat doen jy as jou jagmaat 'n mooi skoon skoot op 'n bok skiet en jy wil hom gelukwens? Moet ons vir mekaar tong uitsteek soos hulle in Tibet doen? Neuse vryf soos die Maori's? Skouers skuur soos in Ethiopië, of koppe raak soos in die Kongo?

Wel, ek weet nie rêrig nie. Dis 'n dilemma.

Voetgroet, soos party mense voorstel, sal ek nie sommer nie. (Ek mag wel my foute hê, maar ek's nie die tipe ou wat aan my vriende skop nie.) Elmboogstoot klink ook nie vir my reg nie. Dis eerder hoe jy pad maak wanneer jy haastig uit Loftus probeer kom na die Bulle verloor het.

Nee, dan moet dit seker maar daardie Bronx-tipe vuiststamp wees, kneukels teen kneukels met 'n stywe gewrig, soos wat hulle in die fliëks doen. Nie dat dit 'n besonderse manier van groet is nie, maar minstens lyk dit darem of die groeter die ander ou dreig om hom nie met 'n virus te probeer besmet nie! ☹

Voetgroet, soos party mense voorstel, sal ek nie sommer nie. (Ek mag wel my foute hê, maar ek's nie die tipe ou wat aan my vriende skop nie.)

maar dis nogal jammer, want elkeen van ons onthou daardie trotse oomblik toe Pa of Oupa of wie ook al, ons hand gevat het by ons eerste bok en hom gewigtig geskud het. Dit was 'n groot oomblik, 'n baken op die pad na manwees, daardie handgee tussen manne.

Nie dat dit sonder slaggate was om mekaar die regterhand te gee nie, al was dit so 'n eenvoudige gebaar. As laaitie moes 'n mens 'n paar dinge leer as dit by bladskud kom.

Eerstens was daar die kwessie van druk.

Hoe hard jy die ander persoon se hand moes druk was nogal 'n fyn saak. 'n Te pap hand

like pomp uit die skouer te gee. Op en af natuurlik, nooit in en uit nie, want dan kon dit straks ook verkeerd vertolk word.

En dan was daar natuurlik ook die kwessie van weet wanneer om te los. Een of twee keer skud, nie meer nie, anders kon dit weereens verkeerd verstaan word. Vroom sendelinge, *creepy* ooms, knaende polissmouse en stemwerwers; dit was die tipe ouens wat aan jou hand sou bly kleef.

Ja, die beskeie bladsteek het eintlik 'n hele hoofstuk van ons lyftaal beslaan. Dink bietjie: Jy het 'n man se hand anders geskud nadat hy 'n kweskoedoe met 'n doodskoot in die hard-

Trijicon

Brilliant Aiming Solutions™

ECM ECM Technologies

CONTACT US FOR YOUR NEAREST DEALER:
Tel: 012 329 4116 • sales@ecmtech.co.za

ABSOLUTE ACCURACY. EVEN WHEN YOUR HEART'S

BEATING OUT OF YOUR CHEST.



Every riflescope in our whitetail hunting line follows in the footsteps of our most proven, battle-tested products. Otherwise, it wouldn't be a Trijicon® riflescope. Expect absolute precision, brilliant clarity from sunup to sundown, and extreme durability so you can hunt with confidence.



»THE NEW
Trijicon Huron™



»THE NEW
Trijicon Credo™ HX



Trijicon AccuPoint®



See all Trijicon® products and more on:
www.ecmtech.co.za



'n Ram wat ek in 2006 by Chris te voet geskiet het. Sniper se Grassland-kamoefleerdrag werk fantasties in die geel gras van die Kalahari.

Springbokjag – net die woorde laat my hart vinniger klop, my oë helder skyn en my mond water... Ek vermoed ek is nie die enigste jagter wat só voel nie. Springbokjag is so deel van Suid-Afrika en Namibië se kultuur soos rugby en braaivleis en dit is nie moeilik om te verstaan hoekom nie.

Springbokke is volop en wydverspreid in hierdie twee lande, alhoewel droogtes en siektes oor die afgelope paar jaar hulle tol geëis het onder kuddes van gedeeltes van die Kalahari en die Karoo. Alhoewel hulle nie histories daar voorgekom het nie, is springbokke ook al jare gelede gevestig in die Bosveld en doen hulle baie goed op sekere plase in die noorde wat oor die regte habitat beskik.

SPRINGBOK, JOU LEKKER'DING!

Dié bok is bobaas...



Drie pragtige ramme, afgeneem deur my swaer, Hennie Lacock, in Etosha.



BO: Hier haal ek 'n bok se binnegoed uit agter op die klap van Chris "Whiskey" se Cruiser. Hy het baie daarvan gehou om dit self te doen en jy moes hom amper uit die pad stoot om ook 'n kans te kry om jou bok te versorg. Vriend Robert Steyn kyk toe.



Hartwatersiekte sal egter gou 'n springboktrop uitwis in die Bosveld (waar die bontbosluis wat die siekte versprei, voorkom) en dus moet slegs springbokke wat bestand is teen hartwater hier aangehou word.


"Hartwaterbokke," soos dit in die volksmond bekend staan, is natuurlik ook duurder op wildveilings as gevolg hiervan. Of dit nou reg of verkeerd is om springbokke en ander wild buite hulle natuurlike/historiese gebiede te vestig, is 'n vraag vir 'n ander dag. Wat ek wel weet, is dat baie jagters dankbaar daarvoor is dat die prins van die vlaktes naby Gauteng gejag kan word.

Met verskeie meningsopnames was springbokke bo-aan die

lys van plaaslike biltongjagters as die gewildste spesies om te jag. Hulle is nog bekostigbaar, afhangend van waar jy jag, maar volgens my ondervinding wissel die pryse aansienlik na gelang van die reën wat geval het, al dan nie. Net onlangs het ons R1 500 per bok betaal in die Kalahari toe die reën min was en die bokke skaars. Hierdie jaar het dieselfde boer ons sy bokke aangebied vir R1 200, nadat ons 'n prys van meer as R1 800 verwag het. Die "bosveldbokke" is gewoonlik duurder, maar jy ry nie so ver om hulle te skiet nie.

VERSILLLENDE JAGAREAS

Springbokke uit die Karoo, een



BO: Ek en skoonpa Hennie in die Kalahari in 2004. Ek het daardie jaar my .30-06 gebruik en die trajek van die 165gr InterBond-koeël op die kolf geplak.

LINKS: Die slagplek op Chris se plaas. 'n Koelkamer is nie nodig nie – die bokke word yskoud in die aand en vroeg die oggend word hulle afgehaal, in die stoor op 'n seil uitgepak en weer toegemaak. Die aand word hulle dan weer opgehang as die vlieë gaan slaap het.

van hulle vastrapplekke, is gewoonlik nie so groot van lyf nie, en het nie horings soos dié uit die Kalahari en Namibië nie, maar daar is uitsonderings. Julian Theron boer naby De Aar met duisende springbokke en het oor die jare topgenetika geskep. Sy spogramme is iets om te aanskou en het al die rekords laat spat op wildsveilings. In die Karoo is dit algemeen om 'n prys per kilogram te vra – gewoonlik gemeet met die kop en vel aan en die binnegoed uit. Ek hou van hierdie reëling om twee redes: Eerstens laat dit 'n jagter toe om meer van die jonger ramme en veral ooie te skiet vir beter tafelvleis, en jy kry waarvoor jy betaal, gewiggewys. Tweedens haal dit die druk van die groot ramme af wat gewoonlik 'n trofeeprys haal – dit is nou maar net menslik om die meeste vir jou hardverdiende rande te probeer kry, en as 'n mens een prys

regdeur die bank betaal, sal almal wil ramme skiet.

Jagmetodes wissel na gelang van die terrein en area. In die Kalahari is dit omtrent 'n uitgemakte saak dat jy hier van die bakkie af skiet. Die kampe is so groot soos plase en 'n voetjagter se kanse om genoeg bokke binne die bestek van 'n dag te skiet (en dit vir die boer die moeite werd maak) is maar klein, maar kan gedoen word. Meer hieroor later.

In die Karoo en Noord-Kaap is voorsitjag baie gewild. Die jagspan word uitgesit op vooraf bepaalde plekke met 'n skietstoel wat 360 grade in die rondte kan draai. Jy wag dan jou bokke in, wat gewoonlik geroer word deur manne op perde of selfs met bakkies. Die idee is nie om die bokke te jaag in die jagter se rigting nie, maar om hulle net te laat aanhou beweeg totdat hulle naby aan 'n jagter kom. Jy skiet dan jou bok, bloei hom »

» uit, merk hom met die ooreen-gekome metode, en die ruiter of die bakkie laai hom vir jou op.

In die Bosveld moet jy maar gewoonlik loop en bekruip, en in die Oos-Kaap, Vrystaat en Wes-Kaap word omtrent alle metodes gebruik. Ek is bevoorreg om springbokke in al die provinsies in Suid-Afrika te kon jag, behalwe in Mpumalanga en KwaZulu-Natal. Dit is nie vir my moeilik om uit te sonder wat die lekkerste is nie – die Kalahari en sy rooi duine staan kop en skouers uit bo die res.

JAG IN DIE KALAHARI

Ek het vir amper 20 jaar by Chris “Whiskey” Steenkamp op sy plaas Chalmers Puts saam met my jagspan springbokke en gemsbokke gaan jag, partymaal twee of selfs drie keer per jaar. Die plaas is geleë tussen Vanzylsrus en Askham en lê teenaan die Botswanagrens. Dit was altyd ’n besondere belewenis. Die uniekheid en skoonheid van die land-

skap, die koue wintersaande (en dae), die kameeldoringvure, die stille opgewondenheid tussen die manne wanneer die Cruiser sy neus oor die duin steek en ons gewaar ’n trop springbokke teen die oorkanste duin...

Chris sou dan oudergewoonte rustig sy Swarovski-verkyker na sy oë bring en saggies praat... “Manne, tweede van links staan ’n mooi ram, hy het nie baie groot horings nie, maar hy het ’n groot lyf. Julle kan hom maar skiet.” As die skoot nie klap binne drie sekondes nie, sou hy op ’n meer dringende wyse vra: “Manne, nou hoekom skiet julle nie?” As die skoot dan weer nie vinnig genoeg loop nie, sou hy jou toesnou met ’n “Nou wat de hel maak julle manne? Is julle hier om te jag of te speel?” Die goeie ou dae.

Teen so twaalfuur se kant sou ons begin hout optel (net kameeldoring, want witgathout ruik maar sleg as dit brand) en ’n lekker groot boom gaan soek

om onder te braai. Die bokke wat die mooiste geskiet was, se harte, lewers en niertjies is uitgehaal en met water afgespoel. Dit is dan gebraai en saam met ’n broodrolletjie deur die honger span verslind. Die manne het lootjies getrek om te bepaal wie eerste skiet en die reël staan nog steeds, na jare, dat jy net twee skote kry. Sou jy mis skiet (soms moes ons ver skiet, of die wind het sterk gewaai) kon jy weer probeer, maar daarna was dit die volgende man se beurt. Só het dit ook gebeur dat omtrent al my jagmaats al ’n trofeebok by Chris geskiet het, behalwe ek. Die Engelse noem dit *“the luck of the draw”*.

My gunsteling-herinneringe is die tye wat ek by Chris kon jag, alleen, te voet in die duine – ’n spesiale vergunning wat hy net aan my gemaak het. Ek het altyd my springbokke gekry en partykeer somer amper my hele kwota vir die jag – dis makliker as wat die meeste jagters dink.

KAROOJAG EN -KUIER

In die Karoo het ek ook gereeld by Julian Theron gaan voorsitjag. Oudregter Hennie Lacock, my skoonpa, en Julian is al dekades lank vriende en Skoonpa het elke jaar “Lacock se span” soontoe geneem en sy seun en skoonseuns saamgenooi. Die ander lede van die span was almal prokureurs en advokate van Kimberley se wêreld, ’n wynboer uit die Kaap (wat sy bokke met kaste wyn betaal het) en ’n dokter van Durban, almal pelle van skoonpa.

Oudergewoonte was dit eers inskiet vir die manne en dan veld toe as dit nie meer so baie koud was nie. Ons is op plekke in die betrokke kamp afgelaai waar ons sou jag op die nommer wat die vorige aand getrek is. Op een of ander manier het ek omtrent altyd die “beste” plek gekry – ek vermoed Skoonpa het agteraf met Julian gekonkel om op so ’n manier sy skoonseun te bederf. Jammer swarries! Martisan, Julian se vrou, het gesorg dat elke jagter ’n klein koelboksie kry met droëwors, biltong, ’n toebroodjie, ’n “swietie”, vrugte en ’n sappie – net die regte medisyne as die wurms begin knaag.



Ek en vriend Robert by sy voetjag-bok in die Kalahari in Junie 2008. Hy het die bok vanaf die duin in die agtergrond geskiet na ’n lang bekruipery.

POETSE, SKERTSERY EN HOF SITTINGS

Soms was sekere jagters gelukkig, maar soms het daar geen, of min bokke, verby sekere manne gekom. Ander weer, het sommer vroegdag hulle kwota bokke klaar geskiet en dan het Julian hulle opgetel en die manne se plekke geruil om elkeen 'n goeie kans te gee. Die skertsery en beentrekery by die slagplek in die veld was iets om te beleef en sal my altyd bybly. Skote, goed of sleg, is bekyk, groot bokke bewonder en klein bokkies is bespot met "Maar hierdie een het dan nog melk in sy bek!". Groothoringramme het jou 'n klop op die skouer laat kry.

Die laaste aand van die jag was daar altyd 'n "hofsitting". Die regtersbank het bestaan uit drie van die ou advokate en een van die prokureurs het aangekla names die staat. Hofprosedures is tot op die letter nagevolg. 'n

Onvergeetlike straf is uitgedeel aan die jagter wat een van Julian se tag-bokke (teelbokke gemerk met 'n geel plaatjie in die oor) sou skiet. (Dit het natuurlik amper elke jaar gebeur, veral onder die manne wat nie so gereeld gejag het nie.) Ander wangedrag is ook straf opgelê, en die jonger manne (veral ons swaers) het maar erg deurgeloop onder Skoonpa se pelle op die "bank", veral as jy die geringste minagting van die hof sou toon.

Daar was elke jaar dieselfde toekennings ook: "De Kopskoot" vir die beste skoot, "De Gat-skoot" vir, ja, ek hoef seker nie te verduidelik nie... en "De Me-neer" vir die swaarste bok. As jy gelukkig was, het jy met 'n nuwe Joseph Rogers-knipmes weggestap vir jou goeie, of dalk slegte dade in dié drie kategorieë.

Julian het my een jaar, nadat hy my kom optel het, gevra om

een van sy tag-bokke wat ons raakgeloop het, dood te skiet, aangesien die ram nie aan sy standaardte voldoen het nie. Toe ons by die slagplek aankom en Skoonpa die tag sien, kon ek sien hoe sy bloeddruk styg. Na so 'n paar sekondes het hy my op en af bekyk en met stywe lippe gevra: "Nou mannetjie, wat het jy nou aangevang?" Julian het saamgespeel en kwaai opgetree, wat natuurlik Skoonpa nog verder vies gemaak het. Gelukkig vir my, het Julian se kenmerkende glimlag die ys gebreek en hy het Skoonpa die waarheid vertel.

VELDVLEIS, TAFELVLEIS

Springbokvleis is van die lekkerste wat daar is en tensy jy met hulle boer en elke week vir jouself een kan skiet, is dit amper 'n sonde om hulle op te sny vir biltong en droëwors, al is beide

bitter lekker. Ons gesin gebruik die binnefilette vir sosaties, die rustringe vir *beef wellington* of *schnitzel*, die nek en skenkels vir bredies of potjiekos en die heel blaai vir stadig kook of opgesny in tjops vir bredies. Van die kruis (*rump*) maak ons sosaties, ghoelasj-blokkies en pastevleis. Die res is vir braaiwors en word hier en daar aangevul met een van die ander snitte, as daar nie genoeg is nie. Ek deel nie sommer springbokvleis uit nie – net my gunsteling-oom, Attie, kry elke jaar sy deel.

Ek vermoed springbok sal vir nog baie jare een van die gunsteling bly – lekker om te jag en lekker om te eet. Springbok, jou lekker ding!

* Besoek gerus SA JAGTER/HUNTER se resepteblad, www.sajagterhunter.com/resepte-1 vir lekker springbokboud- en springbokpotjieresepte. 🍴

BBRW

GROOTHANDELAARS VAN SLAGHUIS-, BAKKERY-, VERKOELINGS- EN SPYSENIERSTOERUSTING

JOHANNESBURG
Park-rylaan 24, Mayfair, Johannesburg
Tel: 011 833 5957 / 011 834 9373 / 082 417 6257
083 269 2558
E-pos: sales@bbrw.co.za * Webwerf: www.bbrw.co.za

Nuwe 1 000 m² vertoonkamer / Nuwe bestuur / Tegnici op die terrein


ALLE PRYSE BTW UITGESLUIT

KOEL/VRIESKAMERS KOELKAMERS (Chromadeck) 1.8m x 1.8m x 2.4m Net boks R11 300 Toerusting R15 000 2.4m x 2.4m x 2.4m Net boks R13 995 Toerusting R16 300 3m x 3m x 2.4m Net boks R17 000 Toerusting R18 100 ELEKTRIESE VLEISMEUL (Italaans) REBER MET VLEKVRYE STAAL-RATTE VAKUUMMASJIE met gratis biltongkerwer DZ300 R8 995.00 DZ400 R10 500.00	BANDSAAG Swaardienstipe 380V Gratis biltongdroër VRIESKAMERS 1.8m x 1.8m x 2.4m Net boks R11 995 Toerusting R18 500 2.4m x 2.4m x 2.4m Net boks R15 995 Toerusting R23 000 3m x 3m x 2.4m Net boks R19 500 Toerusting R23 000 VLEISMEUL SIWWE EN LEMME 12 R3 995.00 22 R4 895.00 32 R6 195.00 BILTONGKERWER 0.75KW R3 895.00	VLEISMEUL 42-380V R16 995.00 52-380V R28 995.00 TREGTERS VERSKEIE TREGTERS IN VLEKVRYE STAAL EN PLASTIEK WORSSTOPPERS ING 4 VLEKVRYE STAAL TREGTERS IN VLEKVRYE STAAL 3 lt R1 395.00 5 lt R1 695.00 7 lt R2 995.00 10 lt R3 495.00 15 lt R4 995.00 VLEKVRYE STAAL-TAFEL 1.1m R1 195.00 1.7m R1 450.00 2.3m R1 750.00	BILTONGKABINET 80l 400 x 430 x 900mm R3 395.00 245l 580 x 460 x 1 080mm R4 995.00 1 250l 1 000 x 740 x 2 015mm R14 995.00 BILTONGKABINET + BEROKER 2-in-1 R3 995.00 REGOP YSKAS SCW688 Enkeldeur R5 995.00 Dubbeldeur R7 395.00 DUBBELWASBAK R3 495.00 TOEDRAAIMASJIE R995.00	SKAAL R895.00 VLEISKOEKIEMAKER 100mm R499.00 130mm R599.00 KISVRIESKAS 225 lt R2 495.00 310 lt R2 970.00 460 lt R3 850.00 530 lt R4 510.00 590 lt R5 510.00 VLEISVERSAGTER R10 995.00 KARKASSKAAL R9 995.00 KOELKAMER OP SLEEPWA MET PAPIERE Slegs padgebruik 1 500mm x 2 200mm x 1 700mm R31 995.00 MOBIELE KOELKAMER R29 700.00	HANDTIPE BILTONGKERWER R899.00 HANDTIPE VLEISMEUL NO. 22 R899.00 NO. 32 R1 200.00 170L KOOKTOESTEL R21 995.00 KOUDEVLEISSNYER 220mm R4 295.00 250mm R4 995.00 300mm R7 995.00 BEROKER, 170L R21 995.00 SAKKE 300 X 400mm R120.00 250 X 300mm R 80.00 150 X 250mm R 50.00 (100 sakke) VRIESKAS MET GLASBOKANT 1.375m - 300 lt R4 995.00 1.5m - 510 lt R6 295.00 1.625m - 600 lt R9 500.00 2.2m - 700 lt R12 500.00 RYGBRAAI & OONDROOSTER R4 595.00
--	--	---	---	--	--

Ons het alle tipes slaghuistoerusting in voorraad.

STEYR SE CL II EN CL II SX- GEWERE

Dié stylvolle Oostenrykers is
beslis 'n kykie werd.



Vir toetsdoeleindes is Nosler Trophy Grade-ammunisie, gelaai met 165gr Nosler Ballistic Tip-koeëls, gebruik. Die Steyr-gewere het goed gewerk en akkuraat geskiet.

Die Oostenrykse firma, Steyr, is baie jare reeds bekend as 'n vervaardiger van kwaliteitjaggewere. Die Steyr-stal bevat vandag egter nie net jaggewere nie, maar ook 'n hele rits innoverende en hipermoderne handwapens en masjiengewere vir militêre en siviele toepassings. Inyathi Sporting Supplies, Steyr se plaaslike agent, het onlangs twee Steyr-jaggewere, 'n CL II en 'n CL II SX, aan SA JAGTER/HUNTER verskaf om te toets en soos te verwagte, is daar baie om oor te skryf.

Ten einde die speelveld gelyk te hou, is beide die Steyr-gewere wat verskaf is, vir die .308 Winchester gekamer. Inyathi Sport-

ing Supplies is ook die plaaslike Nosler-agente en het goedgunstiglik 'n paar pakke Nosler Trophy Grade-ammunisie, gelaai met 165gr-Nosler Ballistic

Tip-koeëls, sowel as 'n Steiner Ranger 4-16x56-teleskoop verskaf. Om meer oor die Steiner-teleskoop te lees, sien die aparte toetsverslag op bladsy 42.

WERKESEL ONDER DIE VERGROOTGLAS

Die Steyr CL II SX is 'n werkesel. Hierdie model het 'n groen sintetiese kolf met sagte rubber-



Die Steyr CL II se kolf het 'n wangstuk wat in die Beierse styl gekerf is. Dit is 'n gewilde styl onder sekere Europese jaggeweervervaardigers.

insetsels op die pistoolgreep en voorlaai ten einde 'n goeie greep op die geweer te verseker, veral in die nat weersomstandighede wat gereeld in Europa voorkom. Die 22"-mediumprofielloop maak die geweer lekker handig om te hanteer en die metaal het 'n dowwe swart afwerking wat prakties en aantreklik is.

CL II VIR DIE FYNPROEWER

Die CL II is so ietwat van 'n opgradering van die CL II SX en is bepaald nie 'n werkesel nie. Die geweer het 'n Europese okkerneuthoutkolf wat in die tradisionele Beierse (*Bavarian*) styl gekerf is. Die voorlaai se punt het 'n donker, kontrasterende houttip wat in 'n kleinerige *schnabel* eindig. Die wangstuk is ook tipies Beiers en is effe rond, ook in die tradisionele styl.

Die kolf het ruitwerk op beide die voorlaai sowel as die pistoolgreep. Die ruitwerk is nie die tradisionele tipe nie, maar het amper die voorkoms van klein visskubbe. Dit is glad nie onaantreklik nie, maar ek het gewonder hoe maklik die ruitwerk sal wees om te herstel as dit skade sou moes opdoen as gevolg van 'n ernstige krap of duik. Alhoewel die pistoolgreep 'n Wundhammer-verdikking (beter bekend in goeie Afrikaans as 'n *palm swell*) het, is dit nie oordadig gedoen nie en die kolf voel gemaklik in jou hand.

Die CL II se metaalwerk is afgewerk in 'n satyn-gebloude voorkoms wat weereens sag op die oog is. Dit is 'n blinker afwerking as dié van die metaal van die CL II SX, maar nie noodwendig só blink dat 'n jagter wat vroegmiddag in 'n bosveldpaadjie afstap met die CL II oor sy skouer, soos 'n wandelende neon-advertensiebord sal lyk nie. Net soos die CL II SX, het die CL II 'n 22"-loop, en draad vir 'n knaldemper is insgelyks reeds in die loop gesny. Vir diegene wat nie van 'n knaldemper op sy Steyr-jaggeweer gebruik wil maak nie, is beide gewere voorsien van 'n netjiese

skroefdraaddoppie wat die skroefdaad verdoesel by die tromp. Volgens die Steyr-katalogus weeg die CL II SX met sy sintetiese kolf 3.4kg sonder ammunisie of 'n teleskoop, en die CL II met sy houtkolf is slegs 100g swaarder.

GEHAMERDE LOPE

Steyr maak gebruik van die hamerproses om lope te vervaardig. Dit behels dat 'n vormstuk of *mandrel* in die rou staalloop (*barrel blank*) geplaas word nadat 'n gat daardeur geboor is. Hierdie vormstuk het die geweerloop se groewe in omgekeerde vorm op. Groot hamers "knie" of stamp nou die loop van alle kante af in die lengte daarvan aan die buitekant en so word die groewe in die loop gevorm deur die vormstuk wat binne-in geplaas is. Hierdie proses laat die kenmerkende riffels of hamermerke aan die buitekante van die lope wat op Steyr-gewere gesien word. Daardie tipe merke word op alle gehamerde lope gevind, maar ander vervaardigers masjineer dit af terwyl Steyr dit aan die loop los. Dit het oor die jare heen 'n Steyr-handelsmerk geraak.

DIE SBS-AKSIE, SNELLER EN MAGASYN

Beide hierdie Steyr-gewere is gebou op Steyr se SBS (*Safe Bolt System*)-aksie. Die aksies word sedert 1996 vervaardig en het vier sluitnokke voor op die slot, sowel as 'n ekstra veiligheidsnok net voor die slothandvatsel. Die slothandvatsel hoef slegs 60 grade opgelig te word om die slot te ontsluit sodat die aksie weer oorgehaal kan word. Dis ook maklik om te sien of die aksie gespan is of nie, deur net na die slothandvatsel te kyk. Indien die aksie nie gespan is nie, is die slothandvatsel plat teen die kolf. Span die aksie, of beweeg die veiligheidsknip tot die rooi knoppie sigbaar is, en die slothandvatsel staan duidelik 'n entjie weg van die kolf.

Die SBS-aksie maak van die »



Die ruitwerk op die CL II se kolf is nie tradisioneel nie, maar is in hierdie visskub-motief gekerf.



Weaver-tipe monteerblokke word standaard saam met Steyr-gewere verskaf.



Die Steyr-gewere het 'n sogenaamde *roller tang safety*. Hier is die veiligheidsknip in die veilige posisie.

» sogenaamde *hook and plung*-sisteem gebruik vir ekstraksie van doppe, so die aksie is dus van die stootvoertipe. Dit is 'n sisteem wat nie gewild is onder jagters van gevaarlike wild nie, maar beide die Steyr-toetsgewere het foutloos gefunksioneer in die verband. Patrone het glad uit die magasyn gevoer en doppe is met mening uitgewerp. Ek het hard probeer om die CL II SX te kry om te stoor, maar ek was onsuksesvol, en dus het die gewere baie betroubaar gefunksioneer tydens die toets.

Die gewere se veiligheidsknip was ook maklik en gerieflik om te verstel. Die veiligheidsknip word beskryf as 'n *roller tang safety* en is 'n wietjie van sintetiese materiaal wat in die bokant van die pistoolgreep, net agter die slotomhuls, in die kolf geleë is. Dit het drie posisies: as dit vorentoe beweeg word, is die geweer gereed om afgevuur te word, en is 'n rooi knoppie op die veiligheidsknip sigbaar. In die middelposisie (wit kolletjie sigbaar) kan die kamer veilig ontlai word en as die veiligheidsknip na agter beweeg word, (grys knoppie sigbaar) is die geweer veilig.

SNELLERMEGANISME EN MONTERINGS

Steyr maak in hulle katalogus melding dat hulle gewere beskikbaar is met enkel- sowel as dubbelsnellermechanismes. Albei die toetsgewere het enkelsnellermechanismes en die aftrek op beide was uitstekend, met geen sleep nie. Sou 'n mens 'n ligter aftrek verlang, is dit so eenvoudig as om die geweer te span en die sneller vorentoe in die snellerbeugel te druk. Die sneller verander dan in 'n haarsneller wat slegs 'n skewe gedagte nodig het om af te gaan. Alhoewel ek nog nooit 'n voorstander van onnodig ingewikkelde snellermechanismes was nie, kon ek nie met die konsep fout vind nie, en die snellers het seepglad gefunksioneer.

Steyr-gewere in standaardkalibers soos die .308 Winchester word verskaf met 'n vierskoot-



Die CL II se dubbelkolom-magasyn het 'n kapasiteit van vier patrone en is vinnig verwyderbaar.

dubbelkolommagasyn. Soos met omtrent alle Europese gewere, is die magasyn vinnig verwyderbaar (*quick detachable*). Sou die magasyn om een of ander rede verlore raak, is plaasvervangermagasyn beskikbaar.

die Nosler-ammunisie was dit helaas relatief maklik om (veral met die CL II SX) drieskoot-groeperings van onder 'n duim te kry. Die sintetiese kolf het my goed gepas en die terugskop was baie hanteerbaar.

Die CL II, sowel as die CL II SX het baie om die jagter te bied.

Uit my kinderdae onthou ek dat dit in die verlede (ek praat hier van die 1980's) soms moeilik was om teleskoopmonterings vir Steyr-gewere in die hande te kry. Monteerblokke waarop Weaver-tipe ringe gemonteer kan word, word standaard saam met albei die gewere verskaf. Dit behoort dus kinderspeletjies te wees om die teleskoop van jou keuse op die Steyr te monteer.

OP DIE SKIETBAAN

Nog iets wat ek uit my kinderdae onthou, is dat Steyr-gewere nogal akkuraat skiet, en die toetsgewere het nie teleurgestel nie. Steyr waarborg dat hulle fabrieksgewere onder 'n duim op 100m sal skiet, en ek was nuuskierig om te sien of die fabriekswaarborg water hou. Met

Die beste groepering wat ek oor die sandsakke kon behaal, het ongeveer 'n driekwart duim gemeet, en dit was duidelik dat Nosler-ammunisie en Steyr-gewere goeie pasmaats is. Steyr is bekend vir die skerpskuttergewere wat hulle vervaardig vir die militêre mark, en vir hierdie betrokke aanwending is akkuraatheid 'n voorvereiste. Dit is verblydend om te sien dat Steyr se jaggewere ook bloubloed in hulle are het wat akkuraatheid aanbetref.

'N ENKELE NEGATIEWE ASPEK

Alhoewel beide die Steyr-gewere verskeie positiewe eienskappe het, moet ek wel noem dat daar iets is wat my veral van die CL II SX geïrriteer het: Die magasyn het in die geweer geratel, en dié geratel was duidelik hoorbaar elke keer wanneer ek

die geweer optel. Sodra daar egter patrone in die magasyn gelaai word, verdwyn die irritasie onmiddellik. Ek moet byvoeg dat hierdie betrokke geweer 'n toetsmodel was en dus al heelwat skote geskiet het, so die probleem is waarskynlik maklik om te diagnoseer deur eenvoudig net 'n nuwe magasyn met 'n sterker veer te gebruik. Die CL II, daarenteen, het geen ratels of ander slegte gewoontes openbaar nie.


Die CL II, sowel as die CL II SX het baie om die jagter te bied. Dié twee gewere is bepaald nie op dieselfde mark gefokus nie, en waar die CL II SX meer van 'n werksgeveer is wat in alle weersomstandighede gebruik kan word, is die CL II met sy houtkolf en fyn ruitwerk op ietwat meer van 'n fynproewersmark gemik. Prysgewys verkoop die CL II SX in die handel vir ongeveer R30 000 terwyl die CL II se voorgestelde verkoopsprys ongeveer R45 000 is. As jy op soek is na 'n jaggeweer, vervaardig deur 'n firma soos Steyr (met 'n jarelange reputasie vir kwaliteit) is die CL II SX sowel as die CL II beslis 'n kykie werd. * Steyr-produkte word deur Inyathi Sporting Supplies ingevoer. Vir groothandelnavrae kontak hulle by 012-808-9911. 📞

FEDERAL



FUSION[®]

DESIGNED FOR PENETRATION
ON **TOUGHER-SKINNED**
AFRICAN GAME.



Copper jacket

Molecularly-fused, inseparable jacket

High bullet weight retention
& controlled expansion




WHY FUSION IS BETTER



- Molecularly-fused jacket & pressure-formed core.
- Engineered for optimum expansion.
- An inseparable jacket for high weight retention.
- Peak ballistic performance through short-barrelled rifles.
- The latest in bullet technology.
- Best value for money.

Available at all Premium Dealers countrywide.
www.formalito.co.za | tel: +27 (12) 664 - 7793/4

FORMALITO
SPORTS • ARMS • OUTDOOR



The envelope addressed to Kobus's dad.



LEFT: The letter from Stuart Cloete to Kobus's dad. **RIGHT:** The last page of the letter with the author Cloete's signature on it.


Gem

Ever wondered what happened to gundogs during the Great War? Here's one story...

Chinese water torture, I thought as I had to look at yet another set of cellphone photographs. Those friggen overseas tours. Look, look, here we are on St. Peter's Basilica Square in Venice having a pizza, and here we are on the boat to the Isle of Capri. But even worse are the *tannies* with the pictures of their grandchildren. At least in the old days you were invited and had some time to conjure up an excuse why you were unable to make Saturday evening's slide show of their tour through the Kruger.

I don't know how Facebook, YouTube, Twitter or any of those modern social media stuff works. At least I am spared the schlep of wading through the private lives of people I have no interest in. A friend of mine, after trying Facebook for a while, said: "I scrapped my Facebook profile when I realised I was leading a virtual life. I was watching other





This is how a honeymoon should be spent! Kobus's mom with some of the *galjoen* and *biskoppe* his parents caught on their honeymoon.

people's lives and forgot to live my own. When I am old," Kabous said, "I want to be the one that tells the stories, I don't want to be the one listening to other people's stories." I like that.

So, if you don't want to rummage through my parent's photo album, I will understand. But if you could however bear with me, it is quite an unusual and interesting story. For those of you who have read Stuart Cloete, it should be of even greater interest.

A TRIP DOWN MEMORY LANE

In a bout of nostalgia after my mother's recent passing (she reached the ripe old age of 99) I dug through her old photo albums. "Real" old photo albums that is. Black pages tied together in a book with a string, the black and white photos with white borders slotted into photographic corners, all with detailed captions in my dad's most beautiful Post Office handwriting, in white ink. (We don't take care of things in the same way anymore.)

Mom and Dad were married

in 1949 and spent their honeymoon at Die Kelders Hotel. Dad was a great fisherman. And so, the honeymoon couple would walk (no bloody 4x4s in those days churning up the beach and cliffs above) from the hotel to the Plaat and fished all day with their homemade bamboo rods and centre-pin reels, at places such as Vyeklip, Voorsteklip, Skeurbank, Hoëkrans and the Preekstoel. And they caught well; *galjoen*, white steenbras and white musselcracker, *biskoppe* they called the latter. Often, they had enough to supply the entire hotel as well. At one stage I owned a menu from the hotel that gave special credit to my dad for supplying all the fish, but unfortunately I have lost it. Some of the most beautiful photographs of their fishing exploits adorn my study. As students and shortly after we were married, my wife and I still had a couple of beers in the hotel, but it has since been flattened and replaced by Whale Cove; a very expensive and very smart soulless apartment complex. I miss the old hotel.

One page in the album always intrigued me and fortunately I took the trouble to quiz my mom shortly before she died. The page contained photographs of Stuart Cloete and his second wife Mildred West (Tiny), his dog, Bollie, and two snappies of his farm Baviaansfontein, now called "Libris", according to the caption in the album. Apparently the Cloetes also frequented Die Kelders Hotel and they became acquainted with my parents. The story goes that Cloete could not speak Afrikaans and asked my dad to help with some labour issues on his farm. However, my mom could not remember where Baviaansfontein was. I became determined to find it.

Dad had a substantial collection of Cloete's books, amongst others *The Fiercest Heart* (A novel based on Willem Prinsloo's part in the Groot Trek) in which I found a letter by the author to my dad. Written on "Kelders Hotel and Hydro" paper, it is dated April 29th and as it ends with "Kind regards to Miss Smith" (my mother's maiden name), I judge the letter to be from 1948, as my parents were obviously not married yet. Another piece of the puzzle fell into place and strengthened my resolve to find his farm.

ON THE SPOOR OF AN AUTHOR

Hoping to discover more about Hermanus's most famous international author I was very excited to find and buy his autobiography *A Victorian Son* – for the exorbitant price of R5 at the Hospice Bookshop. It covers the period from his birth in 1897 to 1922 and thus his participation in the First World War.

WWI (1914 – 1918) was essentially a trench war, the battle front or line ran for approximately 440 miles (708km) from the North Sea coast of Belgium to the border of Switzerland. The Germans occupied the north and the Allies the south. And there they sat and fought each other

for almost four years. One day gaining a few metres on the enemy, just to lose it again the following week. Millions died. Thousands of miles of intricately woven trenches covered both sides of the line. Conditions were often atrocious, the men having to cope with ankle-deep mud, bomb crater puddles of water that was deep enough to drown in, as well as lice and rat infestations. The stench of dead and rotting bodies, and open pit latrines were overwhelming. Penicillin, that could have stopped deadly infections and saved thousands of lives, was only discovered after the war in 1928.

Orders to move up to the front was virtually a death sentence. Of the 120 000 Allied troops (including British, South African, Australian, Canadian, Indian, New Zealand and Newfoundland soldiers) ordered into battle on the first day of the Somme, 20 000 were killed and another 37 000 wounded. It was the worst day in the history of the British Army.

"We now went into the line at Ayette," wrote Stuart Cloete in his biography about the last stages of the war, "*where there was a very good company headquarters in a chalk pit. It was here that I picked up a nice black and white pointer, wondering around behind the trenches, but I lost him again. He was an old dog and had been wounded, which made him shell-shy, so that as soon as he heard a gun go off or a shell come over, he popped into the nearest dugout.*"

I pondered over this little scene. I knew a black and white pointer once; his name was Gem. He was a good, solid and faithful dog, also getting on in years. Stuart Cloete's pointer became Gem to me, an old crippled dog looking for his master behind the trenches at Ayette...

I wondered how he got there. Maybe an officer brought him over from England, for company. Some type of mascot maybe? But this was hardly likely I suppose, if at all, possible. »



Mr and Mrs Cloete on their farm Baviaansfontein.

» Animals were nothing strange up front. It was still a war fought with horses and they were used for everything; as cavalry (the last cavalry charge of WWI was on the 14th July 1916, also at the battle of the Somme) and draught horses, hauling everything from supplies and ambulances to ammo and artillery. If you have a chance, watch the movie *War Horse* again and imagine a pointer scurrying in amongst that chaos.

But maybe the dog belonged to a French farmer of the district, Ayette being a small farming village in the north of France near the Belgian border. Cloete recalls the incessant calling of larks during lulls in the fighting, and the presence of partridges. Miraculously the birds survived the shelling and shooting. I imagined Gem being told to stay at home whilst his boss went off to the front on some errand. He waited patiently, but by evening when the old man

was still not home, Gem decided to go and look for his boss. Maybe he heard the shots up front and thought he was needed, how could they hunt without him, he knew the country's partridges, he knew where they would be...

Maybe a stray shell burst near him long before he found his boss. A piece of shrapnel shattered the socket of his left hip, leaving his leg completely useless. The best he could do was to crawl into the nearest trench and, dragging his dead leg along, snuck up behind the first soldier he came across. Stuart Cloete felt the dog creeping in behind his back and feeling Gem shivering from fear, rested his hand on his head. In the effort to calm the pointer he gently stroked his back, taking care not to come close to his bleeding hip. But the shivering got worse as the trench mortars kept creeping ever closer.

I was once very critical of

folks losing their dogs during the noise of Guy Fawkes or the celebrations around of New Year's days. Just gun-shy gibbering lap dogs not properly introduced to shot, I reasoned. Until Polka came along. She was not gun-shy at all, on the contrary, we could sit next to a sunflower field and fire hundreds of shots around her all day long, and she would not even blink. But don't bring a fly swat close to her or shout too loudly watching rugby. Firecrackers were the worst. When the first crackers exploded, even a couple of blocks away her tail would drop, and she would search for a hiding place. My beautiful fearless and hard-as-nails hunting dog trying to get as far away from the noise as possible – I never understood her psyche.

And in the trenches old Gem was trying to get away from the noise as well, he felt the pain in his hip, and he knew those noises could hurt him even more. But where to crawl to? The noise was everywhere. He trusted the stranger, trusted that he would help him. Then a whistle blew sharply, and the men donned their gas masks before getting up and climbing over the 3m-high parapet in front and disappeared from his sight. He tried to follow. He could still feel the kindness in the soldier's hand that stroked his head. He knew if he could just stay with him there would still be some sort of a chance. But try as he might, he could not get his hip to work. He could not jump. He was left behind, utterly alone.

A relief column found Gem the next day. Just a small spot of white still visible between the mud and blood. They dropped him in a pit latrine at the end of the trench. The gas got him.

AN AFRICAN GIANT

In the *Cape Argus* of the 30th of March 1976 the author Wilbur Smith wrote in an article titled

The true stature of Stuart Cloete the following: "We might remember that his work was translated and enjoyed in 23 different languages, that his novels were selected on no less than seven occasions by the Book of the Month Club, the Literary Guild and Reader's Digest Condensed Books – and thus read by millions of people all over the world. Remember also how prestigious these choices are, and the formidable competition that a work faces before it is selected.


"So large is Stuart Cloete's following and his reputation in America that there is a permanent Stuart Cloete Room endowed at Boston University, that the three lecture tours he made across America were outstanding successes, and that after appearing on almost every TV and radio station in America he was offered his own TV programme, which he refused for reasons of ill health.

"Stuart Cloete had columns devoted to him in 11 different *Who's Whos*, he was photographed and interviewed and sought after by leading international journalists and photographers to such an extent that one of the titles of his books could be applied to him – *African Giant*."

Such was the man. The Cloetes lived their last years at 24 Westcliff Road Hermanus. Stuart died in 1976 and his wife Tiny followed him in 1993. Both are buried at Hermanus Cemetery.

FINDING THE FARM

Finding Baviaansfontein was eventually easy. Dr Rodin Lee wrote in *The Hermanus Village News* that the farm was once called Wesselshoek. A local property agent promptly directed me in the right direction. Presently known as Bodi Kaya, the farm is now a retreat situated in a valley behind the famous Grootbos Nature Reserve. What is wrong with its proper old name Baviaansfontein? ☺



AMPLE ADJUSTMENT

- 110 MOA Elevation
- 55 MOA Windage
- Zero stop on elevation, accurate to ¼ MOA

SFP MOA @ 20 RETICLE

- Exact reticle aiming-off points set 1 MOA apart when the scope is set to 20x
- Range finding scale for 20 cm gongs

TRUE ¼ MOA CLICKS

- Each click is precisely ¼ MOA (7.27 mm @ 100 m)

LIFETIME WARRANTY

- Local backup service with prompt turnaround time

LYNX LX3 5-30x56 M20

**Outstanding HD Optics
Perfect Adjustment Accuracy**



011 792 6644



info@lynx.co.za

www.lynx.co.za

Find us on

*Background photo courtesy Jonathan Dedekind and the National Rifle League



BO: Hier kan die wig (wedge) voor tussen die lope van 'n dubbelgeweer duidelik gesien word.

ONDER: Hierdie groepering is aanvaarbare akkuraatheid vir 'n dubbelgeweer. Let op hoe die verskillende skote duidelik op die teiken gemerk is. Foto: Keith Dennison Thomas.

HOE OM JOU DUBBELGEWEER TE REGULEER

Dit verskaf soveel satisfaksie om die skote van albei lope in 'n twee- of drieduimgroepering te skiet...

Om 'n dubbelgeweer aan die skiet te kry, is een van die ingewikkeldste projekte wat 'n mens kan aanpak – daarvoor is daar al dikwels geskryf. In baie gevalle dateer die gewere 'n honderd jaar of meer uit die verlede en bestaan die makers nie eens meer nie, so 'n resept wat werk, kan nie met die stuur van 'n e-pos gekry word nie. Ten einde te verstaan hoekom dit soms so moeilik is om 'n dubbelgeweer te kry om akkuraat te skiet, is dit nodig





Dit is belangrik om te voorkom dat 'n dubbel-loopgeweer se lope nie direk aan die skietbank of -rus raak tydens die reguleringsproses nie. Let op hoe hierdie skut se linkerhand tussen die lope en die skietrus is.

om vlugtig te kyk na hoe dié roere aanvanklik gebou is.

Een van die grootste voordele wat die dubbelgeweer bó die grendelaksiegeweer inhou, is die feit dat die dubbel 'n feitlik onmiddellike tweede skoot bied. Hierdie het menige grootwildjagter al uit 'n gevaarlike situasie met 'n gekwete buffel of ander gevaarlike dier gered, en die swaarkaliber-dubbelgewere (wat veral deur die Britte in vroeëre jare gemaak is) het gou legendariese reputasies as uitstekende stoppers opgebou.

TRADISIONELE, TYDSAME METODES

Die sisteem wat die Britte en die ander gewermakers van ouds uitgedink het om 'n dubbel se twee lope te kry om in die kol te skiet (die proses word “regulasie” genoem) op 50m of so, was om die twee lope met 'n rib (een bo-op die lope waarop die korrel en visier gemonteer was, en een onder) te bou wat van die aksie tot by die punte van die lope gestrek het en wat met tin aanmekaar vasgesmelt was. Die dik gedeelte by die kamers self is aanmekaar gehardsoldeer met geelkoper, so dit het as die “verwysing” gedien omdat die lope daar nie relatief tot mekaar kon beweeg nie. Voor, tussen die krone van die twee lope, het

hulle 'n staalwig (*wedge*) ingelê. Die geweer is hierna, voor dit gegraveer is, of die kolf finaal afgewerk is, skietbaan toe gevat met 'n klompie ammunisie om daar na die teiken te skiet.

As die geweer nie na wense geskiet het nie (byvoorbeeld as die twee lope wyd van mekaar geskiet het) is die ribbes wat die lope aanmekaar gehou het, asook die wig voor, met 'n vlam warm gemaak. Die wig sou fraksioneel beweeg word, en as alles afgekoel het, is daar weer skietbaan toe gegaan met die hele spulletjie en weer na die teiken geskiet. Deur middel van hierdie regulasieproses kon die punt van impak van die lope verstel word deur die wig voor tussen die lope in 'n bepaalde rigting te beweeg tot die geweer geskiet het soos hy moes. Dit was egter 'n tydsame proses wat deur hoogs geskoolde geweerbouers gedoen moes word en waartydens tot 'n honderd skote geskiet sou moes word. Al hierdie faktore het bygedra tot die rede waarom dubbelgewere nog nooit goedkoop was nie.

In moderne tye het tegnologie 'n rol begin speel en hulpmiddels is beskikbaar soos lasers wat deur die lope geskyn word terwyl die ribbes vasgesoldeer word, en selfs skroewe wat wig-

te kan verstel. Hoe suksesvol al hierdie planne op die langtermyn is, is egter steeds debatteerbaar, en dis ongelukkig 'n feit dat die oorweldigende meerderheid moderne bouers van dubbelgewere vandag steeds die tradisionele metode volg.

OU GEWERE IN MODERNE TYE

Die Britte het in die ou dae Kynoch-ammunisie gebruik om hulle dubbels mee te reguleer. Kynoch-ammunisie was gelaai met kordietdryfmiddel wat 'n relatief vinnige brandtempo gehad het, maar wat egter in lang stokkies, amper soos spaghetti, vervaardig is. Kordiet was gemaak van 'n kombinasie van nitrosellulose en nitrogliserien, wat daaraan 'n hoë vlamtemperatuur gegee het. Vandaar ook die sogenaamde *cordite burn* in die kele van gewere wat baie kordiet geskiet het. Kordiet het dus baie plek in die dop opgeneem, en dis derhalwe die rede waarom die meeste van die Britse Nitro Express-kalibers massiewe doppe het.

As ons die horlosie nou met 'n honderd jaar of so vorentoe draai, is hierdie einste groot doppe een van die hoofredes waarom dit soms 'n hoofpyn kan wees om 'n dubbelgeweer te reguleer. Kordiet word vir deka-

des reeds nie meer vervaardig nie en vandag se dryfmiddels neem nie meer soveel dopspasie op as kordiet nie. As ons die welbekende .470 NE as 'n voorbeeld gebruik, kan ons sien dat die .470 se 3¼"-dop 'n waterkapasiteit van 111gr het. Met 'n tipiese moderne lading, byvoorbeeld 88gr Norma 203-B-dryfmiddel met 'n 500gr-koeël, is die dop nie noodwendig vol genoeg nie en moet 'n vuller soos Dacron-watteersel dus gebruik word om oortollige dopspasie op te neem en sodoende optimale verbranding te gee. Moderne dryfmiddels verg dus so 'n bietjie progressiewe denke wat dubbelkalibers aanbetref.

Die loopstaal van ou dubbels is ook nie so sterk soos die staal wat in moderne gewere gebruik word nie en die gebruik van sogenaamde “harde” koeëls met staalmantels word nie aanbeveel nie. Die risiko van die gebruik van sulke harde koeëls in ou gewere is dat die groewe nie noodwendig die koeël graveer as dit afgevuur word nie, maar eerder na buite gedruk word, of (in ekstreme gevalle) die loop uitmekaar laat bars soos 'n piesangskil. Hierdie verskynsel gebeur nie gereeld nie, maar dit is sinneloos om die noodlot te tart in hierdie verband, so gebruik »



BO: Die Britse geweerbouer, Keith Thomas, se werksopset vir die regulering van dubbelgewere. Let op hoe die voorkant van die lope met die gasvlam verhit word ten einde die staalwig (en sodoende die punt van impak van die koeëls) te kan verstel. Foto: Keith Dennison Thomas.

REGS BO: Hierdie .303-patroon is gedurende die Tweede Wêreldoorlog deur PMP met kordiet gelaai. Let op hoe die kordiet in lang stokkies, amper soos spaghetti, vervaardig is. Kordiet het baie plek binne-in 'n dop opgeneem, vandaar die groot doppe van die meeste van die tradisionele dubbelgeweer-kalibers.

DUBBELGEWERE



as die geweer met moderne ammunisie geregleer is deur die fabriek.

Met die risiko van veralgemeening, is ek gewillig om te sê dat kordiet-geregleerde gewere waarskynlik gaan werk met dryfmiddels in dieselfde spoedspektrum soos Somchem S335, S355, Norma 203-B en Alliant R15, en meer moderne gewere met dryfmiddels soos Somchem se S365, S385, Norma MRP, en Hodgdon4831. Ek is in die versoeke om 'n vermenigvuldiging van formules te verskaf wat die verband tussen kordiet en die bogenoemde dryfmiddels definieer, maar ongelukkig is al hierdie formules 'n funksie van die uitsettingsverhouding (*expansion ratio*) van die kaliber, asook die seksionele digtheid van die koeël. Tensy die kalibers dus baie na aan mekaar is betreffende die twee syfers (soos die .470 NE en .500/465 NE) is dit ongelukkig grootliks raaiwerk.

Met ouer gewere is dit raadsaam om by 'n relatief konserwatiewe lading te begin en dan op te werk. Let op dopvulling en gebruik 'n vuller (soos hierbo genoem) as daar te veel spasie in die dop is nadat die koeël ingedruk is. Let wel; die idee is om al die lugspasie tussen die dryfmiddel en die basis van die koeël te vul, nie om net 'n pluisie bo-op die dryfmiddel te plaas nie. Die .470-klas patrone neem tipies so maksimum 10gr watteersel (Dacron) om dit te be-

reik. Dit is ook 'n voorvereiste om koeëls van dieselfde gewig te gebruik as waarmee die geweer aanvanklik geregleer is. Hierdie informasie, sowel as die oorspronklike kordietlading, kan gewoonlik van die proefmerke onder die kamers van die geweer afgelei word, veral met Britse gewere. Indien 'n .470 NE dus aanvanklik met 500gr-koeëls geregleer was, is die kans dus betreklik skraal dat die geweer akkuraat sal skiet met ligter of swaarder koeëls.

VERSILLE IN KOMPONENTE

Komponente vir die dubbelkalibers, en veral doppe, kan soms ook 'n beduidende rol speel in akkuraatheid. As ons weer vlugtig na die .470 NE as voorbeeld kan terugkeer, blyk dit dat 'n hele paar vervaardigers tans doppe en/of gelaai ammunisie vir hierdie kaliber vervaardig. 'n Jaar of so gelede was 'n vriend van my genoodsaak om sy .470-doppe te vervang omdat die Norma-doppe wat hy gebruik het, ietwat lank in die tand begin raak het en begin kraak het. Aangesien Hornady redelik vryelik beskikbaar was op daardie stadium, het hy 'n voorraad van hierdie vervaardiger se .470-doppe aangeskaf, hulle gelaai met die gebruikelike lading wat hy vir sy .470 ontwikkel het, en skietbaan toe gery.

By die skietbaan aangekom, moes hy egter agterkom dat die geweer nou ewe skielik harder »

» dus liefers relatief sagte loodkernkoeëls in ou gewere.

WAAR OM TE BEGIN

Daar is 'n paar herlaaihandleidings beskikbaar wat data vir die Nitro Express-kalibers bevat, en die beskikbaarheid van oorsese dryfmiddels en ander komponente in Suid-Afrika het die lewe vir dubbel-eienaars aansienlik vergemaklik. Verreweg die beste boek in hierdie verband, is Graeme Wright se boek, *Shooting the British Double Rifle*, sowel as die Woodleigh-herlaaihandleiding.

Wat dryfmiddels aanbetref, is dit belangrik om in gedagte te hou dat kordiet se brandtempo

relatief vinnig was, en baie van die ouer bronne dui dus ladings vir dryfmiddels soos IMR3031 aan vir die ou dubbelkalibers. Dit is egter so dat IMR3031 baie gevaarlike drukpieke gee – Jim Bell van die VSA en andere het breedvoerig daarvoor geskryf. Indien jy dus 'n ou dubbel aan die skiet moet kry, sal dryfmiddel wat ietwat vinniger brand, waarskynlik 'n goeie beginpunt wees. Moderne ammunisie vir die ou dubbelkalibers, deur vervaardigers soos Hornady en andere, word egter gelaai met dryfmiddels wat stadiger brand, en hier sal iets soos IMR4350 of selfs Hodgdon4831 waarskynlik 'n beter wegspringpunt wees, veral

GROEI JOU BOERDERY — MET — GERIEFLIKE EN BEKOSTIGBARE FINANSIERING



| Glo in meer

Finansiering gebou vir jou

*Bepalings en voorwaardes geld (beskikbaar by www.deere.co.za).
Onderhewig aan kredietgoedkeuring en die finansieringsbank se bepalinge en voorwaardes.

John Deere Financial word ondersteun deur Absa, 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer en geregistreerde kredietverskaffer. Reg Nr NCRCP7.



JOHN DEERE
FINANCIAL

Volg ons op Facebook Twitter YouTube Instagram

www.deere.co.za
africa@johndeere.com
Kliëntediens: 080 098 3821

» skop, dat die aksie styf is om oop te maak (met 'n dubbel is hierdie 'n seker teken van hoë druk, net soos wat die slot van 'n grendelaksiegeweer styf oopmaak met 'n warm lading), en dat die 500gr Woodleigh-sagte-neuskoeëls nou sommer 150vps vinniger by die loop uitgaan.

Dit het redelik kopkrap geverg om die probleem te diagnoseer maar die rede vir die afwyking was die Hornady-doppe. Die Hornady-doppe se wande was aansienlik dikker as dié van die Norma-doppe wat vantevore gebruik is en dit het dus die dopkapasiteit verminder. Die verskil in dopgewig was omtrent 35gr, en met geelkoper wat 'n digtheid van ongeveer nege keer dié van dryfmiddel het, was die aangewese oplossing om die lading met 4gr te verlaag. Die probleem is toe inderdaad opgelos, en die .470 se werkverrigting was weer wat dit moes wees met doppe wat sommer uit die kamers geval het nadat die geweer afgevuur is.

Dieselfde het al gebeur met verskillende koeëls, en monmetaal- sowel as staalmantelkoeëls kan soms ook verhoogde druk veroorsaak. Maak dus maar seker van die komponente wat jy beplan om te gebruik.

SPESIFIEKE PROBLEME

Soms doen 'n mens alles volgens die boek, maar die geweer wil net eenvoudig nie saamwerk nie. Ek het al meermale gesien hoe feitlik enige voorgeskrewe lading in 'n spesifieke geweer probeer word, maar dat die geweer net eenvoudig glad nie aanvaarbare akkuraatheid wil gee nie. Hoe nou gemaak?

Wel, dit hang van die probleem af. As 'n dubbelgeweer wyd skiet (met ander woorde, die skote van die linker- en regterlope land horisontaal weg van mekaar) kan die probleem op twee maniere aangespreek word. Die eerste moontlike oplossing is om die trompsnelheid op te stoot deur 'n grein of twee ekstra dryfmiddel te laai met dieselfde gewig koeëls. As dit nie wil werk nie, kan dryfmiddel wat ietwat vinniger verbrand probeer word en, as 'n laaste uitweg, selfs ligter koeëls.

As die lope oorkruis van mekaar skiet (die linkerloop skiet regs van die mikpunt en andersom) is die diagnose presies die teenoorgestelde: verminder trompsnelheid, gebruik 'n stadiger dryfmiddel.

Soos reeds genoem, is die eerste teken van oormatige druk in 'n dubbel as die geweer swaar

oopmaak nadat dit afgevuur is. Aangesien die meeste van die dubbelkalibers teen betreklik matige kamerdruk funksioneer (gewoonlik in die omgewing van 30 000psi) is dit raadsaam om trompsnelheid dienoooreenkomstig matig te hou ten einde skade aan die geweer te vermy. 'n Chronograaf is ook 'n onontbeerlike stukkies toerusting ten einde drukprobleme te vermy en nie in die donker rond te tas nie.

SKIETBAAN TOE


Op die skietbaan is daar een of twee dinge wat ook in gedagte gehou moet word. Die eerste is dat die meeste swaarkaliberdubbels gewoonlik op 50m geregleer word, en dit is dus sinneloos om te begin op 100m en die geweer aanvanklik op hierdie afstand aan die skiet te probeer kry. Dieselfde geld ook vir kort afstande, en die feit dat 'n dubbelgeweer byvoorbeeld op 20m mooi skiet, sê ongelukkig nie veel oor die geweer se vermoëns op langer afstande nie.

Terugskop is iets wat nie almal ewe goed hanteer nie maar met die prys van swaarkaliberkomponente is dit wel 'n goeie idee om hiervoor voorsorg te tref. Indien nodig, gebruik 'n adisionele skopkussing om die

houe (op die skouer en die beursie) ligter te maak.

Ten einde te kan bepaal waar elke loop skiet, is goeie notas 'n voorvereiste. Maak seker waar elke skoot op die teiken geland het en maak dan planne van daar af. Dis soms nie altyd so maklik om te sien as 'n dubbel se lope oorkruis van mekaar skiet nie, veral as dit nie met baie is nie, en gereelde besoeke by die teiken is dus een van die dinge wat 'n mens aan gewoonde gaan moet raak tydens die reguleringsproses. Merk die gate duidelik vir toekomstige verwysing. Ek gebruik 'n swart koukie-pen en merk die gate met "L1" of "R2", afhangende van welke loop afgevuur is en die hoeveelste skote deur die teiken is.

Na al die moeite gee dit 'n mens soms baie satisfaksie om 'n dubbelgeweer te kry om die skote van albei lope in 'n twee- of drieduimgroepering te kry. Dit vergelyk nie met die akkuraatheid van 'n vlakteroer wat vir springbokskiet op langafstand bedoel is nie, maar dit is, soos die Amerikaanse geweskrywer Craig Boddington een keer geskryf het, "*minute-of-grapefruit*". Vir 'n dubbel is dit goed genoeg! 🎯



Die proefmerke van dubbelgewere is dikwels 'n goeie bron van informasie aangaande die lading waarmee die geweer aanvanklik geregleer is. Hierdie proefmerke is dié van 'n Westley Richards .303 wat uit 1902 dateer. Omdat die .303 destyds die Britse militêre kaliber was, is die woorde "*Nitro Proved*" in plaas van die gebruiklike "*Nitro Proof*" onder die lope ingepons.

RUDOLPH

Varmint Series:

V1 2.5-15x50mm T3 IR

V1 5-25x50mm T3 IR



Features:

- * **NQA** Lifetime Warranty
- * One-piece Tube Construction
- * 2nd (rear) Focal Plane Reticles
- * Fully Multi-Coated Lenses
- * 30mm Tube Diameter
- * Dioptic Compensation
- * Tactical Pop-up Turrets
- * Side Focus Parallax Adjustment
- * T3 **Illuminated** Reticle

Dealer Enquiries: 021 887 3700

"WHEN ACCURACY MATTERS"

www.rudolphoptics.com * info@rudolphoptics.com

Om met 'n boog te jag, is nie altyd maklik nie en om jou prooi met 'n houtboog plat te trek, verg nie net geduld nie, maar ook vaardigheid en geluk.

Wanneer ek van 'n houtboog praat, bedoel ek 'n tradisionele boog en nie 'n kragboog of *compound* nie. Ek praat van 'n boog soortgelyk aan dié wat Robin Hood mee geskiet het en die boë waarmee die Engelse langboogskuts die Franse in die middeleeue pakgegee het.

Die meeste boë waarmee vandag se tradisionele skuts oefen en jag word egter nie net van hout gemaak nie, maar van laminasies van hout, veselglas en soms ook koolstof. Dié boë skiet 'n pyl vinniger as boë wat net van hout gemaak is en is ook meer duursaam.

Sommige tradisionele boogskuts verkies egter om boë te skiet wat net van natuurlike materiaal gemaak is, soos hout, bamboes en sening. Dit verg baie vaardigheid om só 'n houtboog te bou, want die plank of stomp waarvan die boog gemaak word, moet in der waarheid "ge-

JAG MET 'N HOUTBOOG

Tradisionele wapens hou romantiek in wat jagters bekoor.

BO: Jou boog se trekrag moet genoeg wees om die pyl teen die regte spoed te skiet om genoegsame penetrasie deur die hart en longe te verseker. Die bloedverlies wat die pyl veroorsaak is die oorsaak van die dier se dood.

ONDER: 'n Houtboog met 'n koker vol pyle, gereed vir die jagveld.



Rean met 'n koedoebul wat hy met 'n houtboog gejag het. Om suksesvol met 'n houtboog te jag, verg toewyding, geluk en vernuf.

leer" word, om te buig. Dit word gedoen deur die hout op 'n spesifieke wyse weg te skraap en die boog versigtig en stap vir stap te vorm en te buig totdat dit 'n D-vorm aanneem wanneer dit gesnaar en gespan is.

Die langboë en kromboë waarmee die meeste tradisionele jagters vandag suksesvol jag, word van die rak af gekoop of by 'n spesifieke boogmaker bestel. Daar is ten minste vier boogmakers in Suid-Afrika wat boë van 'n hoë gehalte bou. Van die bekende boogmaatskappye wat kragboë vervaardig soos Mathews, Hoyt, Bowtech en PSE het ook tradisionele boë beskikbaar, hoewel hulle reekse van dié soort boë baie kleiner is as hul kragboogreekse.

'n Mens kan nooit oor langer afstande so akkuraat met 'n langboog of kromboog skiet as wat 'n mens met 'n kragboog kan doen nie. 'n Kragboog het 'n visierstelsel, terwyl 'n tradisionele boog gewoonlik nie met só 'n stelsel gebruik word nie. Kragboë gebruik nokke of "katarolle" om die meeste trekspanning van die boog in die kables

te stoor en sodoende kan die skut die boog langer vashou om sekuur met sy visiere te mik. 'n Kragboog is baie akkuraat en in die hande van 'n geoefende skut kan teikens oor meer as 'n 100 meter in die kol getref word.

GEVOEL EN AFSTAND

Met tradisionele boë skiet 'n mens grootliks op gevoel, maar met genoeg oefening kan 'n skut baie akkuraat daarmee skiet – akkuraat genoeg om eties daarmee te jag. Die tradisionele boogskut moet egter sy beperkings ken en daarvolgens die afstand bepaal waaroor hy met sekerheid 'n bok kan plattrek. Die maksimum jagafstand moet 'n afstand wees waar hy keer op keer die kol op 'n teiken tref en nie waar hy net die helfte van die tyd, of selfs 90 persent van die tyd, die kol tref nie.

Die tegniek wat gebruik word om met 'n tradisionele boog te mik, is baie kontroversieel en moeilik om te omskryf. Sommige skuts skiet "instinktiëf" en ander gebruik die een of ander verwysingstegniek om mee te mik, soos die voerpunt van die

pyl. Selfs kundiges verskil oor presies hoe dit werk of gedoen moet word. Jy leer dit aan deur dit te doen – en dan verstaan jy.


Die werkbare jagafstand vir die gemiddelde houtboogjagter is nie verder nie as 15 tot 25 meter. Om só naby aan 'n bok te kom, verg 'n besonderse goeie bekruiptegniek of baie geluk. Ek het al baie kere die een loop-en-bekruippoging na 'n ander verbrou. Dan gebeur dit dat ek in

die skadu van 'n boom staan en sien hoe 'n bok nader loop. Die wind waai reg en omdat ek doodstil staan en 'n ghillie-oorpak aan het, sien die bok my nie. Al wat ek dan moet doen, is om die pyl in die snaar te haak, ongesiens die boog op te lig, te span en te skiet. Selfs dít word maklik verbrou.

Dit is baie makliker om die bok in te wag. Die boogjagter kan die paadjies waarin die bokke loop, bestudeer en 'n plek kies waar verskillende paadjies met baie spore bymekaar kom. Dan moet die boogjagter homself goed versteek en wag. Daar moet natuurlik vooraf seker gemaak word dat die boog maklik gespan kan word sonder om teen iets te stamp. Die geringste geluid sal die bok die hasepad laat kies. Die jagter kan ook in 'n boom klim. Koedoes kyk soms op en sal die jagter sien indien hy nie spesiale klere dra nie, maar die meeste ander bokke steur hulle net aan wat op die horisontale vlak voor hulle gebeur.

TE VOET JAG OF INWAG

In die VSA word die meeste jag op bokke vanuit boomstoele »



Tydens die vervaardiging van tradisionele houtboë moet die hout waarvan die boog vervaardig word, op 'n spesifieke wyse weggeskraap word ten einde die D-vorm van die klaargemaakte boog te kan aanneem.



Rean beveel 'n boog met 'n trekkrags van ten minste 50 pond aan vir mans. Vir vrouens is 'n boog met 'n trekkrags van 40 pond meer geskik.

» gedoen. Dit werk ook goed in ons land. Die jagter moet seker maak hy sit stewig in die boom of die boomstoel. Baie boogjagters het al baie seergekry of selfs hulle lewe verloor nadat hulle uit 'n boom geval het. Die meeste boomstoele het 'n harnas waaraan die jagter vasgemaak word om te keer dat hy uit die boom val indien hy aan die slaap raak. Baie boogjagters jag uit skuillings op die grond.

Om vir ure lank vir 'n bok te sit en wag, kan nogal vervelig raak. Dit is baie meer opwindend om te voet te jag en ook baie meer uitdagend. 'n Jagter wat 'n bok met sy houtboog te voet wil jag, moet goed voorberei. Dit help indien jagklere in 'n reukwerende middel gewas word en nie saam met ander klere gestoor word nie. Daar is spuitmiddels waarmee die hele lyf gespuut kan word om sodoende reuk soveel moontlik te verdoes. Sommige kundiges reken egter dit is glad nie moontlik om diere só te fnuik nie. Hulle reuksintuig is net té goed. Hou dus maar by die ou reëls en probeer om wind-af van 'n prooi te bly.

'n Ghilliepak of *leafy suit* kan ook help om jou minder na 'n mens en meer na 'n boompie of 'n bos te laat lyk. Maak ook seker dat daar nie loshangende goedjies aan die klere of toerusting is wat geraas kan maak of aan takke kan haak nie. Wanneer jy só naby aan 'n dier moet

kom, moet jy geruisloos wees en so stadig moontlik beweeg.

ENIGE WILDGROOTTE

Alles in die veld kan met 'n houtboog gejag word – ook grootwild. Die boog moet net die pyl vinnig genoeg kan versnel sodat dit die dier diep genoeg deurboor om die hart en albei longe te tref. Hoe groter die dier wat gejag word, hoe hoër moet die trekkrags van die boog wees en hoe swaarder die pyl.

Omdat 'n houtboog nie die pyl met dieselfde krag of spoed as 'n kragboog skiet nie, is meer trekkrags nodig om 'n spesieke dier te jag. 'n Kragboog met 'n trekkrags van 50 pond sal waarskynlik net soveel of selfs meer energie vrystel as 'n langboog met 'n trekkrags van 70 pond.

Moenie dink hoër pylsnelheid lewer noodwendig “beter” resultate nie. Intendeel, skootplasing bly die belangrikste. Selfs kinetiese energie is nie 'n goeie maatstaf van boë se werkverrigting nie. Boë dood deur bloedverlies vanaf die direkte wond. Daar is geen sekondêre weefselsskade nie – en daarom is die vermoë om te penetreer van belang en nie die “skok” of “slag” van die pyl nie.

Houtboogjag is nie die maklikste roete om te neem nie. Dit is gewis die “smal paadjie”. 'n Mens sou vra waarom iemand hoëgenaamd met 'n tradisionele boog sal wil jag. Dit is baie

moeilik om te verduidelik, omdat dit nie iets is wat logies verantwoordbaar is nie. 'n Mens hou van tradisioneel skiet of jy hou nie daarvan nie. Tradisionele boogskiet is deel van 'n lewenswyse en 'n romantiek wat net deur die ervaring daarvan begryp kan word.

GEEN WEDLOOP OF MEDEDINGING

Een van die tradisionele boog se voordele is dat jy nie aan 'n tegnologiewedloop deelneem nie. 'n Tradisionele boog kan in dié opsig met 'n geweer vergelyk word. Jy koop jou geweer en jy hou dit vir die res van jou lewe. Jy koop miskien later ander kalibers by, maar jou .308 of .30-06 bly modern – dit is nie nodig om dit 'n paar jaar later met 'n nuwe, vinniger model te vervang nie. Jou tradisionele boog “verouder” ook nooit nie.

Die genoegdoening wat 'n jagter ervaar wanneer hy 'n bok met 'n houtboog plattrek, is groot. Hiervan kan ek uit ervaring getuig. Ek het 'n klomp diere met 'n kragboog, 'n houtboog, 'n geweer en 'n voorlaaier gejag. Jag bly jag, ongeag die wapen waarmee jy jag. Elke jagwapen het sy voordele en nadele, 'n eie manier van jag wat daarmee saamgaan – en elkeen kan sorg vir wonderlike ervarings.

Vir my is jag te voet, met 'n houtboog, die moeilikste en dus is die gevoel van genoegdoening wanneer ek suksesvol is, ook die

grootste. Mense verskil egter en nie almal sal of hoef dit soortgelyk te ervaar nie. 'n Ander jagter mag dit dalk baie meer uitdagend vind om 'n bok oor 'n lang afstand met 'n geweer of selfs 'n boog plat te trek.

SKAF EEN AAN

Indien jy belangstel om 'n houtboog aan te skaf, is dit wys om 'n boog te koop met 'n trekkrags wat jy baas kan raak. Moenie 'n té swaar boog kies nie, want dan gaan jy van die begin af 'n verkeerde styl aanleer of jouself beseer. Jy hoef nie 'n boog te kies wat jy baie maklik kan trek nie, net een wat 'n bietjie inspanning verg, want jou spiere gaan gou aanpas. Die boog wat jy nou maklik trek, sal vir jou “pap” voel. Jy moet werk om die boog te span, maar dit moet gewis nie enigsins voel asof jy spiere gaan skeur nie.

'n Gemiddelde trekkrags wat mans maklik kan baasraak, is 50 pond en vir vroue is dit 40 pond. Kinders skiet gewoonlik maklik met boë tussen 25 tot 35 pond. Ek wil amper nie dié maatstawwe daarstel nie, want mense verskil baie en só ook die trekkrags wat hulle kan baasraak. Sterk manne kan baie kere nie 'n boog met 'n trekkrags van 50 pond trek nie, bloot omdat die werk nie regtig deur die armspiere gedoen word nie, maar deur spiere by die skouerblaai in die middel van die rug. Die spiere word oor die algemeen nie baie gebruik nie, maar gewoonlik goed ontwikkel by mense wat boogskiet. Indien jy twyfel, koop eerder 'n boog wat té lig is as een wat té swaar is. Jy kan eerder op 'n latere stadium 'n swaarder boog aankoop en die huidige boog weer verkoop of vir iemand anders gee om mee te begin.

Boogskiet is groot pret en om 'n teiken met 'n houtboog keer op keer te tref, is 'n wonderlike ervaring. Kom, probeer dit gerus en word só deel van 'n klein groepie boogskuts en boogjagters in die land. 🏹



NEW!



Leica PRS 5-30x56i.

The long-range specialist with 6x zoom.

When it comes to accuracy at a distance, long-range shooters can rely on the uncompromising technology of the new Leica PRS 5-30x56i riflescope. Its generous magnification range of 5x to 30x offers a wide array of uses – at various distances and under the most difficult conditions. Thanks to the high-quality metal components, the PRS 5-30x56i is extremely rugged and precise, while the powerful optics deliver light transmission of over 90% as well as high-contrast images. The shooter can concentrate fully on the target – ensuring optimum performance for long-range sport shooting.

leica-prs.com

#masterthedistance



tudortech

For more information please contact Ian Hardie:
leicasales@tudortech.co.za | 082 894 1528



Hartbeesbulle vorm soms klein groepies. Hierdie twee is afgeneem naby 'n soutlek.

Die Kaapse of rooihartbees (*Alcelaphus buselaphus caama*) was vroeër volop regoor Namibië, suidelike Angola, die Kalahari van Botswana en die Noord-Kaap, asook ander droë dele van ons land. Hierdie bokke is egter in die verlede straf gejag en daarom het hul getalle afgeneem. Vandag is hulle gelukkig weer redelik volop en word feitlik regoor ons land aangetref, grootliks weens hervestiging deur wildboere.

Waar ek in die ou Suidwes-Afrika grootgeword het, was hulle regtig volop maar my pa het verkies om eerder koedoes en springbokke te skiet – behalwe toe hy plaasbestuurder was op 'n eiendom met geweldig

DIE HARTBEES, ONS VLUGVOETIGE VLAKTEBOK

Ek het plat op my maag gelê, met die geweer oor my verkyker gestut en gewag tot die ou bul gaan staan...



Die uitsig oor die Vanderkloofdam vanaf die plato bo-op die berg. Die kamp is weggesteek in die lap soetdoringe aan die regterkant van die foto.

baie hartbeeste en dié bokke gereeld geskiet is as vleisrantsoene vir die plaaswerkers. Ek het egter nooit die geleentheid gekry om as jongman in my geboorteland hartbeeste te jag nie en het eers in my laat twintigs my eerste een in die Noord-Kaap geskiet.

In Oktober 2019 het ek Mynhard Herholdt (die eienaar van die Noord-Kaapse Beroepsjagskool) se plaas besoek wat aan die Vanderkloofdam grens, en daar 'n mooi ou bul gejaag. Dié eiendom is naby die dorpie Petrusville. Maar voor ek daarvan vertel, kom ons gesels eers in die algemeen oor hartbeeste.

MEER OOR HARTBEESTE

Hierdie rooikleurige bokke is deel van 'n groter familie *Alcelaphini*-bokke wat nie juis indrukwekkende horings het nie en almal half “snaaks” gebou is. Dink maar aan die blesbok, bontebok, tsessebe, topi en al die ander soorte hartbeeste (daar is altesaam nege subspecies). Hulle het almal lang, smal koppe, gepunte ore en so 'n half dommerige, hartseer uitdrukking op hul gesigte (miskien voer ek my verbeelding nou 'n bietjie te ver). Verder het hulle



BO: Hierdie is die bul waarvan ek in die artikel vertel. Let op dat sy linkervoorbeen nie lekker kan buig nie. Die lit by die knie is baie dik – moontlik weens 'n ou besering.

INSETSEL: Ek het die bul laag op sy blad geskiet en die koeël is deur die hart. Die stok se punt dui aan waar die Bondstrike-koeël getref het.

langerige, skraal nekke en dun bene, en hul skowwe staan hoër as hul boude. Soms lyk dit amper vir my of hierdie familie uit 'n klomp losstaande onderdele opgebou is wat nie eintlik veronder-

stel was om bymekaar te pas nie.

En tog is die rooihartbees op 'n sonderlinge manier vir my mooi... veral as hy begin gallop. Die bokke van hierdie familie tel onder die vinnigstes in Afrika en begin hulle eers hardloop, kan hulle aanhou en aanhou. Ons rooihartbees is bekend vir

sy groot uithouvermoë.

My pa was toentertyd (vroeë 1950's) 'n plaasbestuurder op Karamba in die ou Suidwes. Dié plaas het gewemel van hartbeeste en hy vertel hoe hy een oggend 'n baie jong kalf met die perd wou aankeer en vang om hom mak te maak. Hy het die »





BO: Só lyk die jagkamp in die lap soetdorings waar ek gebly het. **ONDER:** My uitsig van die kamp af na die Vanderkloofdam toe. Die waterkant is skaars 200m weg.

» kalf met baie moeite in die regte rigting gedwing maar die hartbesie wou eenvoudig nie flou raak nie. Grootkoos is herwaarts en derwaarts deur die veld agter die hartbees aan, maar moes uiteindelik tou opgooi want sy perd was later te flou om by die bok by te hou.

Blykbaar kry die hartbees sy naam van die eertydse Nederlandse koloniste in Suid-Afrika wat met die woord “hart” verwys het na dié bok se groot uithou vermoë. In Afrikaans praat ons ook van ’n mens of ’n dier wat ’n “groot hart het” as ons na veggees verwys.

Die enigste lede van die *Alcelaphus*-familie wat vir ons plaaslike jagters van belang is, is die blesbok, bontebok, tsessebe en die rooihartbees. Bontebokke en tsessebes is duur en selfs

die hartbees is nie so vreeslik bekostigbaar as jy sy prys vergelyk met sy gewig nie. Tog is die hartbees belangrik as jagspesie in Suid-Afrika, Namibië en Botswana. Hulle is nie die gewildste biltong/vleisbokke nie, want hul vleis is nie vir almal ewe lekker nie. Maar smaakverskil en daar is wel mense wat baie van hartbeesvleis hou. As ek een vir vleis moet skiet, sal dit vroeg in die jaar wees wanneer die gras nog jonk en groen is. Hartbeeste is hoofsaaklik graseters.

Rooihartbeeste staan omtrent 1.2m hoog by die skouer en die bulle weeg so 150 tot 170kg op die hoof. Koeie is effens ligter. Beide bulle en koeie het horings wat eers opwaarts groei, dan vorentoe draai en dan weer skerp na agter. Dis nogal moeilik om tussen die geslagte te onderskei

as jy nie ’n ervare jagter is nie. Koeie is gewoonlik ligter van kleur as bulle en hul horings is dunner, veral by die basisse. Bulle (veral die volwasse diere) kan maklik uitgeken word aan die penisknop op die maag (as die gras nie te lank is nie). Dan is die bulle natuurlik ook stewiger gebou met dikker nekke.

Omdat hierdie diere operewêreld verkies, is hulle gewoonlik nie te moeilik om op te spoor nie. Gaan sit iewers op hoë grond en soek oor die veld met jou verkyker. Hul rooi lywe is baie maklik om op te tel. As dit warm is, soek hulle soos enige dier, skaduplekke op en bosse of bome aan die soom van panne. Die rande van grasvlaktes is ook gewilde rusplekke.

Hartbeeste kan nogal gebiedsgebonde raak en dus is dit

moontlik om hulle voor te sit by gewilde rusplekke. Soos die meeste vlaktebokke, is hul sintuie baie goed ontwikkel, alhoewel sommige glo hul sig is nie waffers nie. Moet jou egter nie om die bos laat lei dat hierdie diere veronderstel is om “nie baie goeie sig” te hê nie. Wat wel die geval is, is dat jy veral laatmiddag daarin kan slaag om hartbeeste suksesvol te bekruip. Soms sal hulle jou staan en aanstaar asof hulle nie weet wat jy is nie. Moet net nie glo dat hul sig swak is nie, want dis nie waar nie. Ek het gevind dat hul gehoor ongelooflik goed is en hul reuksintuig ook.

Hartbeeste vorm kleinerige troppies van so 10 tot 30 diere en is hoofsaaklik daglewend. Hulle wei meestal gedurende die koeler dele van die dag en





Ek het elke maaltyd op die kole gaargemaak. Hier is dit roereier met uieringe ingesny, en 'n braaibroodjie.



rus as dit warm is. Gedurende paartyd raak die bulle erg territorial en veg soms verbete ondermekaar om die harems koeie te behou in hul gebied. Bulle vorm soms troppies en by geleentheid sal jy ook alleenloperbulle kry. Waar water beskikbaar is, drink hartbeeste gereeld maar hulle kan lank sonder water klaarkom in die droë streke. Hulle is nogal lief vir sout- en minerale lekkies en word dikwels by sulke plekke aangetref.

AFGELEË BOSKAMP

Op Mynhard se plaas het ek verkies om in sy boskamp te bly waar sy studente soms tyd spandeer vir veldopleiding. Die kamp bestaan uit 'n paar tente wat in 'n lap soetdorings opgeslaan is so 200m van die Vanderkloofdam se waterkant af. Daar is ook 'n kombuistent met 'n vrieskas wat aangedryf word deur sonpanele en 'n "lesingsaal" – 'n groot tent wat gemaklik 20 mense kan akkommodeer. Water kry jy uit 'n tenk wat vol gepomp moet word. Dan is daar 'n kouewater-bosstort en 'n toilet met 'n "uitsig" – darem 'n spoeltoilet moet ek byvoeg, jy moet net elke keer sy tenkie volmaak om dit te kan trek.

Ek het alleen in die kamp gebly en somer agter in my bakkie geslaap, want vandaar kan jy die sterre mooier sien as vanuit die tente. In die een tent is daar 'n tweerigtingradio en ek het elke aand vir Mynhard gekontak om te laat weet dat ek die dag oorleef het. Om te kom waar die hartbeeste loop, moes ek elke dag bergklim en dis erg klipperig. Jou grootste vyand as jy alleen is, is dus nie wilde diere nie maar dat jy kan val en jou been breek of ander ernstige beserings opdoen. Gedurende die dag het ek ook 'n klein handradio gedra.

Die eiendom (6 000ha groot) bestaan uit 'n baie groot grasvlakke en 'n bergreeks met 'n plato bo-op van sowat 2 000ha en dis op hierdie plato waar daar baie wild loop. Op die grasvlakke is dit so oop dat jy 'n veldmuis kilometers ver kan sien aankom, so dis nie altyd moontlik om daar wild te bekruip nie, tensy jy baie jagt tyd tot jou beskikking het.

Omdat die berg en plato slegs enkele honderde meters van die kamp af is, het ek somer elke oggend te voet uit die kamp begin jag. Dit neem sowat 45 minute tot 'n uur se klim om bo-op die plato te kom. Op pad boontoe kom jy soms koedoes en ander wild teë, maar ek was op soek na 'n hartbeesbul en 'n springbokram. Ek het soms wel die ander wildsbokke bekruip en verskeie koedoes, blouwilbeeste en waterbokke "geskiet". Dis vir my lekker om wild te bekruip en met droogvuur (*dry firing*) 'n bok te "skiet".

Van die kamp af is daar 'n kloof wat jy kan volg tot in 'n hoë nek tussen twee berge. In die nek is 'n grond dam en skuins links daarvandaan (so 'n paar honderd meter) 'n windpomp en grond dammetjie waar die wild gereeld drink. Die dag toe ek die hartbees geskiet het, het ek eers die kloof vir 'n hele ent gevolg en toe teen die linkerkantse berghang uitgeklim tot

ek bo-op die plato was. Reg op die rand van die plato het ek 'n koedoebul verras en ons het lang sekondes vir mekaar staan en kyk. Deur die geweer teleskoop kon ek sien dat hy van my bewus was, maar my blykbaar nie positief geïdentifiseer het nie. Na 'n rukkie het hy omgedraai en stadig tussen die bosse uit oor die vlakte begin wegstap.

Ek het my aandag by ander wild bepaal. Verder weg was daar 'n trop bobbejane, ook volstruise en 'n klompie blesbokke. Ek het in die skadu van 'n kareebos gaan staan en verder gesoek met die verkyker. Na seker goed 20 minute het ek in die wasigheid van die lugspieëling 'n lyntjie bokke op die horison sien verskyn. Oomblikke later kon ek sien dat dit hartbeeste was. Hulle het doelgerig na regs gepyl en ek was seker dat hulle na die drinkplek toe aan't stap was. Ek was nog ver van dié drinkplek af en weens die bobbejane se teenwoordigheid (met hul uiters goeie sig) het ek kortom gedraai en is weer teen die hang af, die kloof in.

OMPAD OM HARTBEESTE TE FNUIK

Ek wou klooflangs stap tot by die grond dam in die nekkie en daarvandaan nader aan die drinkplek beweeg. Op pad na die nek toe moes ek koedoes en blouwilbeeste ontduik en dit het my veel langer geneem om die grond dam te bereik as wat ek gehoop het.

Vanaf die grond dam het ek koers gekies windpomp toe. Sou die hartbeeste ooit nog daar wees? Ek het baie stadig beweeg en later plat op my boude gaan sit en stadig vorentoe geskuif. Die platovlakte het later in sig gekom en ek het dadelik blouwilbeeste en blesbokke aan my regterkant gewaar. Van die hartbeeste was daar geen teken nie. My hart het tot in my skoene gesink... al die moeite verniet!

Ek het egter steeds stadig vorentoe geskuif en kort-kort gestop om die omgewing deur my verkyker te bespied. Skuins regs, agter die windpomp was »



Ek het Norma-fabrieksammunisie gebruik wat met Norma se nuwe Bondstrike-koeël van 180gr gelaai was. Die kaliber was .30-06.



BO: Let op hierdie hartbeesbul se donker kleur. Bulle is gewoonlik donkerder van kleur as koeie. Dis 'n bul wat ek seker 10 jaar gelede in die Noord-Kaap geskiet het. **ONDER:** Nog 'n pragtige uitsig oor Mynhard se plaas. Daar is talle plekke waar jy op die Vanderkloofdam kan afkyk van die berg af.

» daar 'n effense lopies met laer grond en toe ek weer daar soek, sien ek 'n hartbees se horings bo die gras uitsteek. Ek het nog nader beweeg met slegs twee yl bossies voor my as skuiling. Eens by hulle, kon ek die gebied regs van die windpomp beter bespied. Daar het nie minder nie as sewe hartbeeste gelê. Hulle moes klaar gedrink het en toe besluit het om 'n middagrusse te geniet. Van vyf bokke was net die koppe sigbaar en hulle was oor die 300m ver.

Die geweer wat ek gebruik het, was 'n Blaser in .30-06, toegerus met 'n Blaser-teleskoop met 7x vaste vergroting. Nie die ideale teleskoop vir lang skote en klein teikens nie. Ek was in elk geval nie van plan om sulke lang skote te neem nie. Die ammunisie wat ek gebruik het, was Norma se nuwe Bondstrike-fabriekspatrone, gelaai met 180gr-

koeëls. Terloops, pasop maar as jy na 'n hartbees se kop skiet, want die horings groei uit 'n verlenging (*pedicle*) van die kopbeen, en tref die skoot effens te hoog naby die horingbasis, skiet jy bo-oor die brein. Die bok sal soos 'n klip val, net om 'n paar oomblikke later op te spring en die pad te vat.

DIE REGTE KALIBER

Ek glo enige van die 6.5-kalibers wat in die 6.5x55 se klas val, is kragtig genoeg vir hartbeeste, maar dis beter om 'n groter kaliber te gebruik. Weens hartbeeste se voorliefde vir oop terrein, word jy dikwels gedwing om lang skote te neem en dis dan dat 'n kragtiger kaliber met 'n plat koeëltrajek baie handig is. Waar hulle in oop terrein gejag word, sou ek die .270 of 7x64 as minimum aanbeveel en 'n .300 Win Mag of enige .30-kaliber in

dieselfde klas. Sou jy jou skote tot 200m beperk, is die 6.5x55 en soortgelyke kalibers goed genoeg.

Die son was warm en die hartbeeste glad nie haastig om te beweeg nie. Vanweë die yl skuiling kon ek nie nader gaan nie, so wag was my enigste uitweg.

Na bykans twee ure het die bokke, asof op bevel, opgestaan en amper reguit in my rigting begin beweeg. Ek het net bly geraak toe die voorste een, 'n ou bul, skielik links wegswei en doelgerig aanstap. Hulle is verby die gronddammetjie en windpomp en het oor 'n kaal stuk grond koers gekies na 'n bosserige deel toe. Teen hierdie tyd het ek plat op my maag gelê, my verkyker reeds afgehaal en dit as rus gebruik. Soos die bul aanstap het ek gemerk dat hy krupel is, maar hy wou nie stop nie.

Iets het gelukkig sy aandag getrek en hy het skielik vier-

spoor en plankdwars vasgesteek en na die bosse voor hom gestaar. Ek het gou die afstand gemeet... 186m. Met die Blaser op my verkyker gestut, het ek laag op die bul se blad aangelê. Toe die skoot klap, het hy dwarsweg weggespring maar dadelik gestruik en skaars 10m vanwaar hy die skoot ontvang het, neergeslaan.

Toe ek by hom kom, het ek die oorsaak van sy krupel linkervoorbeen gesien. Die bul moes sy knie vroeër gebreek of erg beseer het, want dit was stokstyf en wou byna glad nie buig nie (sien foto). Dit was 'n ou bul en dus die regte een om te skiet. Die 180gr-Bondstrike is reg deur die hart, het die lyf ten volle gepenetreer en die uitgangswond het getoon dat die koeël mooi omgeklink het.

'N HERBESOEK WERD

Ek het gou sy pens uitgehaal en toe vir Mynhard-hulle oor die radio geroep. Die herwinningsvoertuig was elders besig en dit sou amper twee ure duur voordat hulle my en die bok kon kom oplaai. Ek het dus die laatmiddag daar bo-op die plato spandeer, foto's geneem en wild met die verkyker bestudeer tot ek die 4x4 hoor dreun het.

Mynhard se plaas is baie mooi en daar is volop wild. Dis 'n plek wat ek met groot vrymoedigheid sal aanbeveel en waarnatoe ek baie graag sal wil terugkeer vir nog 'n solo-jag.

* Vir meer inligting oor die Noord-Kaapse Beroepsjagskool en Mynhard Herholdt se jagonderneming, kontak hom by 083-262-1891 of per e-pos by mhhs@mweb.co.za





#browninglifestyle



 **BROWNING®**

it's not just a brand
IT'S A LIFESTYLE

Legendary solidity and reliability • 160 year old Legacy of Excellence
Extensive range of products • Verification of precision of each firearm that
leaves the production workshop with the Browning 10 year warranty

Available at all participating dealers. Contact Inyathi to locate your nearest dealer.

Tel: 012 808 9911 • info@inyathi.net
Terms & conditions apply. E&OE. While stocks last.



Distributed by
INYATHI
SPORTING SUPPLIES



BO: Elias en Cassie by die swartwitpensbul waarvan hy vertel.

ONDER: Lukas, die sjef wat 'n groot impak op Cassie se jag gehad het.

DIE SJEF EN DIE SWARTWITPENS

Soms het 'n sjef meer op sy spyskaart...



Hoe belangrik is dit om 'n sjef tydens 'n jagtog te hê? Is dit nie so dat 'n man (en seker 'n vrou ook) beter jag as hy/sy goed geëet het nie? En tog is ek redelik seker dat die meerderheid van alle jagters sal vra: "Wat? 'n Sjef op 'n jagtog? Dis al klaar so duur om te jag en nou wil jy nog die kostes verder opjaag deur 'n sjef ook by die jaggroep te voeg?"

Met my jaggroep is ons op onsself aangewese om kos te maak en ons hou dit so informeel en eenvoudig as moontlik. Dis gewoonlik braaigeregte in die aand, met pap of braaibroodjies. Geen groente of slaai word toegelaat nie, behalwe Robbie se boontjieslaai met brandewyn, wat al beter word hoe langer dit staan. Tydens die laatoggende wanneer die oggendsessie

in die veld verby is, is dit *brunch* met spek en eiers en oorskiet van die vorige aand se braai. Ons probeer om die uitgawes met die kos so laag as moontlik te hou, dus is ons spyskaart ekonomies, dog vullend.

Soms kom 'n gelukkie oor jou pad en word jy saamgenooi na 'n jagtog op 'n wildsplas met 'n luukselodge en dan is dit ondenkbaar dat jy self kos moet maak. Hier word jy bederf deurdat daar 'n sjef is (Lukas) wat die heerlikste kos voorberei en ons vet(ter) voer oor die jagnaweek. Ons eet so baie gedurende dié naweek dat ek dink dit sekerlik die grootste rede is waarom die agterband pap geword het tydens die Saterdag-laatmiddagrit. Te veel gewig en druk vir die band om te hanteer.

MEER OP DIE SPYSKAART

Maar Sjef Lukas het nie net gesorg vir die liplekke kos nie. Sy grootste bydrae (altans vir my) het gekom op 'n heel ander gebied wat ek glad nie kon voorsien het nie. Dit was sy goeie oog en verbasende oplettendheid die Vrydagoggend waarvoor ek baie dankbaar is.

Die Donderdagaand word ons meegedeel dat daar twee swartwitpensbulle is wat gejag moet word omdat die teeltrop in die groot kamp ingeskuif moet word en daar bekommerenis is dat dié twee bulle met die teelbul sal baklei en baie skade kan veroorsaak. Die onverwagte nuus dat ek en een van my medejagters die voorreg kry om dié twee bulle te jag, het my sprakeloos laat wonder of ek reg gehoor het... 'n Swartwitpens wat nie eens op my *bucket list* is nie! Al is ek nie 'n trofeejagter nie, kon ek soos een voel, eintlik meer as dit – eerder soos 'n grootwildjagter!

Die opgewondenheid hou my egter wakker en ek rol rond, maar nadat ek die bul 'n paar keer in my gedagtes gejag het, raak ek uiteindelik aan die slaap.

Vroeg Vrydagoggend kry ek als gereed, maak koffie en nadat almal opgedaag het, word ons na die verskillende jagareas geneem. Ek en Elias, my gids, word in die suidwestelike deel van die plaas afgelaai en moet teen die wind (en son) in die bergagtige deel jag. Nadat ons langer as twee ure die bergagtige gebied deurgestap het sonder om die bul te kry, bereik ons die oostelike grensdraad.

Geen teken van die bul nie, ondanks die feit dat Elias die plaas goed ken en sy oë ingestel is om die wild tussen al die bosse en ruigtes raak te sien. In hierdie opsig doen Elias as gids steeds goed, want ons kry die sebras, rooibokke, blouwilbeeste en koedoes, maar net die swartwitpensbul bly ons ontwyk. Ek sukkel om die wild so vinnig soos Elias raak te sien, want ek kyk verkeerd – soos Henry David Thoreau gesê het: *"It's not what you look at that matters, it's what you see."*



'n Swartwitpens kan maklik saamsmelt met die omgewing. Foto: Johan van Wyk

LUKAS SE IMPAK

Nou is dit ook so dat met die baie eet (waaraan ek en my maag nie gewoond is nie) ek eers 'n draai by die *lodge* moet maak en dis toe dat ek die driftige gesprek van Elias en Lukas (sjef) hoor. Lukas wil weet wat ons jag en sê toe ewe ongeërg: "Maar daar staan die *sable* dan teen die hang, so 200m op teen die kopie!" Toe Elias omdraai, verkyker teen sy oë, staan die bul wrintie-waar daar bokant die boomlyn. Toe die bul teen die hang afbeweeg, kan ek hom nie sien nie, maar ons weet hy is daar.

En Lukas draai net nonchalant om, stap terug kombuis toe, min wetend watter enorme impak hy sopas op my jagtersloopbaan gemaak het!

Ek en Elias laat nie op ons wag nie en stap vinnig tot by die voet van die hang, maar soos ons teen die hang opbeweeg (en in 'n poging om los klippe te vermy en nog steeds die bul so stil moontlik te bekruip) beweeg ons al hoe stadiger. Dit gaan later baie stadig, want ek sukkel teen die skuins helling met my geweer en 'n paar keer verloor ek amper my balans. Elias, klein en maer soos hy is, sukkel nie en beweeg vinnig, maar hy moet kort-kort vir my wag.

Na 'n rukkie gewaar die bul

ons egter eerste en hoor ons hoe hy oor die klippe teen die hang hardloop. Een voordeel van die klippe is dat ons kan hoor dat hy nie ver hardloop nie. Weer bitter stadig en suutjies vorentoe, al oor die klippe en af teen die hang. Ons is net besig om agter 'n struik om te beweeg toe Elias ewe skielik stop en wys na 'n klomp bome so 70m voor ons.

"Daar staan hy!" fluister hy opgewonde en beduie weer na die klomp bome. Ondanks die feit dat ek bril dra, kan ek nie die bul tussen die bome raaksien nie. Dan sien ek sy lyf, maar hy wei en ek kan nie eien watter kant sy voorkant is nie. Toe lig die bul sy kop, maar bied geen skoot nie omdat daar eenvoudig net te veel takke tussen my en hom is. Ek besluit om eerder te wag.

MY ENIGSTE KANS

Die bul stap so 15 treë vorentoe in 'n oopte in en draai, al weinde, reguit na my toe. Dis my kans, besef ek dadelik, en plaas die .30-06 versigtig op die driepoot. Ek hou hom deur die teleskoop dop en toe hy sy kop lig, druk ek die sneller, maar hy sien my terselfdertyd en vlieg weg...

Ek weet dadelik dis nie 'n goeie skoot nie, maar hoop vir die beste. Gelukkig hardloop hy

teen die hang af, met Elias agterna en gou hoor ek sy stem: "Oom het hom! Hy loop, maar hy het seer en hy loop starig."

Met geweer en al en sonder om neer te slaan is ek ook vinnig teen die hang af want ek weet hoe 'n gekweste dier kan hardloop. Toe ek uiteindelik onder op die gelykte aankom, staan hy daar, tussen die bome met sy gatkant na ons toe. Toe sy nek in 'n opening sigbaar is, klap die skoot en die bul sak in sy spore neer.

"Mooi so, Oom," wens Elias my geluk. Met rubberbene stap ek nader, die ene bewerasie. Verwondering en gemengde gevoelens vul my toe ek na die mooi bul kyk. Hy het dik horings wat ver na agter terugbuig. Daar by die bul neem ek afskeid totdat ek die voertuig hoor aankom met die manne wat kom foto's neem en die bul kom laai.

Die bul se horings was nie Rowland Ward-lengte nie, maar vir my is dit 'n trofee wat ek vir altyd sal koester. En danksy die sjef, kon ek een van my grootste oomblikke in die jagveld beleef.

Terloops, my jagmaat kon glad nie die bul wat hy gejag het, te siene kry nie – wys jou net hoe belangrik 'n sjef se teenwoordigheid tydens 'n jagna-week is! 🍀

Beide die parallaksverstelling, sowel as die verstelling van die verligte kruisdraad, is geleë aan die linkerkant van die Steiner-teleskoop se buis, soos hier gesien kan word.

STEINER SE 4-16X56 RANGER-TELESKOOP

Steiner, die Duitse vervaardiger van kwaliteit-optiese produkte, het in 2017 hul 70ste verjaardag gevier. Dié maatskappy is in 1947 te midde van die ruïnes van na-oorlogse Duitsland deur Carl Steiner gestig en Steiner vervaardig vandag 'n wye reeks produkte, insluitend

verkykers en teleskope vir militêre en siviele aanwending.

Steiner se Suid-Afrikaanse agente, Inyathi Sporting Supplies, het onlangs 'n Steiner Ranger 4-16x56-teleskoop aan SA JAGTER/HUNTER verskaf om te toets. Die teleskoop was op 'n Steyr CL II SX-geweer in

.308 gemonteer en dus was die skietbaan die ideale plek om die Steiner-teleskoop uit te toets.

Die Ranger 4-16x56-teleskoop is, volgens Steiner se webtuiste, aan die gewigtige kant met 'n gewig van 720 gram. Die 56mm-objektiewe lens dra ongetwyfeld by tot die teleskoop se gewig, maar met 'n maksimum vergroting van 16x is hierdie teleskoop meer gerig op die langafstandmark. Die buisdeursnee is 30mm en soos dit enige goeie teleskoop betaam, bied Steiner 'n tienjaar-meganiese waarborg op hulle produk.

VERSTELLINGSMEGANISME

Die Ranger bied parallaksverstelling deur middel van 'n stelknop aan die linkerkant van die buis – parallaks is verstelbaar van 50m tot sover as wat 'n mens wil skiet. Die kruisdraad skuif 1cm op 'n afstand van 100m vir elke kliek se verstelling. Die verstellingsknoppe verstel gemaklik, hoewel die klieks baie fyn en ietwat “sponserig” is (by gebrek aan 'n beter beskrywing) en dit het konsentrasie geverg om die regte hoeveelheid klieks te stel. Vir vertikale verstelling is 85 klieks beskikbaar, en vir horisontale verstelling 55. Die toetsmodel is verskaf met 'n ekstern-verstelbare, vertikale verstellknop. Ten einde te sorg dat die teleskoop se verstelling

in plek bly, kan die knop in plek gesluit word deur twee skroefies in die knop self met 'n klein skroewedraaier vas te draai.

OPTIESE BEELD

Die optiese beeld van dié teleskoop is na my mening uitstekend. Die toetsmodel het Steiner se 4A-1 verligte kruisdraad gehad en die intensiteit van die rooi kolletjie was maklik om te verstel deur eenvoudig die verstellknop aan die linkerkant van die buis te draai. Daar is merkies op die verstellknop, en die intensiteitsstelling van 0 tot 6, is wat Steiner die “moonlight mode” noem. Die verstellings van 7 tot 11 is vir gebruik in daglig.

Met 'n voorgestelde verkoopprijs van ongeveer R13 000 is die Steiner Ranger 4-16x56 nie die goedkoopste teleskoop op die mark nie, maar as dié teleskoop vergelyk word met sommige van sy teenstanders op die mark, is dit duidelik dat hierdie Steiner-produk goeie optiese kwaliteit teen 'n kompeterende prijs bied.

* *Inyathi Sporting Supplies bied volledige naverkopediens op Steiner-produkte en hulle kan telefonies gekontak word by 012-808-9911 vir groothandelnarvae.* 📞

Die Steiner Ranger-teleskoop was gemonteer op 'n Steyr CL II SX vir toetsdoeleindes.

WEN 'n jagnaweek

KOOP JOU KAARTJIE NOU!



**4 nagte
6 persone**

Wil jy graag 'n kans staan om 'n jagnaweek te wen en somer ook vir 'n verdienstelike saak by te dra?

Koop nou 'n kaartjie van **slegs R150** en staan 'n kans om oor 'n tydperk van **4 dae** die volgende **4 diere te jag**:

2 rooibokke, 1 blouwildebees en 1 eland OF koedoe

Die pakket se waarde is R33 500, akkommodasie ingesluit.
Die kompetisie is 'n fondsinsamelingsgeleentheid vir NGK Vierfontein in die Vrystaat.

Betaal jou kaartjegeld in NGK Vierfontein se rekening:
ABSA 1730580068 en e-pos die bewys van betaling na
ngkvierfontein@gmail.com.

Daar is geen beperking op die hoeveelheid inskrywings nie.
Kaartjies word per e-pos aangestuur.

Stuur dus asb volledige kontakbesonderhede saam –
selnommer en e-pos adres!

Die sluitingsdatum vir hierdie kompetisie is Vrydag, 29 Mei 2020.

Die wenner sal op 10 Junie 2020 getrek word.

Jagtydperk sal strek vanaf 1 tot 5 Julie 2020.

Reëls:

1. Die trekking is finaal en die prys is nie onderhandelbaar nie.
2. Wenner word telefonies gekontak.
3. Sluitingsdatum: 29 Mei 2020 en trekkingsdatum is 10 Junie.
4. Trekking word gedoen deur onafhanklike ouditeure.
5. Die wenner se naam sal op die kerk se facebookblad en die plaaslike radiostasie bekendgemaak word.

Die plaas is net buite Musina, op die Pongdrift-pad.
Selfsorgakkommodasie vir 6 persone is ingesluit by die prys.
Die plaas is ryk aan dierelewe en kremetartbome –
'n besondere boservaring.
Enige navrae kan gerig word aan Arina Olivier by 083 651 1751.



**SPECIALS VALID
FROM 24TH OF APRIL UNTIL
TO 20TH OF MAY 2020**

Waterval only African Adventure

SAKO 85 DELUXE PRICE
.30-06 SPR R34 995

BROWNING X-BOLT PRICE
.300 WSM HELLS CANYON R24 995

MAUSER M18 PRICE
.243 WIN R10 995
.308 WIN R10 995

SAVAGE AXIS II BUNDLE DEAL
SAVAGE AXIS II HARDWOOD 3-9x42 Magnification Scope + GROVTEC Added rifle sling + SPORTWEAR Silicone Earplugs + GROVTEC Rifle Cartridge Slide

6,5 CREEDMOOR PRICE
.223 R11 950
.243 R11 950
.308 R11 950

TAURUS G3 PRICE
9MM P (+ 3 EXTRA MAGS) R5 995

GLOCK G19X GEN5 PRICE
9MM P R11 995

STEYR M-A1 PRICE
9MM P R9 250
STEYR S-A1 PRICE
9MM P R8 750

NIGHTFORCE PRICE
SHV 4-14X56 MOAR 1/4 R17 995
SHV 5-20X56 MOAR ZS 1/4 R24 995

SNIPER PRICE
TRAIL CAMERA HD + GPRS 12 MP / 1080p@30FPS R3 850

SNIPER AFRICA PRICE
PH COMBO (SIZES : S --> 5XL) R1 095


WOLVERINE PRICE
PIPER LADIES BOOT (SIZES: 4-8) R1 195

SLAGBOK PRICE
6PC BUTCHER SET R425
HI-TEC PRICE
ALTITUDE OX i WP (SIZES: 6-12) R1 650

Discount Midas – Rustenburg
No 1 First Street, Waterval East, Rustenburg
GPS: 25°41'15.7" S 27°15'42.6" E
Email: discountmidas@gmail.com | Tel: 014 592 5682



Limited Stock Available | While stocks Last | E&OE



My son Tristan a few years ago, with a Kroonstad guinea-fowl taken cleanly with his .410.

THE .410: BLESSING OR CURSE?

Is the .410 only a youngster's gun?



Brian's vintage J.V. Needham .410 with ejectors. Needham guns were made by WW Greener, and British .410s fitted with ejectors are rare. (Brian Reilly collection)

The conversation I overheard at the neighbouring table at the shooting club went something like this: "The .410 is not a youngster's gun, it's an expert shot's gun. Any father should rather start a youngster on a 20- or 28-bore." This statement struck

a chord with me, and on the drive home I started pondering this statement.

Many of us started our shooting careers with the ubiquitous .410 because there wasn't much else available. 20-bores were scarce when I was a youngster, and I was 40 years old before I

saw my first 28-bore gun. The first 28-bore cartridge I encountered was from a case of CIL cartridges unearthed from Federated Timbers in Springs in the 1960s. The whole case was duly dismantled for components to load something more useful.

This second smallest of the

better-known shotguns after Louis-Nicolas Flobert's 9mm garden gun (invented in France for controlling garden pests) first appeared as Lancaster's pin-fire ammunition in Eley's 1857 catalogue. By 1874 the .410 was well-established in Britain in its modern guise, first as a 2-inch

WHAT IS AVAXHOME?

AVAXHOME-

the biggest Internet portal,
providing you various content:
brand new books, trending movies,
fresh magazines, hot games,
recent software, latest music releases.

Unlimited satisfaction one low price
Cheap constant access to piping hot media
Protect your downloadings from Big brother
Safer, than torrent-trackers

18 years of seamless operation and our users' satisfaction

All languages
Brand new content
One site



AVXLIVE ICU

AvaxHome - Your End Place

We have everything for all of your needs. Just open <https://avxlive.icu>



The .410 cartridge (centre) is dwarfed by the 12-bore (right), and even by the 20-bore (left).

cartridge, and later in 2½- and 3-inch formats (it was, rather surprisingly, never produced in 2¾-inch format). Its first appearance was alongside the 360 No 1, No 2 and No 3 rimfires. All these cartridges were designed for pest control in cheap, break-action guns and even as “walking stick” guns, presumably for self-defence as part of a gentleman’s must-have gear at the end of the 19th century. Nobody, however, can be sure who the first gentleman was who stepped into a well-known gunmaker’s rooms and ordered a bespoke double in .410.

IT DIFFERS FROM OTHERS

The .410 differs from other shotguns in that its nomenclature actually refers to the bore diameter at .410-inch, which computes to somewhere around 67-bore. It is often erroneously referred to as a 36-bore, which I can only surmise to be a vague reference to the diameter of its ball ammunition, or even a reference to the obsolete US 36-calibre rimfire shot cartridge, but this is just my personal opinion.

The .410 first made an appearance in the United States and Germany at the beginning of the 20th century and remains

in production to this day, largely thanks to its inclusion in the US clay target line-up post-1926. Not all .410s were created equal, though, so for purposes of discussion, let’s exclude self-defence and all other survival, pest-control and poachers’ guns in .410.

Most .410s floating around in SA are of single-barrel, break-action design, along with a scattering of bolt-actions and combination guns – particularly the Savage which were mostly a .22 Long Rifle over a .410 barrel. These were general-purpose guns kept on farms to deal with snakes and other pests. Most

of us were oblivious of their shortcomings but we knew how to stuff cartridges into them, and the little gun delivered a much more satisfying bang than an airgun.


The .410 in side-by-side, double format is a scarcer item, and many of British origin were cheaply produced as keeper’s guns. Many surviving .410 side-by-sides have unfortunately also endured severe abuse, and rare is the beast that was ordered by a member of the gentry from a known maker and produced at a best-quality level. Best-quality .410s command high prices, and in the United States the most collectable guns are the higher-grade Parker .410s.

ON A PRACTICAL LEVEL

Anyway, how good is the .410 in practical terms? I’m going to put the cart before the horse here and recount my experience of my son’s development as a field shot. I acquired a Jeffery side-by-side non-ejector for him when he was 9 years old. It was not a high-grade gun but after a refinish it was ready to go, and at 4lbs on the dot it was easy for him to handle. He used it for five seasons and my observations of him shooting with it was that he either missed cleanly or we had a dead bird, and I can recall only one francolin that was very much alive on retrieval. Other gamebirds shot included guinea-fowl as well as two yellowbill ducks over decoys on the same evening – both came down stone dead. My only experience of the 3-inch version of the .410 was an American friend using his Abbiatico & Salvinelli over/under on a pheasant shoot in South Dakota. The application of ¾oz (20 grams) of Winchester Super-X No 6s on a fast-flying ringneck pheasant was, to say the least, very satisfactory and I couldn’t do better with a 20-bore loaded with 1oz of copper-plated 6s. I decided to do a few experi- »



The pattern chart created for the purpose of this article. It features a 20-inch circle with a guinea-fowl outline in the middle.



A pattern thrown by Federal factory ammunition loaded with ½oz No 6 shot at 22m.

» ments to be better able to articulate final opinions on the .410. To be practical, I would pattern the .410 at 22m using a 50cm circle with a flying guinea-fowl outline superimposed in the middle of the circle. My current .410 is a recent upgrade on the Jeffery. It is a cased ejector Joseph Needham boxlock choked quarter and three-quarters that also weighs in at 4lbs – a worthy collector’s item since British-made .410s fitted with ejectors are as scarce as hen’s teeth. Rummaging through the

ammo cupboard unearthed CIL paper-cased No 4s, Remington No 6s, Winchester No 9s, all in 1/2oz (14-gram) loads. I also had some Hull Game & Clay 7/16oz (12-gram) No 7s.

With the limited selection of factory loads, I decided it would make sense for both cost and effectiveness to try and establish some benchmarks with local powders. The long shot column dictates the use of very slow-burning powders, leaving us with S241, S251, MP300 and S265 (*Not all of these powders*

are currently in production – Ed). I also managed to unearth a can of Hercules (now Accurate Arms) 2400. Not having access to a radial transducer (who has?) to measure pressure we will have to make do with velocity as a surrogate. I chronographed a minimum of three of each cartridge and load at exactly one metre from the muzzle after first benchmarking the factory ammo.

Most .410s seem to be choked rather heavily, so the patterns were all fired with the 3/4-choke

barrel. Cases where new Fiocchi primed cases with Remington wads, with the exception of the few 9/16oz (16-gram) loads. Here I used Ballistic Products wads with the stem between the over-powder wad and the shot cup removed. Cartridges were loaded on my Pacific DL 155 press with original .410 dies. Shot used was factory SP No 7 1/2 which actually measure out as No 7s at 2.4mm with 175 pellets fitting in 1/2oz (14-gram) loads, and yes – I counted them!

SO, OFF TO THE RANGE AND WHAT DID WE FIND?

The following table summarizes our results, but I must add a strong disclaimer that **anyone handloading and using these results (which are applicable to my gun and given circumstances) does so on their own volition.**

FACTORY AMMUNITION

MANUFACTURER	AVERAGE VELOCITY (FPS)	EXTREME SPREAD (FPS)
Winchester AAHS 1/2oz (14-gram) No 9	1 284	10
Remington Field 1/2oz (14-gram) No 6	1 317	45
Federal 1/2oz (14-gram) No 6	1 168	
CIL Paper 1/2oz (14-gram) No 4	1 136	48
CBC Paper 7/16oz (12-gram) No 5	1 241	10
Sellier & Bellot 7/16oz (12-gram) No 3	1 073	31
Hull Game & Clay 7/16oz (12-gram) No 7	1 055	36

HANDLOADS (FIOCCHI 2 1/2" PRIMED CASE; REMINGTON WAD; * BALLISTIC PRODUCTS WAD)

POWDER	CHARGE	SHOT CHARGE	AVERAGE VELOCITY (FPS)	EXTREME SPREAD (FPS)
MP300	14 grains	7/16oz (12-gram) No 7	895	57
S241	13 grains	7/16oz (12-gram) No 7	1 069	34
S241	14 grains	7/16oz (12-gram) No 7	1 173	60
MP300	15.5 grains	1/2oz (14-gram) No 7	1 067	78
MP300	15.5 grains	1/2oz (14-gram) No 6	1 011	139
S241	13 grains	1/2oz (14-gram) No 7	1 086	34
S241	14 grains	1/2oz (14-gram) No 7	1 137	21
S251	14 grains	1/2oz (14-gram) No 7	1 055	50
S251	15 grains	1/2oz (14-gram) No 7	1 152	13
Hercules (Alliant) 2400	15 grains	1/2oz (14-gram) No 7	1 158	29
S265	15 grains	1/2oz (14-gram) No 7	1 237	17
Hodgdon Lil' Gun	13 grains	1/2oz (14-gram) No 7	1 273	36
S251	14 grains	9/16oz (16-gram) No 7	1 072	20
S251	15 grains	9/16oz (16-gram) No 7	1 120	59

(All loads fired over a Chrony at 1m from the muzzle.)



My willing 19-year-old patterning assistant in action.

S241 with both oz (12 gram) and 1/2oz (14 gram) of shot for doves and clays. Hodgdon Lil' Gun and S265 at 13- and 15gr, respectively, behind 1/2oz of shot will make good all-round loads, and I'll use S251 and AA2400 at around 15.5gr with 1/2oz (14 gram) of shot for francolin. These should get around 1 200fps. I will also continue to use the Remington and Federal field loads.

So, back to the original argument. Are we any the wiser about the .410? Is it a youngster's gun? Most definitely so, for the simple reasons of availability and its light weight. I've seen many youngsters develop bad habits because of the weight of the guns they were forced to use, and many fathers insist that their 7-year-olds "man up" by using a 12-bore. Instead, the balance of a 4lb .410 is between the hands of a youngster, doesn't compromise his/her balance, and they are therefore not forced to compensate by leaning backwards. The big issue with the .410 is to limit the range to about 25m. Learning this discipline is not a bad thing and will stand them in good stead later on.

Out to 30m in the hands of an above-average shooter, the .410 will keep you honest and we should all occasionally try a round of skeet with a .410. The problem here is how to control a gun with no momentum – it's all up to your muscle control! I think doves flying a little low, quail in the Eastern Cape and francolin over a good dog can all be handled by an expert with a .410 and a bit of discipline.

So, the answer is yes – know your gun and ammo, have some discipline, and don't pass up the next little double that comes your way. ☺

On the whole I found the Hull a little disappointing, but the American stuff is the real deal and the Winchesters spoke with authority but without undue recoil or pressure signs. It is no wonder that they are the load of choice of Skeet shooters.

With the handloads I was somewhat in the dark. Ancient SP manuals show 20.1gr of MP300 giving 1 155fps with a 7/16oz (12-gram) load for 47 MPa of pressure, and 15.4gr giving 965fps, which correlates well with my findings. S265 is listed as 1 178fps with 15.4gr, again with 7/16oz (12-gram) of shot. No pressure figures are given, but it would appear that S265 is not the same as MP300. With 15gr of S265 and 1/2oz of shot, we averaged 1 237fps with a low extreme spread. I could find no reference to any loads with S241 or S251. MP300 was very dirty burning so I think hotter primers are required or expect some powder wastage and problems with case capacity. I also managed to get hold of some Hodgdon Lil' Gun which is specifically designed for the .410, and 13gr powered 1/2oz of No 7s to 1 273fps with an extreme spread of 36fps.

My choice of loads will be

SAVUTI

Wapens & Ammunisie

Tel: 011 915 0138 / Tel: 011 915 0145

Carnival Centre, East Rand

Cnr Rangeview and Lawrence Rd, Brakpan

GPS: S26°15,061 E028°18,815

info@savutiarms.co.za www.savutiarms.co.za

Savuti Arms is on Facebook.



BESTELLINGS EN AFLEWERINGS LANDWYD - T's & C's
POSTNET, RAM & COURIER GUY Apply

DIE PUNTEWINKEL

Hierdie winkel is vir die herlaaier.

BERGER
BULLETS

Nosler
Bullets for Sportsmen



WINCHESTER

norma
DEDICATED SINCE 1902

SIERRA
The Bulletsmith

Hornady
Accurate. Deadly. Dependable.

Swift
BULLET COMPANY



BARNES
OPTIMIZED FOR YOUR TARGET™

LAPUA

SIGHTRON

NIGHTFORCE

BURRIS

Nikko Stirling
OPTICS FOR SPORT, SINCE 1966

LYNX

SWAROVSKI OPTIK

norma
DEDICATED SINCE 1902

REDDING
RELOADING EQUIPMENT

LEE RCBS
LEE PRECISION, INC.

BOYDS
HARDWOOD GUNSTOCKS

AT-ONE
THE ADJUSTABLE GUNSTOCK

THE BULLET SHOP

This shop is for the reloader.



GUNSMITH ON SITE

Savuti Import

Special imports available on request.

For Stock availability and pricing contact Tyron@savutiarms.co.za

Visit our page <https://www.savutiarms.co.za/>

or Like us on Facebook www.facebook.com/savutiimports



SA HUNTERS: MEMBERSHIP BENEFITS

The SA Hunters and Game Conservation Association (commonly known as SA Hunters) represents the interests of wildlife custodians, game ranchers, conservationists, responsible hunters, sport shooters, and firearm owners.

It was established in 1949 to promote responsible hunting and conservation of game species and their habitats. Since then, it has grown to become the largest hunting and conservation association in southern Africa and the biggest single organisation representing the wildlife sector, with a paid-up membership of more than 42 000 members in 81 branches across South Africa.


The SA Hunters and Game Conservation Association encourages an integrated and sensible approach to biodiversity and conservation, mindful of its role as a cornerstone of economic growth and sustainable rural development. To this effect, the Association conducts relevant research, develops models, and facilitates processes and programmes in support of sustainable conservation, responsible wildlife utilisation, and integrated rural economic development programmes to the benefit of people and wildlife.

SPECIFIC BENEFITS FOR EXTENSIVE WILDLIFE AREAS

1. WILDLIFE MANAGEMENT

- **SA Hunters has representation on the following forums:**
 - The national Wildlife Management Forum established by the Minister of Environmental Affairs to facilitate engagement between government and national organisations in the wildlife sector – dealing with international and national policy, legislation and wildlife-related programmes, including amongst others, CITES quotas, TOPS, Leopard and Rhino Norms and Standards, Game Meat Regulations.
 - Provincial Wildlife Forums – dealing with provincial wildlife matters, including legislation, proclamations and permits.
 - The International Union for the Conservation of Nature (IUCN) – the biggest international conservation organisation, currently responding on 128 motions that have been tabled for the World Congress to be held in June 2020, France.
 - The national Wildlife Poison Prevention Working Group and Lead Task Team – developing strategies to reduce

PROVINSIE/TAK	SENTRALE DORP	VOORSITTER	NOMMER
GAUTENG-NOORD			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Isak Burger	082-454-7978
Baviaanspoort (Pretoria-Noord)		Hansie Lerm	082-652-2396
Brits		Hansie Helberg	082-826-2038
Centurion (Centurion)		Fanie van Wyngaard	083-646-3324
Marico Bosveld (Rustenburg)		Ferdie Neumeyer	082-651-6393
Pretoria-Oos (Pretoria-Oos)		Dieter Labuschagne	082-654-3280
GAUTENG-SUIDOOS			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Danie Momberg	082-901-2067
Edenvale		Richard Ford	082-415-3840
Eland (Alberton)		Stephan Lindeque	082-873-9289
Impala (Bredell)		Anita Stegmann	082-498-6708
Oos-Rand (Kempton Park)		Pieter Claassens	083-289-8543
Springbok (Brakpan)		Pieter de Beer	083-627-5749
GAUTENG-SUIDWES			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Cassie Carstens	083-453-3312
Tembo (Jhb-Noord)		Rodney Butle	082-827-8650
Transvaal (Randfontein)		Ria Zeelie	083-390-8465
Wes-Rand		André Botha	083-463-3620
KWAZULU-NATAL			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Barry Loock	083-289-7811
Iphithi (Durban)		Danie J van Rensburg	083-376-1936
Mpungini (Dundee)		Schalk Meintjes	082-923-8212
Oribi (Margate)		MD Bester	082-856-4970
Umfolozu (Richardsbaai)		Pieter Britz	083-413-7881
LIMPOPO			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Izak Haasbroek	082-878-7351
Hardekool (Musina)		Izak Haasbroek	082-878-7351
Mopani (Phalaborwa)		Otto van der Star	082-568-1474
Soetdoring (Mokopane)		Danie Grobler	073-689-6249
Thabazimbi		Gert Oosthuizen	082-853-2054
Waterberg (Ellisras)		Herman de Lange	082-772-5008
MPUMALANGA-NOORD			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Gert Opperman	082-870-4989
Bosbok (Steelpoort)		Leon Visser	082-808-9641
Loskop (Marble Hall)		André Ruhling	082-373-4390
Ngwenya (Nelspruit)		Jan Sutherland	082-906-7959
Olifants (Middelburg)		Johnny Pretorius	083-654-9993
Platorand (Belfast)		Kobus Davel	083-625-6806
Rietbok (Breyten)		Charles Robberts	082-441-7723
Sebra (Witbank)		Gert van der Merwe	082-802-9616
MPUMALANGA-SUID			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Pierre Meyer	083-306-5686
Bethal		Willie Oosthuizen	082-493-6689
Duiker (Balfour)		Gerhard Harmse	084-206-4452
Edelvalk (Standerton)		JC Schoeman	060-622-2333
Heidelberg		Zet Robberts	082-320-6631
Houtkapper (Secunda)		Hendrik Byleveld	082-045-6437
Majuba (Volksrust)		Wessel Oosthuizen	082-454-7435
Suikerbosrand (Meyerton)		Pierre Meyer	083-306-5686
Wilgerivier (Frankfort)		Danie Pieterse	082-974-9382
NOORD-KAAP			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Bertie Theron	082-825-0439
Doornberg (Prieska)		Bertie Theron	082-825-0439
Gamagara (Kathu)		Johan Roets	078-122-7987
Griekwaland-Wes (Kimberley)		Jors Humpel	082-787-9240
Karoo (Victoria-Wes)		Johan Jooste	071-333-3773
Kgalagadi (Upington)		Bertus Burger	072-786-8649
Steenbok (Lime Acres)		Schalk Victor	082-885-8277
NOORDWES			
KALAHARI BOSVELD:			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Jors Swanepoel	083-643-2591
Genl de la Rey (Lichtenburg)		Jors Swanepoel	083-643-2591
Kameeldoring (Mafikeng)		Rudolf van der Walt	083-300-2937
Koedoe (Zeerust)		Nico J van Rensburg	082-388-0908
Makwapa (Setlagole)		Ampie Strauss	082-578-7614
STELLALAND:			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Flip Fouche	082-570-6322
Diamant (Wolmaransstad)		Johannes Lubbe	083-769-9972
Hartsvier (Delareyville)		Japie Schutte	083-462-7284
Schweizer (Schweizer-Reneke)		Flip Fouche	082-570-6322
Sterland (Vryburg)		Willem du Toit	082-348-7531
Vaalharts (Jan Kempdorp)		Cliff Oosthuizen	074-891-2503
VAALRIVIER:			
STREEKKOÖRDINEERDER:		André Olivier	082-568-1508
Frontier (Stilfontein)		André Wepener	083-462-2294
Hartbees (Potchefstroom)		Johan van der Walt	082-571-6414
Vaeldriehoek (Vereeniging)		Jan de Man	082-784-2350
Witrenoster (Klerksdorp)		Duane Heymans	071-895-0520
OOS-KAAP			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Mornay Eyre	081-562-3258
Gamtoos (Patensie)		Gustav Bell	082-462-0755
Grysbok (Jeffreysbaai)		André Botha	084-567-8989
Kamdeboo (Graaff-Reinet)		Johan Dorfling	082-847-6615
Koukamma (Kareedouw)		Nico Herselman	082-441-2467
Kwagga (Port Elizabeth)		Ockert Barnard	082-906-9253
Tuinroete (George)		Gerhan Archer	082-567-6941
DRAKENSBERG:			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Org Hamman	082-867-6566
Lammergeier (Aliwal-Noord)		Pierre Bosch	071-497-1598
Renosterberg (Middelburg – Kaap)		Werner Potgieter	082-575-4762
Stormberg (Queenstown)		Andre Botha	083-491-1999
VRYSTAAT			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Stompie Thuynsma	082-564-3792
Bloemfontein		Pieter du Preez	079-528-9217
Bloukrans (Vanderkloof)		Rikus Stander	082-775-5480
Bothaville		Christo Roux	082-926-4366
Cheetah (Hertzogville)		Johan van Rensburg	082-374-7898
Olienhout (Parys)		Jan Lubbe	082-421-1122
Riemland (Bethlehem)		Kobus Maree	082-924-5565
Sandrivier-58 (Welkom)		Michelle van Heerden	072-868-9186
Valschrievier (Kroonstad)		Jaap Erasmus	084-448-1578
Vrystaat Sandveld (Soutpan)		Ben van der Merwe	084-613-2316
WES-KAAP			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Justus Harms	082-497-4230
Bergrivier (Piketberg)		André Kennedy	083-289-6524
Maskam (Vanrhynsdorp)		Willem van Niekerk	083-633-2992
Namakwa (Springbok)		Carel Oberholzer	082-805-0181
Overberg (Caledon)		Danie de Waal	083-626-5538
Swartland (Malmesbury)		Wynand Lotter	082-929-8658
Tafelberg (Bellville)		Wessel Symington	082-351-9991
Weskus (Vredenburg)		Jacques Smit	082-517-9377



the prevalence and impact of wildlife poisoning incidents.

- Species-specific national working groups and platforms on lion, vultures, cycads, rhino, threatened succulents and ground hornbills.
- African Wildlife Consultative Forum – international platform for conservation and hunting organisations in Africa to collaborate on responsible and sustainable wildlife utilisation.
- OPHAA (Operators and Professional Hunting Associations of Africa) – concerned with promoting legal and responsible fair-chase hunting in Africa.

The SAHGCA participates in the following national initiatives:

- Development of a green certification system for the wildlife sector.
- Growing the wildlife economy of South Africa.
- Development of wildlife economy nodes (a concept developed by the Organisation that is now adopted as a national strategy to grow the wildlife economy in SA).
- Development of the National Elephant Conservation Strategy.
- BIOFIN – a government initiative working on the financing of biodiversity and development of incentives for conservation contribution, including looking at the role of game farmers and extensive wildlife areas under management of the private sector.

- SA Tourism Grading Council – engagement specifically with regards to promoting responsible hunting destinations.
- Ministerial high-level panel to review policies, legislation and practices related to elephant, lion, leopard and rhinoceros.
- SA Hunters filed a High Court review application against the Department of Agriculture and its Registrar of Animal Improvement due to their lack of consultation with affected parties before listing certain wildlife species as landrace breeds under the Animal Improvement Act.

2. RESPONSIBLE FIREARM OWNERSHIP AND USE (FOR INDIVIDUALS, WILDLIFE SECURITY, HUNTING AND FIELD GUIDING).

- Accredited with the SAPS as a hunting, sport shooting and professional hunting association, which authorises it to grant and administer dedicated hunter status, dedicated sport shooter status and professional hunter status.
- Have and will continue to represent the rights of members to own firearms.
- Support with firearm licensing matters.
- Endorsements for firearm license applications issued within 24 hours.
- Dedicated status issued within 48 hours after completion of the appropriate training and receipt of properly completed application and supporting documentation.

- Partnership with the Southern African Wildlife College that offers training for approaching and hunting dangerous game.

OTHER BENEFITS

- Memorandums of understanding (MoU) and partnerships with government and other conservation organisations to promote conservation.
- Conservation programmes throughout South Africa.
- Youth development initiatives.
- Online access to issue and print permits for transportation of wild pig meat in collaboration with Veterinary Services.
- Co-ownership of HuntEx (the biggest hunting, game and outdoor exhibition in Africa).
- Co-ownership of two magazines – SA JAGTER/HUNTER and *Man Magnum*.
- Due to the size of SA Hunters, it has leverage to negotiate discounts on purchases for a number of products from identified suppliers, including any new Toyota vehicles through MyBonus membership and benefits.
- SA Hunters also has agreements with a range of different suppliers to make certain products available to members at defined discounted prices.
- Easy online access for members to manage their personal profiles (shooting scores, achievements, activity log, etc.) at SAHGCA via the web or our Android/Apple App.
- Dedicated full-time personnel in conservation, hunting, training and development, branch and member aspects, and a firearms help-line.

SERVICES AT BRANCH LEVEL

- Monthly meetings at branch level, as well as social activities for the youth.
- The Association has access to more than 90 certified shooting ranges all over South Africa where members have the opportunity to practice and improve their


proficiency in firearm use and shot placement.

- Monthly shooting days to practice shooting skills with competitions at branch, regional and national level.
- All branches offer dedicated hunter and sport shooter training towards achieving dedicated status, which is a requirement in terms of the Firearms Control Act for anyone wishing to own more than four firearms.

TRAINING FOR RANGE OFFICERS.

- Each branch with its own culture where like-minded members meet and enjoy branch activities
- Shooting competitions at:
- Branch level;
- regional level (81 branches divided in 15 regions) with the aim for participants to qualify for national competitions in hunting-based and sport shooting competitions;
- national level and
- international level in certain shooting disciplines.

** Please contact SA Hunters at 012-808-9300 or 0861-724-868 for membership enquiries, e-mail admin@sahunt.co.za or visit their website www.sahunter.co.za for more information.* 🌐



BOKSPOG

Stuur jou jagfoto's na: jagbydraes@media24.com.

WENFOTO



STEF STOLTZ, CRADOCK, OOS-KAAP. Koedoe, .308. 150m.



Die wenner van dié maand se Bokspog sal 'n *Shadows Duffle Bag* en *Shadows Colour Block Shirt* ter waarde van R995 van Sniper Africa wen. Vir meer besonderhede en om jou prys te reël kontak **Sniper** by 0861-764-737.



KOBUS DEYSEL (JAGTER) EN JJ DEYSEL, ROOIBERG, LIMPOPO. Rooibok, Musgrave, .270 Win, 100m.



MARTIN VAN ZYL, ERMELO, MPUMALANGA. Blouwildebeeskoei, Howa, .30-06, 150m.




PETE VAN STADEN, MARBLE HALL, LIMPOPO. Blouwildebees, Howa, .308, 70m.



LEON DU PLESSIS, STUTTERHEIM, OOS-KAAP. Vlakvark, .300 Win Mag, 220gr Winchester Silvertip, 100m.



ANTONIO DE SOUZA, THABAZIMBI, LIMPOPO. Rooibokram, Alpine, .243 Win, 100gr, 150m.



ELIZNA HARMSE, THABAZIMBI, LIMPOPO. Rooibokram, Weatherby, .270, 140gr Sierra, 70m.



JACO SMIT, KROONSTAD, VRYSTAAT. Vlakvark, Hoyt Carbon Spyder-boog, Easton Aftermath-pyl, Slick Trick-jagpunt, 22m.



JUAN SWART, WOLMARANSSTAD, NOORDWES. Rooihartbees, .243.



HERMAN PRETORIUS, KOSTER, NOORDWES. Gemsbok, Mauser, .308 Win, 180gr, 85m.



CARMEN BEKKER, KLERKSDORP, NOORDWES. Blouwildebees, Sako, .308, 168gr Sierra, 160m.

FOR THE YOUNG ONES



THORNS



BARK



BERRIES

Tree of the month

BUFFALO THORN

In the bushveld the buffalo thorn is small & deciduous, and in the coastal forests they are large and evergreen. The Afrikaans name “*blinkblaar-wag-’n-bietjie*” alludes to the shiny light-green leaves and the hooked thorns. “*Wag-’n-bietjie*” refers to the thorns that will have you stand still for a moment to unhook yourself because of the thorns’ curved appearance.

Animals of the month

LITTLE FIVE

Each small animal shares a part of its name with one of the species from the Big Five. Connect each member from the Big Five with the correct animal and then write out the whole name of each Little Five member. **Answers on page 64.**

The term “Little Five” describes a group of smaller animals that are just as unique as the “Big Five”. These five animal species all share a part of their name with one of the species from the Big Five. An example is the buffalo weaver, a small bird that gets the “buffalo” part of its name from its habit of following the African buffalo and feeding on disturbed insects.



SHREW

=



TORTOISE

=



WEAVER

=



Bv.



ANT

=



Antlion



BEETLE

=





No. 1 Catering Equipment Supplier by Soft-Ice Catering Equipment.
Call us on (+27) 12 548 2745 or (+27) 71 564 4285, Email: sales@cateringequipment.co.za
Visit our Showroom/Warehouse: 21 Escallonia Str, Montana, Pretoria, Gauteng



All Prices are Inclusive of 15% VAT
T & C's Apply



Visit our Online Store:

www.cateringequipment.co.za to view our full catalogue



Meat Mixers
From R2 799



2 in 1 Patty Press
R1 999



Vacuum Sealer
R1 549



Vacuum Bags
From R 55



Vacuum Packers
From R10 999



Meat Slicers
From R3 899



4pc Stainless Steel Funnel Set
R 349



Meat Tenderizers
From R3 999



Band Saws
From R11 995



Stainless Steel Meat Mincers
From R3 499

We also supply a wide range of Bakery, Deli, Fun Food and Catering Equipment



Kalahari Tutor Sentrum

R100 per kaartjie.

Koop 10 kaartjies en kry die 11^{de} kaartjie gratis!

Kalahari Tutor Sentrum is geleë in Askham (Noord-Kaap). Ons ontvang geen staatsbefondsing en beleef tans 'n erge droogte in die omgewing. Die ouers bestaan meestal uit die plaaslike boere gemeenskap.

Dit is ons 10^{de} Jagkompetisie en daarom vier ons dit met 'n Langtafel-ete op die 5^{de} September 2020 te Askham.

JAGKOMPETISIE 2020!!!

Ons pryse sluit die volgende in:

- 1^{ste}** 1 Scimitar-gemsbok, 4 Springbokke, 1 Slagskaap, 1 Persie. Gebruik van jagbakkie en verblyf vir 4 persone vir 4 nagte. Plus Kalahari Lifestyle-geskenkpak ter waarde van R1 000. OF R10 000 kontant.
- 2^{de}** 3 Gemsbokke. Gebruik van jagbakkie, asook verblyf vir 2 persone vir 2 nagte. Plus Kalahari Lifestyle-geskenkpak ter waarde van R1 000. OF R9 000 kontant
- 3^{de}** 2 Gemsbokke, 2 Springbokke, asook verblyf vir 4 persone, 2 nagte. Plus Kalahari Lifestyle-geskenkpak ter waarde van R1 000. OF R8 000 kontant
- 4^{de}** BOSVELDJAG: 1 Blesbok, 1 Blouwildebees, verblyf 2 nagte vir 2 persone. Stapjag GEEN kontantwaarde (Schweizer-Reneke)
- 5^{de}** 1 Gemsbok, 4 Springbokke, 1 Persie. Gebruik van jagbakkie en verblyf vir 4 persone vir 4 nagte. OF R6 000 kontant
- 6^{de}** BOSVELDJAG: 1 Rooibokram, 1 Rooibokkooi, 1 Vlakvark, 1 nag basiese akkommodasie en 2 dae stapjag. GEEN kontantwaarde (Potgietersrus)
- 7^{de}** 1 Slagbees, verwerking asook verblyf vir 2 volwassenes en 2 kinders vir 2 nagte. OF R5 000 kontant
- 8^{ste}** 1 Gemsbok, 1 Springbok reeds verwerk in biltong en droëwors, asook verblyf vir 2 persone, vir 3 nagte. OF R4 000 kontant
- 9^{de}** 3 Springbokke reeds verwerk na biltong en droëwors, verblyf vir 2 persone, 2 nagte. OF R3 000 kontant.
- 10^{de}** 2 Slagskape, verblyf vir 4 persone vir 2 nagte by Murray Gasteplaas en 'n boks wyn. OF R2 000 kontant.

OM IN TE SKRYF: Wanneer hou ons die Langtafel-ete?

Koste om in te skryf is R100 per kaartjie.

Koop 10 kaartjies en kry die 11^{de} kaartjie gratis!

Om u kaartjie te koop, gaan só te werk:

1. Betaal die bedrag vir die hoeveelheid kaartjies wat u verlang in by:
Askham Kalahari Tuisonderrig, Standard Bank, Rek no: 040660451, Takkode: 050704
2. E-pos bewys van die inbetaling, antwoord, u naam en volledige kontakbesonderhede na **kalaharitutorsentrum@gmail.com** of SMS of WhatsApp inligting na 071 885 9374.

Vir enige verdere inligting, kontak gerus vir Liezel by 071 885 9374. **Geen beperking op die hoeveelheid kaartjies per persoon.** Kaartjies word per e-pos of faks aangestuur.

REËLS:

1. Trekking is finaal en pryse is nie onderhandelbaar nie.
2. Wenner word telefonies gekontak en moet self die prys kom opeis voor 15 Augustus 2020.
3. Die wenner van die jagpakkette moet self met die plaaseienaars onderhandel oor die jagdatum.
4. **Sluitingsdatum: 17 Mei 2020. Trekkingsdatum: 21 Mei 2020**
5. Trekking word gedoen deur onafhanklike ouditeure.
6. Wenner se name word bekend gemaak aan publiek op KTO se Facebookblad, 21 Mei om 17:00.
7. Uitbetaling van pryse onderhewig aan wagtydperk tot jagpakkette verkoop word.
8. Indien kaartjies elektronies gekoop en nie binne 1 week ontvang word nie, kontak asb. vir Liezel.

HOE KIES EN LAAI JY "NUWE" DRYFMIDDELS?

Vind die ideale lading...

Die meeste van ons se RDM/Somchem-dryfmiddels is lank reeds opgebruik. Noodgedwonge moet ons nou alternatiewe dryfmiddels ondersoek, of gaan jy wraggies nou ophou skiet en jag? Helmut Steidler van Inyathi Sporting Supplies het goedgunstiglik vir my Hodgdon se IMR4350 en Varget-dryfmiddels laat aflewer by Safari Outdoor in Boksburg om 'n paar toetse mee te doen.

Ons eerste dilemma is, watter dryfmiddel kies jy? Dit is eintlik die makliker deel van die vraag, en my mening is in kort:

- Kies 'n dryfmiddel wat deur die vervaardiger aanbeveel word as geskik vir jou kaliber/komponent-kombinasie. Begin altyd deur die dryfmiddelvervaardiger se webblad of herlaaihandleiding te bestudeer, want hy het sekerlik die beste raad oor sy eie produk;
- Kies die dryfmiddel wat reeds by jou voorkeurhandelaar beskikbaar is, en bevestig dat hulle voorsien dat dit nog vir

'n geruime tyd beskikbaar sal wees – jy wil sekerlik nie môre weer dieselfde paadjie loop nie;

- Doen vergelykende simulasies van verskeie dryfmiddels met interne ballistiese programme soos QuickLOAD of Gordons Reloading Tool. Let veral op na die aanwysers van geskiktheid soos die persentasie van dopvulling en ontbranding, die trompsnelheid en die kamerdruk;

Lees en vra wyd rond oor ander skuts se ondervinding en aanbevelings sodat jy 'n verstandige en goed ingeligte besluit kan neem. (Onthou: Alle inligting is nie noodwendig goed nie, veral sommige op sosiale media, soos hierdie aanhaling op 'n Amerikaanse forum: *"I have just stumbled across this place as a result of running, dodging, weaving and looking for some refuge from the menacing hordes of pumped-up, blowhard, ex- and want-to-be soldiers and serial killers, all over YouTube et al."*)

Hou ook in gedagte dat daar waarskynlik deur die jare reeds duisende ander selflaaiers was wat met die beskikbare dryfmiddels ladings moes bepaal waarmee hulle heel tevrede was. Daarom voel ek gerus daaroor dat ons met alle aanbevole en geskikte dryfmiddels 'n aanvaarbare lading sal vind. Kies dus op 'n logiese manier vir jou 'n "nuwe" dryfmiddel, en begin daarmee laai en skiet.

Dit bring ons by die tweede, en dalk belangriker deel van die vraag: Hoe vind ek met 'n "nuwe" dryfmiddel die ideale lading?

Onthou dat die proses wat plaasvind tydens die afvuur van 'n patroon, dinamies is. Dit beteken dat elke komponent in daardie patroon 'n onderlinge invloed het op die werkverrigting van die ander komponente. Die uiteinde hiervan is dat, wanneer een komponent verander word, die resultaat daarvan meestal nie reglynig voorspelbaar is nie. Daar is dus altyd 'n mate van leer en weer probeer (*trial and error*) in ons

proses om die ideale kombinasie van komponente te vind. Dalk is dit juis in dié kombinasiewoord wat die kruks van die saak lê – sekere kombinasies van komponente (en die spesifieke samestelling daarvan) werk doodeenvoudig net beter as ander, soos die meeste herlaaiers dikwels self ondervind.

Net om jou weereens te herinner aan wat ons reeds weet:


- Kies akkuraatheid bo spoed. Skuts jaag dikwels hoë koeëlsnelheid na vir 'n platter trajek. Indien jy jou wapen/trajek/teleskoop-kombinasie deeglik ken, en die skietafstande bekend of gemeet is, is 'n plat trajek nie so belangrik soos die akkuraatheid, veiligheid en betroubaarheid van jou ammunisie nie. Moet NOOIT die maksimum koeëlsnelheid in vervaardigers se herlaaitabelle oorskry nie;
- Elke geweer het sy eie resep wat gevind moet word – en ander mense se ladings werk nie noodwendig in jou geweer nie;

FOTO 1



.22-250GR, 55GR NOSLER BALLISTIC TIP

FOTO 2



6MMXC, 85GR SIERRA GAMEKING

- Met 'n wetenskaplike benadering en deeglike analise van die data, verkry jy die ideale lading met relatief min skote;
- Maak seker van jou skietegniek en gebruik altyd 'n stabiele skietposisie met 'n stewige geweerrus.

MEET KOEËLSNELHEID

Dit bring ons by iets wat van UITERSTE belang is. Die mees (algemeen) betroubare manier om te verseker dat ons binne veilige perke bly, is die meet van koeëlsnelheid. Die aangeduide spoed in die meeste tabelle is dus die bepalende faktor, nie noodwendig die ladings nie. Jou wapen mag dalk meer of minder dryfmiddel gebruik om dieselfde spoed te behaal. Ek dink ELKE herlaai MOET sy ladings met 'n chronograaf toets en bevestig dat sy selfgelaaiede patrone veilig is om in sy wapen te skiet. Indien jy nie 'n chronograaf kan bekostig nie, leen een of koop een in 'n groep. Maar, groot asseblief, gebruik 'n chronograaf. Onthou die leuse: "Om te meet, is om te weet".

Indien jy jou vorige dryfmiddel met 'n "nuwe" een wil vervang, beteken dit seker dat jy reeds gelaai het en oor sekere resultate beskik. Die heel maklikste en beste is dan om daardie data (koeëlsnelheid) as verwysing te gebruik.

Ondervinding leer ons dat 'n spesifieke koeël mooi skiet wanneer dit 'n spesifieke wapenloop teen 'n spesifieke koeëlsnelheid verlaat. Dis sogenaamde *node- of sweet spot*-ladings.

Maklik: Begin ALTYD by jou "nuwe" dryfmiddelvervaardiger se voorgestelde minimum lading

en vermeerder daarvandaan geleidelik die lading (in klein stapies/inkremente) totdat jy jou "ou" koeëlsnelheid behaal. Nou kan jy rondspeel en daardie lading effens verfyn totdat dit die akkuraatste skiet.

Die alternatief is natuurlik om van nuuts af met jou gunsteling-metode vars nuwe ladings te bepaal. Een ding is seker, ons bepaal selde 'n mooi lading met min moeite en min skote.


WAT IS AANVAARBARE AKKURAAKHEID?

Vervaardigers maak dikwels 'n groot bohaai daarvan as hulle geweer in staat is tot 1 MOA (*Minute of Angle* – dis sowat 29mm @ 100m, 58mm @ 200m, 87 @ 300m, ensovoorts.) Hulle doen dit sekerlik omdat 1 MOA-groepe uitsonderlik is. Wees daarom baie dankbaar indien jy 'n geweer en ammunisie het waarmee jy 1 MOA-groeperings skiet. Baie lope, geld en skouers is al op geskiet op soek na die ewig ontwykende alles-in-eengat groepering, wat eintlik glad nie nodig is vir die meeste tipes skiet of jag nie.

HOE LYK DIE GROEPERINGS?

Neem in ag dat daar vyfskoot-groeperings vir Foto 1 en 2, en sesskootgroeperings vir Foto 3 geskiet is. Vir finale beoordeling verkies ek vyfskootgroeperings omdat die akkuraatheidspotensiaal daarmee groter is as met drieskootgroeperings. Sogenaamde wydlopers (*flyers*) wys duidelik met vyfskootgroeperings en kan dus geïgnoreer word.

Foto 1 toon die groeperings van ladings wat ek vir Dewald Steyn se .22-250 met 55gr Nosler Ballistic Tip-koeëls ontwikkel



het. Ek het doelbewus die ladings so aangepas, met beide dryfmiddels, tot hulle dieselfde koeëlsnelheid van 3 481vps lewer. In MOA-afmeting is die twee groeperings bykans identies, en sal beide dryfmiddels goed werk. Met Varget is die dopvulling 91.9% en ontbranding 96.8%, teenoor H4350 se 101.2% en 92.1%. Op grond daarvan is Varget hier dalk 'n kortkop voor.

Foto 2 toon die groeperings van ladings wat ek vir Dewald Steyn se 6mmXC met 85gr Sierra GameKing-koeëls ontwikkel het. Ek het doelbewus die ladings so aangepas met beide dryfmiddels, tot hulle dieselfde koeëlsnelheid van 3 171vps lewer. H4350 groepeer hier effens beter. Met Varget is die dopvulling 87.7% en ontbranding 99.1%, teenoor H4350 se 96.5% en 95.5%. Op grond daarvan is H4350 hier weer dalk 'n kortkop voor.

Foto 3 toon die groeperings van ladings wat ek vir Ian van Wyk se .308 Win met vier verskillende koeëltipes ontwikkel het, almal met Varget-dryfmiddel. Onthou: Moenie van 'n ge-

weer verwag om goed met slegs sekere komponente te skiet nie, toets en vind uit wat die geweer se voorkeure is om die maksimum akkuraatheid en optimale werkverrigting te lewer. Ian is baie in sy skik met al vier die groeperings, in ag genome elke koeël se unieke doel van skyf-skiet of jag.

GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

Wees wakker! Hodgdon is die verskaffer van verskeie dryfmiddelfabrikate, onder sy eie naam, asook van IMR-dryfmiddels. Die twee reekse kom uit verskillende fabriek en verskil beslis van mekaar. In ons geval is daar H4350 en IMR4350. Aangesien hulle eienskappe verskil, sal hulle ladings ook van mekaar verskil en is dit nie uitruilbaar met mekaar nie.

Ek volstaan by my vroeëre stelling dat die gewenste resultaat beslis verkry kan word met jou wapen en komponente deur bykans enige vervaardiger se aanbevole dryfmiddel vir jou kaliber te gebruik.

* Kontak Cassie via sy webblad www.mamba-reloading.co.za

Toe pres. Cyril Ramaphosa op 23 Maart die nasionale staat van inperking afgekondig het in 'n poging om die verspreiding van die Covid-19-virus (oftewel die Coronavirus) onder beheer te kry, het die wêreld vir die jagindustrie in Suider-Afrika onherroeplik verander.

LAASTE HOOP VIR DIE 2020-JAGSEISOEN

Tot en met 23 Maart het nie net jagplaaseienaars en jagondernemers nog hoop gehad dat die 2020-jagseisoen op een of ander wyse sou kon voortgaan nie, maar diegene wat reeds jagte bespreek en deposito's betaal het, het geglo dat hulle sal kan gaan jag. Vir oorsese jagters wat Afrika gedurende die 2020-seisoen wou besoek, het dinge egter voor die staat van inperking hier aangekondig is, alreeds kritieke afmetings aangeneem.




Plaaslike biltongjagters word, net soos internasionale trofeejagters, ook geraak deur die huidige situasie. Die gevolg is dat jagplaaseienaars se inkomste daaronder ly.

In lande soos Italië en Spanje het groot gedeeltes van die bevolking toe reeds in afsondering geleef en die gesondheidstelsels in hierdie lande het as gevolg van die groot getalle mense wat

met die virus besmet was, kop bo water probeer hou. In die VSA, wat onlangs as die episentrum van besmettingsgevalle wêreldwyd gekroon is, is die situasie ernstiger as ooit.

Die meerderheid oorsese jagters wat Afrika besoek, is van die VSA afkomstig, en die beperkings wat op internasionale reisigers ingestel is sedert die ontstaan van die pandemie, hou katastrofiese gevolge vir ons jagindustrie in. Kliënte wat reeds maande of selfs jare gelede jagte in Afrika bespreek het, moet nou noodgedwonge hierdie jagte kanselleer of uitstel, wat op sy beurt weer baie ernstige gevolge vir jagondernemings en professionele jagters tot gevolg het. Een bekende Noord-Kaapse jagondernemer het aan my genoem dat net mooi al sy jagte vir

BLOED IN DIE STRATE...




Die impak van Covid-19 op die jagindustrie.

Ander sektore soos die toerismebedryf ly ook onder die gevolge van die Covid-19-virus. Hierdie foto is in die Addo-Olifant Nasionale Park geneem.



Dit is werkers soos hierdie slagter wat 'n groot risiko loop om hulle werke te verloor as gevolg van die Covid-19-pandemie en die gevolglike ineenstorting van die jagindustrie.



Spesies soos buffels was tradisioneel 'n groot bron van inkomste vir die jagindustrie.

die seisoen (saam met oorsese kliënte) gekanselleer is, en dat hy waarskynlik nie gaan kan bekostig om sy personeel tot na Junie in diens te hou nie. Ek vermoed hy is nie die enigste jagondernemer wat homself in só 'n situasie bevind nie.

DIE WAARDEKETTING VAN JAG

As ons vlugtig na die waardeketting van die jagindustrie kyk, dan is dit duidelik dat dit nie net jagplaaseienaars en jagondernemers is wat onder die Corona-virus deurloop nie. Elke jagplaaseienaar en jagondernemer het personeel soos gidse, spoor-snyers, slagters en ander werkers in diens. Soos met enige besigheid, is gesonde kontantvloei, tesame met wins, 'n voorvereiste vir sukses, en die huidige krisis het effektief die einde van kontantvloei vir baie werkgewers in die jagindustrie beteken. Die vrees is dus dat getroue werknemers wat al vir jare direk by die jagindustrie betrokke is, die wesenlike gevaar loop om hulle werk te verloor. Dieselfde geld uiteraard vir die wildteel en wildvangindustrieë: sonder die broodnodige dollars

en rande wat deur jagters bygedra word, is daar nie meer 'n aanvraag na lewende wild nie.

Die waardeketting stop ongelukkig nie by jagplaaseienaars en jagondernemers nie. Professionele jagters, en selfs die gewone jagter het almal voeteuie nodig waarmee hulle Afrika se bosse aandurf, asook gewere, ammunisie, teleskope, en ander noodsaaklike jagtoerusting. Dus bevind voertuighandelaars, geweerwinkels, en ander diensver-

skafters en handelaars in die jag- en buitelewe-sektore hulle in dieselfde bootjie, alles te wyte aan die Coronavirus. Ook hier kan ons dus werksverliese en inperkings verwag, en ek sal ook nie te verbaas wees as baie handelaars in hierdie sektore net eenvoudig nie weer hulle deure oopmaak nie. Aanlynverkope maak tot 'n baie mindere mate op vir die verliese, maar dít is wat vyf weke sonder inkomste kan bewerkstellig. Tragies.

Selfs verder af met die ketting kan ons diegene wat meer gefokus is op die plaaslike jagter ook in dieselfde asem noem. Die meeste plaaslike biltongjagters maak van slaghuise gebruik om hul welverdiende wildsvleis elke jaar te bewerk. Alhoewel slagters as noodsaaklike voedselverskaffers geklassifiseer is in

die huidige noodtoestand in Suid-Afrika en dus steeds kan handel dryf, was dit gewoonlik van April elke jaar duidelik dat die meeste slaghuise fluks besig is om hulle kliënte se wildsvleis te bewerk tot heerlike biltong, droëwors, en ander snitte geskik vir die tafel. Vanjaar is die slaghuise egter onheilspellend stil in hierdie opsig.

Baie besoekende jagters maak ook jaarliks van die geleentheid gebruik om, óf voor, óf na die afloop van 'n jag in Suid-Afrika, van die land se ander beroemde toerismebestemmings, soos byvoorbeeld die Nasionale Krugerwildtuin en die Wes-Kaapse wynroetes te besoek. Hierdie gewilde bestemmings is grotendeels gesluit as gevolg van die pandemie, dus is die ekonomiese druk ook hier groot. »



'n Menige jagkamp soos hierdie, wat teen groot koste gebou is en afhanklik is van inkomste wat deur jagters gegenereer word, is tans onbenut as gevolg van die pandemie.

» **BOTSWANA OOK ONDER DRUK**

As ons die fokus verder noord skuif na sommige van ons buurlande, is dit duidelik dat hulle die impak van die Covid19-pandemie ook geensins vrygespring het nie. In Botswana is die veelbesproke heropening van dié land se eerste amptelike jagseisoen sedert 2014 in gedrang as gevolg van reisbeperkings. Verder het die afname in werksgeleenthede die druk op die land se renosterpopulasie as gevolg van stropers, ook merkbaar laat styg gedurende die afgelope maand of twee.

Die druk op China om baie strenger op te tree teen die onwettige handel in produkte soos renosterhoring, het ongelukkig geensins 'n afname in die vraag na sulke goedere teweeggebring nie. Die Botswana-weermag was veral die afgelope paar maande in verskeie skermutselings met stropers in die Okavango-delta betrokke. Op 11 Maart is 'n Botswana-soldaat dood in só 'n geveg met stropers op die baie bekende Chief's Eiland in die delta.

BENARDE SITUASIE IN ZIMBABWE

In Zimbabwe is die situasie selfs erger. Dié land se natuurbewaringsowerhede is feitlik geheel en al afhanklik van fondse wat uit toerisme soos jag, verdien word. Die ineenstorting van die jag- en natuurluwe-toerismesektore as gevolg van Covid-19 (tesame met 'n staat van inperking wat op 30 Maart deur pres. Emmerson Mnangagwa afgekondig is) impliseer dus dat die natuurbewaringsowerhede in dié land oor feitlik geen inkomste en dus geen fondse beskik om belangrike take soos anti-stropingspatrollies, die pomp van water, en die instandhouding van paaie en ander infrastruktuur, te kan behartig nie.

In baie gedeeltes van Zimbabwe word gejag op grond wat tradisioneel aan die plaaslike bevolking behoort het. Hierdie tradisionele bewoners is grootliks afhanklik van die inkomste wat uit jag in hulle areas gegene-

reer word vir hulle daaglikse benodigdhede soos kos en water, en daar heers geen twyfel dat die skielike gebrek aan inkomste in areas soos hierdie tot 'n grootskaalse eskalاس in wildstroping sal ly.

Baie mense wat normaalweg in stedelike gebiede van Zimbabwe woon, het ook met die aanvang van die krisistydperk uitgewyk na landelike gebiede. As gevolg van die erge droogte in Zimbabwe in die onlangse verlede is daar egter nie genoeg kos in baie van die landelike gebiede nie, en die noodwendige gevolg is 'n toename in stroping vir sogenaamde "*bush meat*". Die Coronavirus het Zimbabwe dus tot op die randjie van 'n ekonomiese afgrond gelei, en is ook terselfdertyd 'n enorme bedreiging vir die oorblywende wildlewe van dié land.

DIE PAD VORENTOE

Dit is nie moontlik, op hierdie stadium, om die pad vorentoe, en meer belangrik, die einde van die Covid-19-krisis, te voorspel nie. Wat wel soos 'n paal bo water uitstaan is dat die jagindustrie in Afrika onherroeplik deur die pandemie verander is. Afhangende van hoe lank die situasie gaan voortduur, is dit waarskynlik onafwendbaar dat sommige ondernemers en plase om finansiële redes sal ondergaan, en die rippleffek daarvan sal vir baie mense tragiese gevolge inhou.

Indien die verspreiding van die virus egter op een of ander manier in die komende maande onder beheer gekry kan word, sal daar egter wel 'n sprankie hoop wees vir die jagindustrie. Jagte kan uitgeskuif word na latere datums, en verskeie Botswana-gebaseerde, professionele jagondernemers het reeds dié land se regering versoek om die amptelike jagseisoen na Oktober of selfs Desember te verleng.

In Suid-Afrika, met die jagindustrie wat oorwegend in private beheer is, is 'n verlenging van die jagseisoen dalk ook iets wat sterk oorweeg behoort te

As gevolg van reisbeperkings is dit tans onmoontlik vir buitenlandse jagters soos hierdie Australiese jagter om SA te besoek.



word, veral uit die oogpunt van plaaslike jagters wat oorwegend sogenaamde biltongjagters is, en ook in die lig van die onsekerheid van wanneer reisbeperkings vir besoekende oorsese jagters opgehef sal word. Baie jagplase het ongetwyfeld groot getalle wild op hierdie stadium, en hierdie wild se getalle sal op een of ander manier verminder moet word ten einde ander nadelige gevolge soos oorbeweiding en vrektes later in die jaar te voorkom.

Die geleentheid om broodnodige inkomste te genereer, al is dit later in die jagseisoen, sal ook ongetwyfeld vir beide jagondernemers en grondeienaars 'n baie welkome finansiële inspuiting wees wat hulle in staat sal stel om die gevolge van Covid-19 te oorleef.

ROL VAN DIE REGERING

Dit is baie opmerklik dat die Suid-Afrikaanse regering tot dusver feitlik nie 'n woord gerep het wat direkte finansiële hulp aan die plaaslike jagindustrie aanbetref nie. Dit is wel so dat daar noodreddingsfondse in die lewe geoep is, onder andere as gevolg van ruimskootse skenkings deur die Rupert-familie en andere, maar geen van hierdie fondse is na my wete direk geoormerk vir die jagindustrie nie.

Hierdie toedrag van sake is 'n bron tot kommer, veral in die lig van die feit dat die jagindustrie

'n groot werkverskaffer is aan veral voorheen agtergeblewe persone in minder ontwikkelde areas van ons land. Sou hierdie persone hul werk en inkomste verloor, en noodwendig hiermee saam hulle vermoë om vir hul gesinne te sorg, mag die sosiale impak van hierdie werksverliese dalk vir baie lank nog gevoel word, veral in landelike gebiede waar die nood reeds erg druk.

Die regering erken nie graag die belangrike rol wat die jag- en wildbedryf in Suid-Afrika speel nie. Met die uitbraak van Covid-19 het die tyd dalk aangebreek om hierdie situasie te verander, en moet daar daadwerklik na hulp vir hierdie belangrike industrie gekyk word. Miskien is 'n finansiële reddingsboei, of selfs net 'n effense verslapping in die maatreëls wat die handel van klein ondernemings soos geweerwinkels aanbetref, nie op hierdie stadium 'n slegte idee nie. Intendeel, dit mag dalk vir baie van dié klein ondernemings die verskil tussen sink of swem in die volgende paar maande beteken.

Covid-19 se impak sal vir nog lank met ons wees, selfs lank nadat die verspreiding van die virus onder beheer gekry is. 'n Mens kan net die hoop uitspreek dat die ligpunt aan die einde van die tunnel vroeër eerder as later sigbaar sal wees, en dat die jagindustrie gou weer sy voete sal vind. 🍀

la.va®

VACUUM PACKAGING

Kwaliteit ingevoerde vakuumpakkingsmasjiene
en vleisverwerkingstoerusting
Tweejaarwaarborg.



SA JAGTERSLEDE MET BEWYS VAN LIDMAATSKAP KRY

- 5%-AFSLAG OP MASJIENE
- 10%-AFSLAG OP SAKKIES

Besoek ons aanlynwinkel by www.lava-sa.co.za

E-pos: info@lava-sa.co.za | anneke@lava-sa.co.za

Sel: 072 160 5556

NG Moedergemeente Delmas

Tel: 082 524 8041 | E-pos: potgietercp@telkomsa.net



**Een van twee jagpakkette ter waarde van R30 000
vir slegs R200**

Pakket 1

- 3 Rooibokramme
- 1 Blouwildebeesbul
- 1 Koedoebul
- 1 Waterbokkoei
- 5 x Nagte verblyf (selfsorg)

Pakket 2

- 5 Rooibokramme
- 1 Blouwildebeesbul
- 2 Koedoekoeie
- 1 Waterbokkoei
- 1 Gemsbok
- 5 x Nagte verblyf (selfsorg)

Sluitingsdatum is 3 Mei 2020

Trekking: 17 Mei 2020 na die Erediens

Die jag sal om of in die Julie-vakansie wees.

Vraag: In watter distrik is die jagplaas geleë?

OTTERSKLOOF
PRIVATE GAME RESERVE
★★★★

Sharing stories since 1987



A PREMIER BILTONG HUNTING DESTINATION IN SOUTH AFRICA

- * 14000 ha of ever-changing vistas
- * 26 km of uninhabited shoreline
- * 30 years of wildlife conservation
- * Game in abundance

m +27 (0)71 332 9939 e hunt@otterskloof.com w www.otterskloof.com

Reëls:

1. Kaartjies vir die jag beloop R200 per inskrywing – inskrywings is onbeperk.
2. Die beslissing na die trekking op 17 Mei 2020 is finaal en geen korrespondensie sal gevoer word nie.
3. Geen pakket sal vir kontant geruil word nie.
4. Die wenner moet op eie onkoste by die jagplaas kom en terug.
5. Wild wat in die vier dae nie gejag word nie, is nie oordraagbaar nie.
6. Gekwete bokke wat nie gevind word nie, sal die pryswenner se verlies wees. Die PH en gidse sal als in hul vermoë doen om gekwete diere te probeer kry.
7. Slegs twee jagters op 'n slag sal in die jagveld toegelaat word.
8. Die wenner sal na die trekking gekontak word.
9. Die plaas lê 30km oos van Musina. Die noordelike grens lê vir 6km teen die Limpopo en die suid-oostelike grens is die Njelele-rivier waarlangs die kamp geleë is.
10. Die kamp is boomryk met 'n swembad, drie chalets met lugreëling, braai-plek en 'n dek langs die rivier.
11. Kombuis is ten volle toegerus met yskas, vrieskas en koelkamer. Sitkamer en genoeg stoele by braai-area.
12. Verblyf vir ses persone. Beddegoed en handdoeke is beskikbaar.
13. Fooie vir gidse, slagters en bediendes sal deur die eienaar gedra word.

**Skrif in deur soveel
R200-kaartjie/s te koop
as wat jy wil en deur die
geld in die volgende se
bankrekening in te betaal
met jou
SELNOMMER – NAAM
as jou verwysing.**

**BANKBESONDERHEDE:
NG Moedergemeente
Delmas
ABSA-BANK
TAK-NO: 632005
REK-NO: 850590044**

Daar sal altyd 'n paar bekende handelsname met 'n reputasie wees, goed of sleg, en mense sal lewenslank lojaal bly teenoor dié bekendes, soos byvoorbeeld Land Cruiser, Nissan Patrol, CZ, Sako, Tikka, Hilux, en Ranger, om net 'n paar te noem. Dié loyaliteit verskaf gewoonlik baie ure se vermaak en lang argumente rondom braaivleisvure.

Nog 'n handelsnaam met 'n groot aantal aanhangers, is groen... John Deere-groen, en om presies te wees, die nuwe John Deere Gator XUV865E Diesel Crossover Utility Vehicle.

Ek het tydens die 2019 SAJWV-gholfdag vir die eerste keer dié nutsvoertuig, wat deel is van John Deere se Gator-reeks, onder oë gehad. Hy was een van 'n paar voertuie wat op putjie een van die baan uitgestal was en hierdie model met sy behoorlike skietraam, het onmiddellik my aandag getrek. Ek het my verbeeld ek het 'n geweer in die hand toe ek daar agterop hom klim.

Ek was aangenaam verras toe ek 'n week later gevra word om een van die Gators te gaan toetsbestuur en 'n verslag daaroor te skryf. Ek het die betrokke Gator gaan haal en was kinder-

lik opgewonde om te sien dat die verskaffer die een met die skietraam beskikbaar gestel het. Met dié Gator op 'n sleepwa, het ek die pad gevat noorde toe, na my ouers se plaas net anderkant Nylstroom, in die Waterberge.

GEHALTE-EIENSKAPPE

Die bekende bokkie-embleem op alle John Deere-toerusting en -voertuie verteenwoordig die goeie gehalte waarvoor dié maatskappy bekend is. John Deere se geskiedenis strek immers al vir ver meer as 'n 100 jaar.

Tydens die toetsbestuur op die plaas was dit dadelik duide-

lik dat die Gator ongelooflik eenvoudig is om te hanteer en te bestuur. Dit was veral opvallend hoe gemaklik hy oor die rowwe grondpad na die plaashuis gery het. Dié pad is gemaak vir bakkies of voertuie met 'n hoë grondvryhoogte, maar met dié Gator was dit nie eens nodig om versigtig te wees en my voet van die petrolpedaal te lig nie. Te danke aan sy volle onafhanklike, tweeledige A-arm-suspensie (wat die veerkrag verleen) voor en agter, en wielreis (*wheel travel*) van amper 24cm, het die beheer van die voertuig my stomgeslaan. Ek sal hierdie spoed oor rowwe terrein nie durf waag met my eie voertuig nie. (Om 'n twispunt te vermy sal ek eerder nie sê water Toyota-model ek besit nie.)

SPOED, SPASIE EN KRAG

Ek was iewat bekommerd oor die feit dat die jagraam 'n redelike gewig toevoeg tot die Gator, veral as jy 'n paar jagters agterop laai en dan nog boonop mense het wat voorin sit. Maar ook hier het die Gator hom goed van sy taak gekwyd. Die vervaardiger »

JOHN DEERE SE NUTTIGE GATOR



In die hartjie van die Waterberge. Ons het 'n behoorlike klim-en-klouterroete met die John Deere Gator XUV865E Diesel Crossover Utility Vehicle tot bo-op die berg gery. Daar is ons beloon met 'n pragtige uitsig.

NIGHT FURY

REIMAGINED REDESIGNED

READY TO SILENCE YOU

IT'S ALMOST HERE

SILENCERS | MUZZLE BRAKES | RANGE SHIELDS | GUN ACCESSORIES | WWW.BBG.ENGINEERING | 012 653 0023

ADVERTEER/ADVERTISE

JAGTER HUNTER

SUID-APRKAANSE - SOUTH AFRICAN

Kontak/Contact:
Jacques Boshoff

Tel: 012-485-9357

Sel: 079-528-8793

jacques.boshoff@media24.com



SA Reloader™



SA Tumbler



MADE IN
SOUTH AFRICA

Reloading trays



SA Case Prepper



078-354-6262 | hello@satumbler.co.za
Website: <http://sareloader.co.za/satumbler>

MILITES DEI ACADEMY

Studeer verder in
**Militêre-styl Opleiding en
Geakkrediteerde Kwalifikasies**

Vir die klasgeld en registrasievorm, e-pos
aan amareza@militesdei.com of skakel
081 478 8018 of **013 749 0004**.
www.militesdei.com/blog.

Witrivier, Mpumalanga ★

Verantwoordelikheid,
leierskap, fiksheid, etiese
waardes en respek vir
tradisie is van die waardes
wat die Milites Dei
Akademie, 'n militêre-styl
opleidingsinstelling, by sy
studente kweek.

Durban Easter

Knife Show

2020

aha Gateway Hotel

Cnr Centenary Blvd & Twilight Dr, Umhlanga Ridge
Beatrice 082 908 0064 • www.africanblade.com

For the best handmade knives under one roof!

Friday
10 April
10am – 6pm

Saturday
11 April
9am – 4pm

» se statistieke reken dat die Gator 'n topspoed behaal van 32 myl per uur (51km/h) en, gelaai met drie volwassenes, twee kinders en 'n GSP-jag hond, was ons topspoed nie ver daarvan nie.

Die sitplek in die kajuit is gemaak vir drie mense en ons was twee volwassenes en 'n kind wat gemaklik gesit het. Die Gator kan agterop 'n gewig van 454kg dra en selfs naby aan 'n ton sleep. Met my navorsing en ondervinding van soortgelyke voertuie, vind ek dat daar nie een ander fabrikaat is wat hierby kan kers vashou nie. Dié nuttige voertuig kan selfs tydens 'n jagtog ingespan word, mits jy 'n sleepwaentjie haak om bokke te vervoer, want met twee jagters agterop, is daar min plek vir 'n bok of twee. Kleinwild soos vlakvarke en rooibokke behoort egter nie 'n probleem te wees nie.

Die 854cc-dieselenjin maak 17kW wat 22.8 perdekras gee en 48Nm-wringkras teen 2 600rpm – meer as genoeg vir my. Die Gator het ook 'n 42.2 liter-tenk. Ek het nie spesifiek die diesilverbruik gemeet nie, maar ek het die tenk volgemaak voordat ek hom begin gebruik het. In die meer as 'n week wat ek hom op 'n gereelde basis op die plaas gebruik het, het ek gesukkel om die dieselmeter te laat sak. Ek het die Gator aan John Deere terugbesorg met 'n tenk wat omtrent nog 'n driekwart vol was.

Die diesilverbruik is dus goed en die gebruik van hierdie nutsvoertuig beslis ekonomies voordelig vir daaglikse gebruik op die plaas.

OOR ROWWE PAAIE

Nadat ek goed bedrewe geraak het met die Gator, het ek besluit om die Waterberge aan te durf en sodoende die voertuig se 4x4-vaardighede op die proef te stel. Maar toe my passasiers besef waarheen ek my roete beplan, het hulle besluit om nie saam teen die steil bult op te ry nie en dit liever van 'n veilige afstand te aanskou. Ek moet bieg, toe ek met die roete begin, het ek self die wysheid van my besluit betwyfel aangesien daar nie regtig 'n pad was om te volg nie.

Weereens is ek verras, want die roete was so steil dat ons binne 60m bo die vertrekpunt was. Met die omdraai en afkomsag kon ek egter voel dat die jagraam die voertuig so 'n bietjie *top-heavy* (soos die Engelse sê) maak en dit het my 4x4-vernuif van lank gelede goed getoets – ek moes verseker dat ek en die Gator in een stuk weer onder uitkom! Tog dink ek wel dat selfs sommige van die beste 4x4-bakkies sou sukkel om te ry waar ek met die Gator gery het. Oom Basie, wat die berg baie goed ken, het ook gesê dat die Gator se 4x4-vermoë hom stomgeslaan het.

Vir 'n lang man soos ek het die skietraam baie lekker gewerk. Omdat die voertuig lig is, moet die passasiers doodstil sit as jy wil skiet.

IETS VIR ALMAL

Met 'n groot verskeidenheid Gators in die reeks is daar verseker iets wat jou aandag sal trek en wat aan jou behoeftes sal voldoen. Die model wat ek getoets het, het 'n oop kajuit sonder 'n windscherm. Die “deure” bestaan uit 'n sterk veiligheidsgordel-tipe materiaal wat vasknip. Sommige van die ander modelle in die

reeks (waarvan die kajuit toe is) het selfs lugversorging.

Dan is die hoofligte ook baie doeltreffend, sou jy 'n behoefte hê om in die aand te ry.

* Besoek gerus jou naaste John Deere-verskaffer of hulle webwerf by www.deere.com om te kyk na die reeks Gators wat beskikbaar is, of kontak hulle by 011-437-2600. 📞



Die baie praktiese kajuit van die Gator met “high”-, “low”- en “neutral”-opsies op die ratkas, asook 'n skakelaar vir tweewiel- en vierwiel-aangedrewe bestuur. Die stuurwiel se hoogte kan stel vir jou gerief.




Die veiligheidsknip op die deure verseker dat dit goed toe is, maar jy sal ook dadelik agterkom indien dit nie is nie.



Die 4x4-roete in die Waterberge. Die roete het hier begin en my passasiers het besluit om uit te klim en eerder te wag.





HUNTING AND FAMILY LODGE NORTH WEST PROVINCE

**SITUATED 35KM
FROM Brits on
the R511**



- Privately owned lodge
- Luxury self-catering accommodation
- Function venue and conference facilities
- Bar with big screen TV • Game drives
- Trophy and biltong hunting season May to August 2020
- 12 Species available
- Fridge facilities available for game storage
- Guides and hunting vehicles

For booking or info:

082-558-4518 / 071-087-4444

Email: info@ezulwinigame.co.za



RANYATI

FIREARM MOTIVATIONS (PTY) LTD

Office

www.firearmmotivations.co.za

Tel: 087 151 0987 | Fax: 086 529 2791

Email: info@firearmmotivations.co.za

Motivations - Occasional hunting & sport shooting, Dedicated hunting & sport shooting, & Self-defence | Renewals | Appeals | Deceased Estate - Firearms
Firearm Storage

Dovetail Wooden Boxes

- Standaard-ammunisiekassie: R470
- Graverig ekstra.
- Kan landswyd koerier @ R100
- 100gat-rubber/hout-herlaaiborde. R250
- 50gat-rubber/hout-herlaaiborde. R200
- Kan twee herlaaiborde vir R100 koerier.

IDEALE GESKENK

Lizelle Louw: 083-257-4041 | E-pos: lizellelouw@gmail.com
www.dovetailwoodenboxes.com

BLITZ BLADE SHARPENER

Any blade super sharp
in a **Blitz!**

0823761835
mooiblitz@gmail.com
www.blitzblade.co.za

Includes 2 belts

VECTOR OPTICS PREMIUM SCOPES

Excellent Optical Performance. Satisfying Perfectionists!
Challenging the World's Best Brands with Fair Price

- German optical system
- Clear Schott glass lenses
- 30 mm Monotube
- Long eye relief (100 mm)
- Adjustment 1/8 & 1/16 mil
- Side focus
- Glass mil-dot reticle
- **RED illuminated**
- Honeycomb sun shield
- FREE Picatinny mounts

SCOPE MOUNTS

Premium-quality, Stress-free Mounting
Ultimate Repeatable Accuracy & Reliability

Quick-detachable Pivot Mounts

Quick-detachable Picatinny rings with lever with perfect repeatable zero

Mounts for Sako Tikka, Blaser R8 / R95, Docter sights and sporting rifles

Vector rings from R500

For more info visit
www.eaw.de/en/service/online-catalogue.html

Model	Price
PARAGON - German Style: 1,2-6x24mm	R5 900.00
2-10x50mm	R7 500.00
3-15x50mm	R8 500.00
4-20x50mm	R8 900.00
6-30x56mm	R9 600.00
PACER - Air Rifle & .22: 3-9x40 x 1"	R 990.00
GRIZZLY - Bos & Vlakke: 2,5-10x56mm	R3 750.00
3-12x56mm	R3 900.00
FORESTER - Value For Money: 2-10x40mm	R3 900.00
3-15x50mm	R4 500.00
REAPER - Multi-coated III: 6-24x50mm	R4 600.00
SENTINEL - Multi-coated III: 6-24x50mm	R4 950.00
TAURUS - 6xZoom Focus III: 5-30x56FFP	R8 900.00

RED DOT SIGHTS
SCRD-10A R2 944.00
SCRD-10C R2 944.00

LASER RANGEFINDERS:
Rover 6x30x600m R3 990.00
Aurora 8x30x1200m R5 990.00

TOOL Fair Cell: 082 566 2332 | wilhelm@toolfair.co.za Visit www.toolfair.co.za to view range

ARMTEC SYNTHETIC STOCKS

P. O. Box 20481, Noordbrug, 2522 (Potchefstroom)
Chris 082 853 7134, Office (Daleen) 083 531 5860
Fax 0866 284 893 • www.armtec.co.za

Manufactured from multi-layered fibreglass cloth, laminated under pressure and filled with hi-tech composite materials. Finished in non-slip, chip-resistant epoxy coating. Available for Lee-Enfield, P14 and Brno.

Custom-built stocks for all other makes.

MagnetoSpeed

FISHERS SHOOTERS

Wholesale & Retail
018-632-1293
marlene@fishers.co.za

Zingela LIMPOPO SAFARIS


Be one of the lucky few individuals, to hunt on this amazing 27 000 hectares reserve.

- Abundant game, astonishing sunsets.
- A true diamond in the Bushveld.
- We book **corporate groups** of minimum six hunters and three nights minimum stay.

Contact Michelle vd Merwe
Tel: 073-574-8818 | E-mail: michelle@zingela-reserves.com
www.zingelalimpoposafaris.com | Zingela Limpopo Safaris

FUN PAGE

FOR THE YOUNG ONES ANSWERS



Leopard tortoise

Buffalo weaver

Antlion

Rhino beetle

Elephant shrew

OM TE ADVERTEER IN JAGTERSMARK, KONTAK: Rina Hattingh

Tel: 012-485-9361 | Sel: 072-605-4897 | E-pos: rina.hattingh@landbou.com

JAGGELEENTHEDE | HUNTING OPPORTUNITIES

UITZICHT GAME LODGE

Fouriesburg, Oos-Vrystaat.
Drie ure vanaf Johannesburg.
Skilderagtig mooi met tien
spesies om te jag. Jag reeds
20 jaar slegs met SA jagters.
Elande, blouwilbeeste,
blesbokke, springbokke en
ander.
Hannes: 082-856-7181
hb@prohb.co.za
www.uitzichtgamelodge.co.za

SHELDRAKE GAME RANCH, MUSINA, LIMPOPO

Ons jag sedert 1982.
Ons bied jag aan vir biltong-
sowel as trofeejagters.
Gewone wild asook buffels
en swartwitpense. Vir pryse
en jagbesprekings kontak
Gerhard Minnaar by e-pos:
gerhard@sheldrake.co.za of
sel: 082-809-3523
www.sheldrake.co.za

LASARUS GAME FARM, ALBERTINIA/RIVERSDALE

Best hunting farm in the
Western Cape. No hidden
costs. Rifle/bow/biltong/
trophy hunt. Full/self-
catering. 45 species. Owner
is a professional hunter and
outfitter.
082-443-1147/082-448-3975
www.lasarusgamefarm.co.za
info@lasarusgamefarm.co.za

EBENEZER SAFARIS, CUMBERLAND

Jaggeleentheid teen Limpopo-
rivier. Goed toegeruste
jagkamp.
Ingerig vir families en
korporatiewe groepe.
Slaggeriewe. Lapa. Boma.
Tariewe op webtuiste.
www.ebenzersafaris.co.za
marleeksteen@ymail.com
083-489-2114

JAGTERSMARKVORM | HUNTERS MARKET FORM

Die advertensie sal verskyn onder JAGTERSMARK/HUNTERS MARKET.

JAGTER
HUNTER

MEDIA 24

ADVERTENSIE: KIES EEN (X)

A = R355 - 20 woorde (opskrif uitgesluit) - Net bewoording

B = R1 080 - Swart/wit bewoording met kleurlogo ingesluit - 40mm Wyd x 105mm Hoog

C = R635 - Swart/wit bewoording met kleurlogo ingesluit - 40mm Wyd x 50mm Hoog

Die sluitingsdatum vir die advertensies is 30 dae voor die volgende maand se uitgawe.

Geen advertensie sal geplaas word sonder 'n volledig voltooide aansoekvorm en betaling nie.

Pryse is BTW ingesluit. Rates are VAT included.

ADVERTENSIE VIR:

		(maand)
tot		(maand)
Bedrag inbetaal	R	

BANKBESONDERHEDE: Media24 Die Burger | ABSA | Rekening: 0550000059
Takkode nodig vir elektroniese inbetalings: 632005
Gebruik u Media24-rekeningnommer as verwysing, indien u een het. Andersins,
naam en van of in die geval van 'n besigheid, die besigheid se naam.

E-POS BEWYS VAN BETALING NA: rina.hattingh@landbou.com

KATEGORIE/CATEGORY: KIES EEN/CHOOSE ONE (X)

JAGGELEENTHEDE/ HUNTING OPPORTUNITIES	TE KOOP/ FOR SALE	GESOEK/ WANTED	DIENTE/ SERVICES	ANDER/ OTHER
BEWOORDING VIR ADVERTENSIE :				

OM TE ADVERTEER IN JAGTERSMARK, KONTAK: Rina Hattingh

Tel: 012-485-9361 | Sel: 072-605-4897 | E-pos: rina.hattingh@landbou.com

**JAGGELEENTHEDE
HUNTING OPPORTUNITIES****JAGGELEENTHEDE –
AUCH MACOY**

Agt kilometer buite Bloemfontein. Agt jagspesies. Selfsorgeenhede. Slag- en koelkamergeriewe. Skakel Davin: 079-870-0499 of Maryke: 051-407-6938 marykeb@satb.co.za

**NAAUWPOORT SAFARIS,
ELLISRAS**

Jaggeleentheid. Volop wild. Netjies, ten volle toegeruste jagkamp. Akkommodeer 18 persone. Korporatiewe groepe welkom. Vleisverwerking beskikbaar. Riana: 082-788-1883 E-pos: rd@dmv.co.za

**BILTONGJAG IN DIE
BEAUFORT-WES-OMGEWING**

10 000ha gemengde veld en tipografie. 22 spesies op plaas en 12 om te jag. Geen minimum getal jagers per groep. Kontak deur web: www.badshoek.co.za

THABA-E-ÉLANG, MOKOPANE

Two hours north of Pretoria. We cater for all your hunting needs such as trophy and biltong hunting. Bow or rifle hunting. Accommodation for six people. Max four hunters. Self-catering. Narizanne: 012-346-6305 thabaelang@diphofu.co.za www.thabaelang.co.za

**DIPHÔFU GAME LODGE,
MARBLE HALL/ROEDTAN**

1½ hours north of Pretoria. We cater for all your bushveld needs, such as trophy and biltong hunting. Lodge accommodates ten people. Full self-catering. Narizanne: 012-346-6305 hunting@diphofu.co.za

**SAND SPOOR SAFARIS –
THABAZIMBI**

Bushveld farm – 220km from

Pretoria. Well-equipped bush camp. Eskom power. Skinners, slaughtering and cooling facilities. Price list on website. paul@sandspoorhunt.co.za www.sandspoorhunt.co.za Paul Jordaan Cell: 083-227-3420

OUHOEK SAFARIS

Tussen Thabazimbi en Ellisras. Baie blouwildebeeste, rooi-bokke, koedoes, waterbokke en sebras. Uitstekende fasiliteite. Korporatiewe groepe welkom. Lewer ook volle spysenierdiens. Skakel Theuns: 082-779-3875

ALLDAYS LIMPOPO

Hunter's camp, accommodates eight people. Self-catering, Eskom power, skinners, hunting vehicle to drop and pick up. Fully equipped butchery. Zebra, impala, kudu, gemsbuck, wildebeest, eland, warthog. Enjoy mopani bushveld. Contact for prices and bookings. Memory: 083-207-8245/078-924-9768 or Chipomemory65@gmail.com

**THABAZIMBI –
GEWEER- EN BOOGJAG**

Luukse selfsorg-akkommodasie of boskamp. Ses spesies wild. Slag- en koelgeriewe. Skakel Hannes 079-420-0189/082-421-3182 E-pos: combretumlodge@gmail.com

**LEEUWSPoor SAFARIS –
PONGOLA**

Well-equipped game farm and camps. Skinners, slaughtering and coldroom facilities. Tiger fishing on lake Jozini. Enquiries: drhein@xsinet.co.za

**THABAZIMBI
BUSHVELD HUNTING**

Quality hunting with lots of game. Rifle and bow hunting. Self/full-catering. Family/Corporate groups welcome.

Phone/SMS/WA: 083-627-0350 Email: office@limcroma.com

**MORESON RANCH,
VREDE, VRYSTAAT**

Midweek-winskopie: Blesbok – R1 490. Blou- en swartwildebees, rooihartbees en nog vele vlaktespesies. Selfsorgeenhede, restaurant en kroeg beskikbaar. 058-913-9900/1 info@moresonranch.co.za

**SARDAVILLE
GAME & HOLIDAY RANCH.
WARDEN, FREE STATE**

Biltong hunting. Family functions. Fully equipped, self-catering. Contact: 082-921-2858 www.sardaville.co.za info@sardaville.co.za

**KALAHARI-JAG
MCCARTHY'S REST**

200km noord van Kuruman, 7km voor Botswana-grens. Vir pryslys en meer inligting, kontak Fernando: 082-224-5000 mabuabookings@gmail.com

**KALAHARI HUNTING –
NORTH WEST**

(Between Vryburg and Tosca) Twenty species. Self-catering, accommodating 18 (max four hunters in the field). Trophy and biltong hunting all year round. Cold-rooms, swimming pool, DSTV. www.sandveldhunting.co.za Slimkoos@sandveldhunting.co.za Koos: 082-900-3051

**INGULULE KALAHARI
HUNTING FARM**

Bekostigbare jag in Kalahari. 15 soorte wild op 3 000ha. Besonderhede op www.facebook.com/ingulule.huntingfarm.1 of kontak: Boesman: 082-842-3312 Marius: 083-627-8354 E-pos: kalaharimp@gmail.com



**BE ONE OF THE LUCKY
FEW INDIVIDUALS,
TO HUNT ON THIS AMAZING
27 000 HECTARES RESERVE.**

- Abundant game, astonishing sunsets,
- A true diamond in the Bushveld.
- We book Corporate groups of minimum six hunters and three nights minimum stay.

Contact Michelle vd Merwe Tel: 073-574-8818

E-mail:

michelle@zingela-reserves.com
www.zingelalimpoposafaris.com

Zingela Limpopo Safaris



**COME HUNT IN THE LOWVELD:
GRAVELOTTÉ**

Size of hunting area: 2 700ha

Sixteen species including buffalo and sable antelope:

- Special discount for groups of five or more.
- Comfortable tents on decks.
- Clean bathrooms, lapa, fully equipped kitchen.
- Self-catering or fully catered options. Camp serviced daily.
- Cool room, firewood, hunting guides and vehicles all included.
- Meat processing available on request.
- Professional hunters and outfitters welcome.

Jana: 082-555-3368

jana@chimoyo.com

Johan: 082-555-3367

johan@chimoyo.com

Website: www.chimoyo.com

OM TE ADVERTEER IN JAGTERSMARK, KONTAK: Rina Hattingh

Tel: 012-485-9361 | Sel: 072-605-4897 | E-pos: rina.hattingh@landbou.com

**JAGGELEENTHEDE
HUNTING OPPORTUNITIES**



PREMIUM SAFARIS – ELLISRAS

- 6 500ha-jagplaas.
- Ses boogskuilings.
- Geweer/boog.
- Boskamp en lodge beskikbaar.

E-pos vir pryslys.
Ig Steenekamp
Tel: 079-729-7986

E-pos: igsteen@vodamail.co.za



**BOSVELD BOOG- & GEWEERJAG
NABY DERBY, NW**

- ±120km vanaf Wes-Rand en Pretoria
- Elf spesies – (1 500ha)
- April tot September
- Agt kampe • Nege skuilings
- Koelkamer- en slagfasiliteite
- Akkommodasie:
Selfsorg en en-suite
Geen TV – slegs bos om jou
2 x boshuisies (klein)
(Slaap drie – met badkamer)
2 x boshuise (groot)
(Slaap ses – ablusieblok)

Vir verdere inligting en pryse,
kontak Alta:

079-181-6131/010-591-6850
of

E-pos: admin@wupfarm.co.za
www.bmbowhunting.co.za

DIENTE | SERVICES


**QUINTIN JORDAAN
ATTORNEYS**

Firearm licence and firearm appeal applications (100% success rate). Also sequestration and liquidation applications.

Phone: 082-805-0674 (Pretoria)

JUST MOTIVATIONS – R300

Custom firearm motivations. 100% success rate. Afrikaans/English. SMS email address to 082-567-8437 Johan Justus, retired SAPS Colonel.



Shop B1, 25 Lynette Street,
Nasdorp Centre, Kilner Park,
Pretoria



**ONE STOP
GUNSMITH SHOP:**

- AFFORDABLE PRICES
- Rebluing • Refurbishing
- Fitting of telescopes
- Custom rifle building
- Service, repair and cleaning
- Fitting and building of silencer
- Rifle stock repairs and refurbishing



TOKKIE: 083-310-4512
JOHAN: 084-406-6777

TE KOOP | FOR SALE



WELCOME TO SRS AND OPTICS

Manufacturer of
Premium Rifle Stocks



SKAAPBOER
KOLWE



PROFESSIONAL OPTICS



SRS and Optics stocks
a wide range of
Professional Optic Solutions

Johann: 082-410-6827

Email:

wjff0824106827@gmail.com

www.srsandoptics.co.za

TE KOOP | FOR SALE

**EENHEDE VIR INGEBOUDE
KOELKAMER VAN 4X4M**

Net die kompressor en twee-waaier-eenheid @ R10 000.
Waaier vir biltong @ R1 500.
Groot winskoop.
Peet: 082-785-1945

FOR SALE

.30-06 Musgrave: R8 000
.22 Hornet Brno: R6 000
Both rifles have Tasco scopes.
Contact Thys Louw at:
079-614-5382



**40% AANDEEL IN
100HA-WILDSPLAAS IN
BOSVELD
WAT DEEL VORM VAN
1 700HA-PLAAS**

- In 2019 genomineer in een van die kategorieë as beste wildsplaas van die jaar (WRSa).
- Baie wild, goeie bestuur, R1 500/pm heffing – alles ingesluit (plaasbestuur, werkers, onderhoud, ens.)
- Prys R790 000.

Skakel:

Johan by 082-453-2157
of
Nico by 083-675-2287
vir meer inligting.

Dankie aan al ons adverteerders, ons waardeur julle getroue ondersteuning.
Thank you to all our advertisers, we appreciate your loyal support.

**JAGTER
HUNTER**
SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN

Jacques Boshoff Tel: 012-485-9357 | Sel: 079-528-8793 | jacques.boshoff@media24.com

Rina Hattingh Tel: 012-485-9361 | Sel: 072-605-4897 | rina.hattingh@landbou.com

Ronnie Robbertze Tel: 012-485-9397 | Sel: 072-223-0533 | ronnie.robberze@media24.com



- PTT over Cellular
- GSM Coverage
- Real Time Tracking

INGE 078-258-9025
www.ptt-radio.co.za



Hornady


NEVER COMPROMISE

A T A N Y D I S T A N C E

ELD-X®

EXTREMELY LOW DRAG EXPAND

- Match-accurate hunting bullet
- Best-in-class BCs
- Devastating conventional range performance
- Best extended range terminal performance available



Available as component bullets or in factory-loaded Precision Hunter™ ammunition



2 660 fps




1 800 fps

ELD® Match

EXTREMELY LOW DRAG MATCH

- Best-in-class BCs
- Delivers the **highest degree of accuracy** and bullet-to-bullet/lot-to-lot **consistency**
- **Accurate**, radar-verified BCs



Available as component bullets or in factory-loaded Match™ ammunition.



Available at all participating dealers.
Contact Inyathi to locate your nearest dealer.



THE PERFECT TIP

The new **Heat Shield®** tip of the **ELD-X®** and **ELD® Match** bullet outperforms BTHP bullets because the tip's heat-resistant polymer defies the effects of aerodynamic heating and retains its shape to form the perfect meplat.

